- Casey, M 1994. Bernard's biblical mysticism: Approaching sermons on the Song of Songs 74. *Studies in Spirituality* 4, 12-30.
- Cull, F 2000. The Anglican way: A school for beginners, in Kourie, C & Kretzschmar, L (eds), *Christian spirituality in South Africa*, 100-124. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Cunningham, L S & Egan, K J 1996. *Christian spirituality: Themes from the tradition*. New York: Paulist Press.
- Du Toit, A B 1993. Lewenagemeenskap met God as essensie van Bybelse spiritualiteit. *Skrif en Kerk* 14(1), 28-46.
- Dreyer, Y 1999. Vroue-ervaring en spiritualiteit. *HTS* 44(2&3), 360-379.
- Downey, M 1997. *Understanding Christian spirituality*. New York: Paulist Press.
- Fee, G D 2000. *Listening to the Spirit in the text*. Grand Rapids: William B Eerdmans.
- Gorringe, T 2001. *The education of desire: Towards a theology of the senses*. London: SCM
- Greshake, G 2000. Zum Verhältnis von Theologie und Spiritualität. *Studies in Spirituality* 10, 21-32.
- Holmes, U T 1981. *A history of Christian spirituality: An analytical introduction*. New York: The Seabury Press.
- Holt, B P 1983. *A brief history of Christian spirituality*. Oxford: Lion Publishing.
- Houlden, J L 1983. Bible, Spirituality of the, in Wakefield, G S (ed), *Westminster Dictionary of Spirituality*, 48-51. Philadelphia: The Westminster Press.
- Hulley, L D 2000. Spirituality and ethics: Do they belong together?, in Kourie, C & Kretzschmar, L (eds), *Christian Spirituality in South Africa*, 55-65. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Jones, C P M 2000. Biblical roots: The New Testament, in Jones, C, Wainwright, G & Yarnold, E (eds), *The study of spirituality* (Student ed), 58-89. London: SPCK.
- Jones, C, Wainwright, G & Yarnold, E (eds) 2000. *The study of spirituality* (Student ed). London: SPCK.
- Jonker, W 1989. Die eie-aard van die Gereformeerde spiritualiteit. *NGTT* 30(3), 288-299.
- Kagan, J 2002. *Surprise, uncertainty and mental structures*. Harvard: Harvard University Press.

The Old Testament in Christian spirituality

- King, U 1989. *Women and spirituality: Voices of protest and promise*. London: Macmillan Education Ltd.
- Kourie, C 2000. What is Christian spirituality?, in Kourie, C & Kretzschmar, L (eds), *Christian spirituality in South Africa*, 9-33. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Kourie, C 2001. *Towards a spirituality of the ordinary*. Paper read at the *Ecumenical Pastoral Institute in Cape Town (EPIC)* meeting at the University of Pretoria, 23 March 2001.
- Kraus, H-J 1982. *Geschichte der historisch-kritischen Erforschung des Alten Testaments*. 3.Auflage. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Kretzschmar, L 1995a. What is holistic spirituality and why is it important for the church today?, in Hoffmeister, D & Kretzschmar, L (eds), *Towards a holistic, Afro-centric and participatory understanding of the gospel of Jesus Christ*, 31-44. Johannesburg: Baptist Convention of South Africa.
- Kretzschmar, L 1995b. The three journeys: A functional model of holistic spirituality, in Hoffmeister, D & Kretzschmar, L (eds), *Towards a holistic, Afro-centric and participatory understanding of the gospel of Jesus Christ*, 45-54. Johannesburg: Baptist Convention of South Africa.
- Kudadjie, J N 1996. African spirituality, in Du Toit, C W (ed), *Spirituality in religions. Profiles and perspectives*, 62-79. Pretoria: Research Institute for Theology and Religion, University of South Africa.
- Laah, S 1983. Orthodox spirituality, in Wakefield, G S (ed), *Westminster dictionary of spirituality*, 283-285. Philadelphia: The Westminster Press.
- Loader, J A 2001. Exegetical erotica to Canticles 7:2-6. *Journal for Semitics/Tydskrif vir Semitiesiek*, 10 (1&2), 98-111.
- Loader, J A 1985. "Theologia religionum" from the perspective of Israelite religion – an argument. *Missionaria* 13(1), 14-32.
- Lombaard, C J S 2000. "Oortuiging" en prediking – woordspel op 'n "hartsaak". *Skrif en Kerk* 21(3), 607-620.
- Lombaard, C J S 2001a. Taal: kuns of káns? Nóg losse, nóg vaste woorde oor woorde. *Tydskrif vir Letterkunde* XXXIX:1/2, 60-61.
- Lombaard, C J S 2001b. The Bible in the apartheid debate, in Hofmeyr, J W, Lombaard, C J S & Maritz, P J (eds), *1948 + 50 years. Theology, apartheid and church: past, present and future*. (Perspectives on the Church/Perspektiewe op die Kerk, Series 5, Vol 1), 69-87. Pretoria: IMER (Institute for Missiological and Ecumenical Research), University of Pretoria.


- Marmion, D 1998. *A spirituality of everyday faith: A theological investigation of the notion of spirituality in Karl Rahner*. Louvain: Peeters Press. (Louvain Theological & Pastoral Monographs 23.)
- Maruca, D 1983. Roman Catholic spirituality, in Wakefield, G S (ed), *Westminster dictionary of spirituality*, 336-339. Philadelphia: The Westminster Press.
- McGrath, A E 1999. *Christian spirituality: An introduction*. Oxford: Blackwell Publishers.
- Nel, P J 2001. Spirituality and religion: A challenge to Near Eastern studies. *Journal for Semitics/Tydskrif vir Semiotiek* 10(1&2), 1-19.
- Nolan, A 1988. *God in South Africa*. Cape Town: David Philip.
- Nolan, A 1982. *Biblical spirituality*. Springs: The Order of preachers (Southern Africa).
- Oostenbrink, J W 1999. Gereferomeerde spiritualiteit as korporatiewe spiritualiteit. *In die Skriflig* 33(3), 367-383.
- Otto, E 2000. *Das Deuteronomium im Pentateuch und Hexateuch: Studien zur Literaturgeschichte von Pentateuch und Hexateuch im Lichte des Deuteronomiumrahmens*. Tübingen: J C B Mohr (Paul Siebeck). (Forschungen zum Alten Testament 30.)
- Pacini, D S 1991. Reading Holy Writ: The locus of modern spirituality, in Dupré, L & Sellers, D E (eds), *Christian spirituality, III: Post-reformation and modern*, 174-210. New York: Crossroads.
- Peterson, E H 1997. *Subversive spirituality*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Potgieter, P C 1990. *Skrif, dogma en verkondiging*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Preuß, H D 1991. *Theologie des Alten Testaments, Band 1: JHWHs erwählendes und verpflichtendes Handeln*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Preuß, H D 1992. *Theologie des Alten Testaments, Band 2: Israels Weg mit JHWH*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Rakoczy, S 2000. Living life to the full: Reflections on feminist spirituality, in Kourie, C & Kretzschmar, L (eds), *Christian spirituality in South Africa*, 69-91. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Rice, H L 1991. *Reformed spirituality: An introduction for believers*. Louisville: Westminster.
- Richter, W 1971. *Exegese als Literaturwissenschaft: Entwurf einer alttestamentliche Literaturtheorie und Methodologie*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Rossouw, H W 1963. *Klaarheid en interpretasie: Enkele probleemhistoriese gesigspunte in verband met die leer van die duidelikhed van die Heilige Skrif*, DTh-proefskrif, VU, Amsterdam: Drukkerij en uitgeverij Jacob van Campen N.V.

The Old Testament in Christian spirituality

- Runia, K 1988. Towards a biblical theology of experience, in Marshall, I H (ed), *Christian experience in theology and life*, 175-198. Edinburgh: Rutherford House Books.
- Russel-Boulton, P 2000. A Pentecostal spirituality, in Kourie, C & Kretzschmar, L (eds), *Christian spirituality in South Africa*, 125-137. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Sheldrake, P 1988. *Spirituality and theology: Christian living and the doctrine of God*. London: Darton, Longman and Todd Ltd.
- Schneiders, S M 1988. The study of Christian spirituality: Contours and dynamics of the discipline. *Studies in Spirituality* 8, 38-57.
- Schneiders, S 1989. Scripture in spirituality, in McGinn, B & Meyendorff, J (eds), *Christian Spirituality, I: Origins to the twelfth century*, 1-20. London: Routledge & Kegan Paul.
- Sklar-Chik, G 2000. Prayer: Praying the Psalms, in Kourie, C & Kretzschmar, L (eds), *Christian spirituality in South Africa*, 195-208. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Smit, D 1988. Wat is Gereformeerde spiritualiteit word? *NGTT* 29(2), 182-193.
- Smit, D 1989. Kan spiritualiteit beskryf word? *NGTT* 30(1), 83-84.
- Snyman, S D 1997. Spiritualiteit – 'n perspektief uit die Ou Testament. *In die Skriflig* 31(4), 375-387.
- Sobrinho, J 1988. *Spirituality of Liberation: Toward political holiness*. Maryknoll: Orbis Books.
- Stuhmueller, C 2002. *The spirituality of the Psalms*. Collegeville, MN: Liturgical Press.
- Taylor, J V 1988. A matter of life and death. London: SCM.
- Thijs, B 1990. *Geloven uit de kunst? Een pleidooi voor geloofsverbeelding in de gemeente*. s'Gravenhage: Meinema.
- Tracy, J D 1989. *Ad fontes: The humanist understanding of Scripture as nourishment for the soul*, in Raitt, J (ed), *Christian spirituality, II: High Middle Ages and Reformation*, 252-267. New York: Crossroad.
- Tshelane, S 2000. The spirituality of the African Initiated Churches, in Kourie, C & Kretzschmar, L (eds), *Christian spirituality in South Africa*, 138-156. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Van der Toorn, K 1996. *Family religion in Babylonia, Syria and Israel: Continuity and change in the forms of religious life*. Leiden: E J Brill.
- Van Seters, J 1994. *The life of Moses: the Yahwist as historian in Exodus-Numbers*. Louisville: Westminster.

- Waaajman, K 1993. Toward a phenomenological definition of spirituality. *Studies in Spirituality* 3, 5-57.
- Waaajman, K 1995. A hermeneutic of spirituality. *Studies in Spirituality* 5, 5-39.
- Wakefield, G S 1963. The Psalms, in Wakefield, G S (ed), *Westminster dictionary of spirituality*, 322-323. Philadelphia: The Westminster Press.
- Weippert, K 1990. Synkretismus und Monotheismus, in Assman, J & Harth, D (Hrsg), *Kultur und Konflikt*, 143-179. Frankfurt: Suhrkamp Verlag.
- Weilhausen, J 1963. *Die composition des Hexateuchs und der historischen Bücher des Alten Testaments*. 4.Auflage. Berlin: De Gruyter.
- Zenger, E 1998. *Einleitung in das Alte Testament*. 3.Auflage. Berlin: Verlag W Kohlhammer.
- Zevit, Z 2001. *The religions of ancient Israel: A synthesis of parallel approaches*. London: Continuum.

ADDENDUM 1: "LEVELS"/"SPHERES" OF SPIRITUALITY



2.3 Publication 2: Introduction

“Elke vertaling is 'n vertelling. Opmerkings oor vertaalteorie, geïllustreer aan die hand van die chokmatiese *ratio interpretationis*”. *Old Testament Essays*. 15/3, December 2002, 754-765.

Originally from a paper read at the congress of the Old Testament Society of Southern Africa, 11 – 13 September 2002, at the University of Stellenbosch, this article offers suggestions for communicating through Bible translations exegetical and theological insights to the Bible reading public. Going against the grain of particularly locally accepted translation theory and practice, this article re-evaluates the ways in which the traditionally employed theories of translation manage to communicate certain contents to the intended target audience / readership.

Of the five recurring themes within my research on how the Bible was brought to communication within different spheres of the South African society, indicated in the the overview of the publications under review here, the following apply to this specific publication:

- Theme 1 – Integrity: Dishonesty in public communication on the possibilities of Bible translation was the direct stimulus for this research paper. Written in Afrikaans for precisely the reason that such dishonest public communication had occurred in the Afrikaans speaking Christian community in particular, this article sets out to expose, albeit in subdued academic mode, the marketing hype around the currently very popular and financially rewarding enterprise of providing new Bible translations. The popular myth overtly played upon in marketing these new translations, namely that translating the ancient religious source documents of Christianity into modern Afrikaans only now truly communicates the Word of God to the modern Bible reader, is contradicted. Precisely the opposite occurs: rich textual meaning in the source documents is not conveyed in so-called dynamic translations; rather, meaning is reduced to the most accessible modern sense possible. Disingenuously declaring the contrary to the Bible-reading public, is devoid of communicative integrity. It

misleads the believing public on precisely the terrain where open, honest communication – devoid of the slight tweaks inherent in marketing messages, for the purpose of polishing public images and enhancing sales – should be the norm, namely where the role of the Bible in their lives is concerned.

- Theme 2 – Using the Bible well: A second, related criticism offered, and again implicitly directed at the marketing materials of these publishing exercises, is on the conveyed message that the Bible translation technique employed for these new translations are, somehow, better than other translation techniques. This article argues that such statements are meaningless when made in such a way. Only when translations based on similar theories are compared, can value judgements on the relative merits of the translation outcomes be made. Simply to compare translations across theories is to disregard what each distinctive theory / technique tries to do. The use of the Bible is not well served by grossly over-simplifying statements.
- Theme 4 – Communicative imbalances: The two public misrepresentations pointed out in the two preceding paragraphs have a direct bearing on the way the nature of the Bible is communicated to broader society. Selling the public on an illegitimate, romanticised view of the Bible serves the religious community poorly, and does not help in fostering a positive relationship with as complex a document as the Bible. Neither does it nurture a positive relationship with God, whom believers hear through the Bible; oversimplification and misrepresentation never does.
- Theme 5 – Insights on religion provided by communication studies: The above indication of the rhetorical background to the article under consideration here, and the contents of the article itself, provides ample example of the valuable contribution insights borne from the discipline of communication studies has to offer religion. This relates not only to the very practical exercise of Bible translation, but also to the less tangible but equally real socio-communicative context within which these translation projects are undertaken.

From these four points it is clear that the way the Bible as a translated document of faith has been brought to communication within the Afrikaans speaking Christian

community of late, has not been positive. Communicative and theological integrity would demand better.

**OLD TESTAMENT
ESSAYS**

OTES

NEW SERIES

**VOLUME 15
NUMBER 3**

ISSN 1010-9919

OLD TESTAMENT ESSAYS

Volume 15

Number 3

2002

**JOURNAL OF THE OLD TESTAMENT SOCIETY
OF SOUTH AFRICA**

**Accredited by the Department of National Education
of South Africa**

OTSSA

OLD TESTAMENT ESSAYS

Journal of the Old Testament Society of South Africa
Volume 15/3 (2002)

CONTENTS

The good, the bad and the Belial: Traces of wisdom in the prophetic rhetoric of Nahum	<i>J P Bosman</i>	589-599
NETS – a new English translation for the Septuagint	<i>Johann Cook</i>	600-615
Psalm 100:3 a short note	<i>Francois T de Villiers</i>	616-619
Where did she come from, and where did she go to? (the <i>Queen of Heaven</i> in Jeremiah 7 and 44)	<i>Gerda de Villiers</i>	620-627
The ideologically biased use of Ezra-Nehemiah in a quest for an African theology of reconstruction	<i>Elelwani Farisani</i>	628-646
<i>Parallelismus membrorum</i> in prose narrative: The function of repetition in 1 Samuel 5-6	<i>David G Firth</i>	647-656
Psalm 69:23a-30b and divine retribution – a question of Ma'at?	<i>Alphonso Groenewald</i>	657-674
The rhetoric of conflicting metaphors: A fountain desired in the Song of Songs but abhorred in Leviticus	<i>Frances Klopper</i>	675-686
The term מִן in the Old Testament. PART I: An enquiry into the meaning and use of the word in the contexts of the covenants between God and humans in the Pentateuch	<i>Silvia Linington</i>	687-714

Lebensgestaltung als weisheitliche Lebensverantwortung	<i>James Alfred Loader</i>	715-738
The finality of the Old Testament 'final text'	<i>James Alfred Loader</i>	739-753
Elke vertaling is 'n vertelling. Opmerkings oor vertaalteorie, geïllustreer aan die hand van die chokmatiese <i>ratio interpretationis</i>	<i>Christo Lombaard</i>	754-765
Rhetorical expansions of Biblical traditions in the Hellenistic Period	<i>Natalio Fernández Marcos</i>	766-779
Daniël I as Wysheidsliteratuur: Bevestiging van die Vergeldingsleer	<i>M Nel</i>	780-798
'Who has the moral right to speak?' A reflection on a discourse within Old Testament studies	<i>Gerrie Snyman</i>	799-820
BOOK REVIEWS		821-842

Elke vertaling is 'n vertelling. Opmerkings oor vertaalteorie, geïllustreer aan die hand van die chokmatiese *ratio interpretationis*¹

Christo Lombaard (UP)

ABSTRACT

Every translation is a narration. Remarks on translation theory, illustrated by means of the chokmatic ratio interpretationis. Of the various approaches to Bible translation, the literal and dynamic equivalent methods have been most influential in the Afrikaans community. At times, some of these various approaches have been presented to this community as 'the best', which overlooks the reality that each translation method chooses to recount only something about a single aspect of the original text, such as the structure of the source language or a particular facet of the meaning of a pericope. This is illustrated with reference to Proverbs 1:7. The author has for theological reasons a preference for literal translations, which like a negligè invites the Bible reader to explore more of what has been revealed, whereas freer translations, like a chastity belt, allows for only one option, which is often culturally accommodating and hence leads to personally unchallenging renderings of the source text. Yet, this does create grounds for judging the quality of different translations. The value of translations can only be measured relative to other translations following the same method and relative to the objectives of the translation.

A INLEIDING: OM TE VERTAAL IS OM TE VERHAAL

Verskillende vertaalteorieë is al in verband met Bybelvertaling aan die hand gedoen. In Afrikaans was die letterlike vertaalwyse en dinamies-ekwivalente vertaalwyse die twee mees invloedryke Bybelvertaalteorieë,² wat neerslag gevind het in onderskeidelik die *Ou* en die *Nuwe Afrikaanse Bybelvertalings* (1933, hersien 1953, en 1983).

In die nadenke rondom vertaalteorieë, maar veral ook in populêr-kerklike kringe, word soms die indruk gewek dat een vertaalteorie en -praktyk beter of

¹ Referaat gelewer tydens die kongres van die Ou Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, 11-13 September 2002, te Stellenbosch. Die uitdrukking 'Elke vertaling is 'n vertelling' is gemunt in Lombaard (2002:38).

² Die stryd tussen hierdie twee vertaalteorieë duur al millenia lank; kyk Turro (1983: 4-53, 67-116) en Orłinsky & Bratcher (1991: 1-266) vir oorsigte.

swakker as ander is. In hierdie artikel word dit egter beredeneer dat elke vertaling *kies* wat dit vertaal; anders gestel: elke vertaling *kies* wat dit is omtrent die grondteks wat dit wil verhaal.³ Geen vertaling kan alles omtrent 'n grondteks oortel nie; keuses word gemaak. Beter gestel: geen vertaling kan *die meeste* van die dinamika van die grondteks in die brontaal in sigself opneem nie.⁴ Met dinamika word hier bedoel die eie-aard van die brontaal; die grammatika; die betekenis-, woord- en klankspelmooitlikhede daarvan; idioome en idiomatiese (d w s 'gebruiklike') woordanwending; die verhouding taal-dialek-sosiolek-idiolek; en alle ander aspekte van die brontaal soos ons dit in die bronteks aantref (vgl Wendland 1987; Deibler 1988; Baker 1992). Min van hierdie aspekte kan gekommunikeer word in die teikentaal, omdat tale so onewe is.⁵ Keuses word dus nie net *gemaak* oor wat vertaal word nie, maar word ook *afgedwing*, onkeerbare, soos wat die vertaler die onstuitbare krag van die teikentaal tot interaksie bring met die onbeweegbare muur van die brontaal. Elke vertaalproses kan uit hierdie (teoreties onmoontlike,⁶ maar prakties noodsaaklike) interaksie net iets kleins oorbring. Vertalers kies – hopelik vooraf, hopelik bewustelik – wát hierdie iets kleins is wat hulle wil oorbring. Dit wat hulle oorbring, is wat hulle in die teikentaal kom vertel van die bronteks; dit is hulle storie.

³ Die dubbele betekenis van 'verhaal' is intensioneel.

⁴ Ek kies dus hier – in die taal van die Guttiaanse vertaalteorie, soos geskets in Smith (2002:109-112) – in beginsel téén die moontlikheid van 'n pure 'direkte vertaling' van Bybelse tekste, met 'indirekte vertaling' as die enigste menslik-moontlike vertaalwyse. Slegs 'n breukdeel van 'n bronteks se volle kommunikasie-dinamika is vertaalbaar, en watter breukdeel dit is wat die betrokke vertalers wil vertaal, berus op hulle (implisiete/eksplisiete) besluit en (implisiete/eksplisiete) vertaal-teorie. Smith (2002:12) is na my mening selfs oor 'indirekte vertaling' te optimisties: buiten dat 'n vertaling slegs 'n deeltjie van die kommunikasie-dinamika van die bronteks weergee, dra die vertaling ook onkeerbare, onontkombaar nuwe betekenis-dimensies by. Selfs die beste intensies van vertalers kan dié interpretasie-moontlikhede in die teikentaal en on/willekeurige verstaansprosesse by Bybellesers nie uitsluit nie.

⁵ Die filosofiese hermeneutiek is dus onontbeerlik hier, vgl Thiselton (1992) vir 'n uitvoerige bespreking. Baker (1992:20-42) bespreek die praktiese problematiek van die onewenheid van tale vir die vertaalproses.

⁶ Walls (1990:24) skryf: 'translation is the art of the impossible'. Besprekings van die probleme van vertaling as 'n onderneming (eerder as van spesifieke vertalings), soos dié van by Wendland (1987), wys op die onmoontlikheid van die opset van vertalings, gewoonlik op een van twee gronde: ontologies-epistemologies en linguisties-kultureel. Dit behels onderskeidelik dié redenasie-lyne dat die werklikheid nie as bestaande gereken of geken kan word buite taal om nie ('n redenasie-lyne wat gewild is in die filosofiese hermeneutiek en die semiotiek, beide waarvan onontkombaar aan die sirkelgangprobleem ly, naamlik dat taal met taal geanaliseer word; vgl Lombaard (2002:60), of dat tale nie parallel loop nie en dus nie dieselfde realiteite op soortgelyke maniere tot uitdrukking kan bring nie (vgl Baker 1992:8).

B DIE CHOKMATIESE *PRINCIPIUM INTERPRETATIO*

Laasgenoemde punt word hieronder geïllustreer aan die hand van die chokmatiese *principium interpretatio*, gevind in Psalm 111:10; Spreuke 1:7; 9:10; 15:33; en Job 28:28.⁷

Die mees bekende voorkoms hiervan is Spreuke 1:7:

לְדָאֵן יִהְיֶה כְּאִשֵּׁיתָ קִצְעָן.

Hierdie geïllustreerde uitdrukking, waarvan slegs Spreuke 15:33 en Job 28:28 woordeliks presies ooreenstem,⁸ is 'n relatief laat toevoeging (Von Rad 1972:54-55), veral as die ouderdom van spesifiek die wysheidsliteratuur in die Antieke Nabye Ooste in aanmerking geneem word. Dié geïllustreerde uitdrukking word naamlik vroegstens eksilies, bes moontlik post-eksilies as *principium interpretatio* tot die wysheidskorpus toegevoeg. Met die aandrag op die monoteïstiese Jahwisme al hoe sterker groeiend vanaf die ballingskap (aanvang 586) onder invloed van die Deuteronomistiese teologie,⁹ word die grootliks implisiete religieuse karakter van die wysheid (vgl Von Rad 1972:61-64) verander, naamlik geherkarakteriseer, tot uitdrukking van – nou eksplisiet – die Jahwisme (vgl Zenger 1998:294). Die *principium interpretatio* bring die wysheid dus binne 'n strenger monoteïstiese Jahwe-geloof tuis deur as hermeneutiese sleutel tot die wysheidsliteratuur te funksioneer. Dit is aan die hand van hierdie chokmatiese *principium interpretatio*, as illustrasiegeval, dat enkele vertaalteorieë hieronder aan die woord gestel word. Op dié manier word elkeen van hierdie vertaalteorieë 'n spreekbeurt gegun om te vertel wat dit in die vertaalpraktyk aan ons omtrent die bronteks verhaal.

C WAT WIL VERTAALTEORIE OORVERTEL?

Voordat vertaalteorieë geïllustreer word aan die hand van die *principium interpretatio*, eers kortliks 'n beskrywing van elk. Die drie bekendste benaderings tot vertalings word onderskeidelik toegelig: die letterlike, die dinamies-ekwivalente, en die parafraze-vertaalwyses.

1 Letterlike vertalings

Letterlike vertalings, soos die Nederlandse *Statenvertaling*¹⁰ (kyk Verdegaal 1998:55-62), die *Ou Afrikaanse Vertaling*, die *King James Version* (kyk Opfell

⁷ Von Rad (1972:65-73) se bespreking van die betekenisemoontlikhede en die teologiese dimensies verbonde aan hierdie verse bly steeds instruktief.

⁸ Hierdie is aanduidend van die orale aard van dié spreuk, wat op ongedetermineerde wyse, dus min of meer natuurlikerwys, skriftelik neerslag vind op verskillende plekke binne die wysheidskorpus.

⁹ Vir 'n eenvoudige opsomming van die Deuteronomistiese teologie, vgl Lombaard (2002:1-82). Vgl ook die opstelle opgeneem in De Moor & Van Rooy (2000).

¹⁰ Vir 'n oorsig oor die Bybel in Afrikaans vanaf die *Statenvertaling*, kyk Wegner 1985:221-238; meer reserant en meer inklusief, Hermansson 2002:6-18.

1982) en die *American Standard Version*, probeer verseker dat dit die 'waarheid'¹¹ van die Skrif in die teikentaal oordra deur, so ver moontlik, die brontaal woord vir woord in die teikentaal oor te sit (vgl Bastiaens 1998:151; Joubert 2001:314; 2002:31). Dikwels gebaseer op 'n foutiewe interpretasie, of meer toegeeflik, 'n herinterpretasie van die Reformatoriese beginsel dat Skrif met Skrif vergelyk moet kan word, word konkordantisties (Verdegaal 1998:59; Turro 1983:100-101) gewerk: dieselfde vertalingswoord word telkens gebruik vir dieselfde bronwoord (vgl Lorein 1994:49-50), tensy die resultaat erg ongemaklik is. Die vorm van die teks staan voorop (vgl Weiss 1990:11¹²). In hierdie model pleeg vertaalkunde bloot taal-kunde, met formele korrespondensie die doelstelling (cf Smalley 1991:111). *Woorde* dra betekenis, en die blote oordrag van 'n woord uit een taal na 'n ander impliseer suksesvolle betekenisoordrag en, daarmee saam, 'waarheid'-getrouheid.

Filosofies kan die agtergrond tot hierdie vertaalbenadering beskryf word as iets van 'n nuwe realisme of 'n romantisisme. Daarmee saam lê die kiem van die fundamentalisme egter hierin opgesluit (vgl Verdegaal 1998:62), asook, binne Afrikaanssprekende geleedere, van politieke en teologiese konserwatisme/reaksionisme (die Afrikaanse Protestantse Kerk gebruik byvoorbeeld amptelik steeds die *Ou Afrikaanse Vertaling*).

2 Dinamies-ekwivalente vertalings

Hierdie tipe vertalings, soos die *Nuwe Afrikaanse Vertaling*, die *New International Version*, en die *New Revised Standard Version* (vgl Joubert 2001:315; 2002:30), wil die *gedagtes* wat in die antieke teks opgesluit lê, in die nuwe teks weergee. Die retoriese opset word so ver moontlik weergegee, sodat gedagtes-binne-kultuurkonteks weergegee wil word, selfs herhaal wil word as dieselfde-gedagtes-binne-veranderde-kultuurkonteks (vgl Hendriks 1998:65; Jordaan 2002:21-24) (of, minstens, *insig* bied in wat hier genoem is die gedagtes-binne-kultuurkonteks – vgl Smalley 1991:111). Die kommunikasie van die *inhoud* van die teks, eerder as die vorm, kry voorrang. Eksegese deur die vertalers word dus geimpliseer (Joubert 2001:316; 2002:32). Nie woorde nie, maar groter taaleenhede word vertaal (Smalley 1991:122), in die vorm van perikope (Smalley 1991:132; Hendriks 1998:75; vgl Vosloo 2001:186) as die draers van idees of begrippe (Bastiaens 1998:151), sodat retoriek, konnotasies en emosies van ouds as 't ware herhaal wil word in die teikentaal (Joubert 2001:316-317; 2002:32-33). So formuleer die Inleiding tot *Die Boodskap met Psalms en Spreuke* (Van der Watt *et al* 1996:8): 'Ons moet vandag in Afrikaans hoor wat die mense destyds in

¹¹ Een van die reëls wat by die vertaling van die *King James Version* gegeld het, lui '... and as little altered as the Truth of the original will permit' (Opfell 1982:139)

¹² Natuurlik is die onderskeid tussen vorm en inhoud en funksie teoreties van aard – vgl Jordaan (2002:20, 26-27), Wendland (2002:180-183) –, want hierdie faktore is saam met ander elemente soos sosio-kulturele konteks, die betrokke medium en dies meer, verweefde aspekte van betekenis.

Grieks gehoor het', en in daardie vertaling word daarom doelbewus probeer 'om die *gedagtes* wat daar in die kompakte Grieks lê, duidelik in hedendaagse Afrikaans weer te gee' (*Die Boodskap met Psalms en Spreuke* (Van der Watt *et al* 1996:9); klem toegevoeg). Kortom, sulke vertalings probeer tegelykertyd 'brontekstgetrou en doeltaalgericht' wees ten einde 'adequaat' te vertaal (Bastiaens 1998:152).

Die populariteit van hierdie tipe vertalings onder vertalers oor die afgelope dekades het moontlik filosofies nog iets te danke aan 'n steeds sloerende Platoniëse, of meer modern, Kantiaanse idealisme, naamlik in dié vorm dat 'n 'verhewe' idee/gedagte wat agter die woorde van die bronteks skuilgaan, (eksegeties) nagespeur en vervolgens puur oorgedra kan word in die formulering van 'n nuwe teks. Die inherente optimisme in ook hierdie vertaalteorie is egter deur die praktyk getemper, sodat die benaming 'dinamies-ekwivalent' tans vervang word met terme soos 'dinamies-kompetent', 'funksioneel-ekwivalent', 'betekenis-gebaseerde vertalings' en 'idiomatiese vertalings' (Smalley 1991: 106¹, Naudé 2002:47). Nógans het sulke vertalings steeds ten doel om die kultuurskok wat moderne lesers in hulle ontmoeting met die antieke tekste van die Bybel sou (of behoort te!) ervaar, te elimineer (Joubert 2001:318-319; 2002:34-35; vgl Nord 2002:98-116).

3 Parafrase-vertalings

Hierdie tipe vertalings, soos *The Living Bible, Het Boek* (kyk Van Velzen 1994: 79-87) en *Die Boodskap* is dikwels bedoel vir eerste lesers van die Bybel, met die doelstelling dat hulle mettertyd sal oorgaan tot ander tipes vertalings vir studie-doelendes (Carson 1979:83-84; Van Velzen 1994:79; Naudé 2002:64). Aan die ander kant is daar ook die implisiete doelstelling met parafrase-vertalings om die Bybel 'makliker' te maak om te lees, in die hoop dat dit daarom meer gereeld deur meer mense gelees sal word – iets van die missionêre bewussyn wat agter baie Bybelvertalings lê. Interessant genoeg, voel vertalers in hierdie tradisie hulleself dikwels verbonde aan beide bostaande Bybelvertalingsteorieë (Van Velzen 1994:81-82); aanhangers van dié twee teorieë sal egter nie 'n parafrase-vertaling met gemak as naby familie wil erken nie. Nógans moet 'n mens erken dat die grenslyn tussen dinamies-ekwivalente vertalings en parafrase-vertalings vaag is (vgl Wegner 1985:231), net soos ook die grens tussen letterlike en dinamies-ekwivalente vertalings (Weiss 1990:12 dui naamlik die *King James Version* nie as 'n letterlike vertaling aan nie; vgl ook Van der Watt 2002:256-259).¹³

¹³ Die sogenaamde 'third code'-konsep binne die nuwe deskriptiewe benadering tot vertaling, dit wil sê die manier waarop die vorm van die bronteks en die dinamika van die vertalingstaal op 'n unieke wyse vermeng word in die vertaalde teks, bied 'n verenigende perspektief op hierdie relatiewe onderskeide – vgl Kruger (2002: 77-79). Kyk ook Jordaan (2002:19-21).

Parafrase-vertalings vertrek van dieselfde idealistiese en optimistiese gronde as dinamies-ekwivalente vertalings, met die taalgebruik wat egter altyd meer populêr, soms eintlik populisties is. 'n Veel groter afstand tussen die vorm van die grondteks en dié van die vertaling word dus geskep in 'n poging om die inhoud van die grondteks nader aan die teikenleserskap te bring. Op hierdie gronde meen ek dat, hoewel *Die Boodschap met Psalms en Spreuke* (1966) en sy voorgangers hulleself as dinamies-ekwivalente vertalings blyk te verstaan, hulle eerder binne die parafrase-tradisie staan.¹⁴

4 *Excursus minimus*: Studievertalings

Studievertalings het die afgelope aantal jare binne veral die Afrikaanssprekende gemeenskap groot aanhang verkry (Vosloo & Van Rensburg se *Die Bybel in Praktyk*, 1993, gemodeleer op die 1991-*Life Application Bible*; Vosloo & Van Rensburg se *Bybellennium Eenvolumekommentaar*, 1999; vgl Vosloo 2001:184-187), telkens gebaseer op die dinamies-ekwivalent vertaalde *Nuwe Afrikaanse Vertaling*. Lorein (1994:46-62) stel egter voor dat studievertalings merendeels letterlike vertalings behoort te wees, met voetnotas ter verduideliking (vgl Vleugels 1994:63-71). 'n Groeiende getal oproepe om meer sodanige studie-Bybeluitgawes word in die jongste tyd gemaak (bv Joubert 2001:324-325; 2002:40-41). Studievertalings met verklarende aantekeninge is egter geensins 'n nuwe uitvindsel nie; so byvoorbeeld het reeds die *Statenvertaling* (1637, maar uitgeredigeer is die 18de-eeuse uitgawes) en *The English Authorized Version* (1611) sulke hulpmiddels ingesluit (Verdegaal 1998:60).

D DRIE VERTAALTEORIEË AS VOORBEELDE

Met die uitsondering van Studievertalings, word elk van bostaande besprekings vervolgens geïllustreer aan die hand van die chokmatiese *principium interpretatio*, soos dit in Spreuke 1:7a aangetref word.

Die Hebreeuse teks en drie Afrikaanse vertalings daarvan word hieronder diagrammatis aangebied.

BRON:	AANGEHAALDE TEKS:	AFGEDRUK AS:
BHS	יְדַע יְהוָה אֱלֹהֵינוּ דָעִים	
OAV	Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis	Gewone teks
NAV	Kennis begin met die dien van die Here	Poesie
BPS	Lewensgeluk begin by liefde vir die Here	Sonder versaanduidings

¹⁴ Wendland (2002:181) tabelleer ook *The Message*, die Engelse voorganger tot *Die Boodschap*-reeks, as parafrase.

Sleutel:
BHS = Biblia Hebraica Stuttgartensia
OAV = Ou Afrikaanse Vertaling (1933 & 1953)
NAV = Nuwe Afrikaanse Vertaling
BPS = Die Boodskap met Psalms en Spreuke

'n Paar opmerkings oor die vertalings weergegee in dié diagram sal duidelik maak wát dit is wat elke vertaling ons omtrent die bronteks vertel.

Die *Ou Afrikaanse Vertaling* volg die woordorde in die Hebreeus presies na. Daarmee saam word die grammatiese reël in verband met die lidwoord by genitief-konstruksies in die Hebreeus tot die letter toe gevolg: telkens word die bepaalde lidwoord in-vertaal, selfs al lees dit nie glad in idiomatiese Afrikaans nie. Hierdie tegniek het egter wel die (on/bedoelde?) gevolg dat iets van 'n ritmiese lees daardeur bemoontlik word, sodat 'n poëtiese ritme – soos in die Hebreeus – na te speur is, sonder dat die teks – eweneens soos in die Hebreeuse grondgeskrifte – as poësie op die blad afgedruk is. Op hierdie maniere, onder andere, vertel die *Ou Afrikaanse Vertaling* ons meer omtrent die vorm van die Hebreeuse teks as wat enige van die ander vertalings probeer doen. Die betekenisinhoud moet egter deur die leser gesoek word; verskillende interpretasie-moontlikhede moet oorweeg word; 'n maklike of finale antwoord bly dikwels net buite bereik. Die Skrifwaarheid word eksegeties¹⁵ onklaar oorvertel.

Die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* se enigste ooreenkoms met die *Ou Afrikaanse Vertaling* se weergawe van hierdie versdeel is dat הֵרָא steeds met 'kennis' vertaal word. Die meer idiomatiese Afrikaans lei daartoe dat die woordorde verander word. הֵרָא word nie meer met 'HERE' vertaal nie, maar volgens die beleid van die 1983-vertalers, met 'Here'. Die mees opvallende verskil is dat die frase וְיָרֵא מִן הֵרָא nou met 'dien van die Here' weergegee word: nadat hoeveel preke moes verduidelik dat die kultureel-begronde frase 'vrees van die HERE' nie sinonimies aan angs verstaan moet word nie, soek die 1983-vertalers na 'n minder kultureel-belaaide weergawe. Ter wille van 'n eenvoudiger vertelling van hierdie frase, word die misterieuse, selfs mistiese van 'n vreemd-kulturele geekte uitdrukking prysgegee. Die enigste oorblywende aanduiding van die vreemdheid van die bronteks is dat die teks in die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* in gedig-formaat op die bladsy afgedruk word sonder dat die inhoud van die gedig aan populêre konvensies van Afrikaanse digkuns voldoen. Min van die vorm van die bronteks word ons vertel, en die betekenis-moontlikhede van die versdeel word

¹⁵ Die teologies-hermeneutiese fasette van die klaarheid van die Skrif – vgl Rossouw (1963) – word dus nie hier in twyfel getrek nie. Met 'onklaar' word hier beide eksegeties 'onduidelik' en interpretatief 'onafgehandeld' bedoel.

ook ingeperk (beide kwantitatief en juis daarom kwalitatief) deurdat die vreemd-hede onvreemd oorvertel word.

Die Boodskap se weergawe is die vryste vertelling van die drie weergawes hier aangegee. Dit laat met redelike gemak 'n lesing toe (hoewel geen van die vertalers sulke standpunte steun nie!) waarin lesers populêre welvaartsteologie en soete liefdesteologie kan inlees. Sulke dominerend-populêre kultuurwaardes van die lesers word hier geensins in gesprek gebring met gedagtes uit 'n vreemde tekswêreld nie. Bevestiging van aanvaarde waarhede is al wat hier gevind kan word. Nóg woordorde, nóg die manier waarop die teks op die bladsy afgedruk is,¹⁶ en allermins vreemde uitdrukkings bied die geleentheid tot kritiese vrae oor die verstaan van die teks. Hierdie is 'n leserstek: dié Skrifwoord vertel gewone Bybellesers weer wat hulle reeds glo; dit laat hulle nie nuut nadink nie. Die verskeidenheid interpretasiemoontlikhede wat die leser gebied word is nóg minder as wat die geval is met die *Nuwe Afrikaanse Vertaling*, want ons word nog meer presies vertel 'wat daar staan'.

Uit hierdie kort oorsig reeds word dit duidelik dat elke vertaling 'n totaal ander vertelling bied. Hoe meer letterlik die vertaling is, hoe meer skemer die bronteks se vorm nog deur; hoe vryer die vertaling is, hoe meer domineer die konvensies van die nuwe taal en die verwagtings van die moderne lesers. In dié sin is 'n letterlike vertaling 'n negligé, en vryer vertalings iets meer van 'n kuisheidsgordel.

Interessant genoeg, bied die progressief vryer vertalings nie méér insig in die bronteks nie, maar altyd minder: al hoe minder interpretasiemoontlikhede van die bronteks word aan die leser van die vertaling gebied. Meerduidigheid word vereenvoudig tot 'n al hoe nouer betekenis-speelruimte. In 'n sekere sin is dit juis die teendeel van die verwagting wat altyd rondom meer dinamiese vertalings geskep word: hulle bied wel aan om ons meer te laat verstaan van die betekenis van die bronteks, maar die manier waarop dit gebeur, is deur al hoe meer betekenisemoontlikhede te verduister.¹⁷ Die kuisheidsgordel vervang die negligé, 'n geforseerd-onskuldige lees vervang die uitnodiging om die teks van naderby te leer ken.¹⁸ Uitlokkende betekenisvrae wat met letterlike vertalings nog deur-skemer, word in dinamiese vertalings gewoon ontoeganklik afgesluit.

Hierdie evaluerende opmerkings maak duidelik waar my simpatieë lê sover dit Bybelvertalings-benaderings aangaan. Dit beteken egter nie dat daar geen

¹⁶ Met die bemarking van hierdie vertaling is duidelik gemaak dat versnommers nie in die teks aangedui is nie. Daarmee saam is genoem dat daar in die oorspronklike Bybelteks in ieder geval nie versaanduidings was nie. Dit laat by baie Bybellesers die indruk dat hierdie vertaling dus nader aan die oorspronklike is as wat ander vertalings met versaanduidings is.

¹⁷ Hierin vind ek my dus aangetrokke tot resistiewe vertaalteoretici soos Venuti, Wallmach en Derrida, soos bespreek in Naudé (2002:53-54)

¹⁸ Contra Van der Watt (2002:256)

plek vir verskillende tipes vertalings is nie. Eerder is my pleidooi dat geen vertaalwyse sal voorgee om te wees/doen wat dit nie kan wees/doen nie. Aanhangers van elk van die vertaalwyses hierbo bespreek, het hulleself soms aan hubris skuldig gemaak, deur die voorgestane vertaalwyse as 'holier than thine' voor te stel.

E SLOT: OOR GOEIE VERTALINGS EN SWAKKES

Op grond van al bostaande oorwegings, is dit myns insiens onmoontlik om in absolute terme na vertalings te verwys as goed of sleg, beter of swakker. 'It is in fact virtually impossible, except in extreme cases, to draw a line between what counts as a good translation and what counts as a bad one. Every translation has points of strength and points of weakness and every translation is open to improvement' (Baker 1992:7).¹⁹ 'n Relatiewe beoordeling van Bybelvertalings is dus al wat sinvol is (vgl Naudé 2002:50).

Die vraag wat deur hierdie opmerking afgedwing word is: *relatief waartoe?*

Beoordeling van 'n vertaling, gebaseer op 'n sekere vertaalteorie, kan op grond van bostaande oorwegings nie met veel sin gemaak word relatief tot 'n ander vertaling wat gebaseer is op 'n ander vertaalteorie nie (so ook Bastiaens 1998:151-152). Wat die twee vertalings te vertel het, is te verskillend; elk verhaal 'n eie storie vanuit/omtrent die bronteks. Ook kan 'n kwalitatiewe oordeel nie met sin gefel word aan die hand van die bronteks nie, juis omdat elke vertaling bloot 'n deel van die bronteks se dinamika in die teikentaal kan oorvertel. Hierdie twee (relatiewe) maatstawwe het dus nie veel gebruikswaarde vir die bepaling van die kwaliteit van 'n vertaling nie.

Relatiewe beoordeling van 'n Bybelvertaling kan wel sinvol op twee ander gronde geskied: relatief tot ander vertalings wat op dieselfde vertaalteorie geskied is, en relatief tot die intensie van die vertaling (vir lg. vgl Smalley 1991: 111-112). Die mate waartoe een, of vergelykenderwys, méér vertalings daarin slaag om te vertel wat dit wil vertel omtrent die bronteks, dit wil sê met die oog op sekere doelstellings met die betrokke vertaalonderneming, verskaf die mees sinvolle kriterium vir beoordeling, naamlik of die vertaling goed of sleg is, en waar meer as een vertaling geskied op dieselfde vertaalteorie beskikbaar is, watter vertaling(s) beter of swakker is.²⁰ Die intensie van die vertaling – *dít wat dit omtrent die bronteks wou vertel* – is dus die basiskriterium vir kwaliteits-

¹⁹ Dit is ook die geval met kommentare, wat veel meer uitgebreid oor die basisteks kan uitwei – vgl Vosloo (2001:187).

²⁰ Die kriterium hier het slegs te make met die mate waartoe die vertaling dit wat dit wou oorvertel van die bronteks, inderdaad oorvertel. Ander kriteria, soos die aanvaarding van die vertaling deur die betrokke teikenleserskap – 'n kriterium wat dikwels geld met Bybelvertalings, of estetiese oorwegings, soos die elegansie van die taalgebruik in die teks wat in die teikentaal gelewer word, word hier nie in berekening gebring nie.

beoordeling hier. Vergelyking tussen twee of meer vertalings, geskoei op dieselfde vertaalteorie en dus met vergelykbare vertaalintensies, bied 'n tweede beoordelingskriterium, maar met dié tweede kriterium wat afgelei word vanaf die basiskriterium.

Vanuit hierdie deskriptiewe invalshoek tot vertaling (vgl Kruger 2002:77-79²¹; Naudé 2002:50-52, 62-64), is dit dus eintlik niksseggend om 'n vertaling bloot 'goed' of 'swak', 'beter' of 'slegter' te noem, omdat die kriteria vir beoordeling nie uitgespel is nie. Verskillende Bybelvertalings het verskillende doelstellings, wat saamhang met 'n bepaalde vertaalteorie,²² wat sáam die gronde bepaal vir die beoordeling van 'n vertaling. Afhangende van wat 'n Bybelvertaling vanuit/omtrent die grondteks verhaal, kan dan aanbevelings rondom die mees sinvolle gebruik van die betrokke vertaling aan die (breëre/beoogde) leserspubliek gemaak word.

BIBLIOGRAFIE

- Baker, M 1992. *In other words. A coursebook on translation*. London: Routledge.
- Bastiaens, J C 1998. Een nuwe interconfessionele bijbelvertaling voor de 21e eeu, in Welzen *et al* 1998:149-157.
- Carson, D A 1979. *The King James Version debate. A plea for realism*. Grand Rapids: Baker Book House.
- Deibler, E W 1988. *Exercises in Bible translation*. S1: The Summer Institute of Linguistics.
- De Moor, J C & Van Rooy, H F (eds) 2000. *Past, present, future. The Deuteronomistic History and the prophets*. Brill: Leiden. (Oudtestamentische Studiën Deel XLIV.)
- Hendriks, W 1998. Adequaat vertalen, in Welzen *et al* 1998:65-76.
- Hermanson, E A 2002. A brief overview of Bible translation in South Africa, in Naudé & Van der Merwe 2002:6-18.
- Jordaan, G J C 2002. Problems in the theoretical foundation of the functional-equivalent approach, in Naudé & Van der Merwe 2002:19-29.
- Joubert, S J 2001. No culture shock? Addressing the Achilles heel of modern Bible translations. *Verbum et Ecclesia* 22(2), 314-325. Reprinted in Naudé & Van der Merwe 2002:30-43.
- Kruger, A 2002. Corpus-based translation research: Its development and implications for general, literary and Bible translation, in Naudé & Van der Merwe 2002:70-106.

²¹ Myns insiens is die deskriptiewe benadering tot vertaling wel van waarde vir die studie van die vertaalwese, maar dit hef nie die tradisionele vertaalteorieë op nie: laasgenoemde bly nodig vir enige vertaalprojek. Die deskriptiewe benadering is dus 'n bruikbare benadering vir ook *wirkungsgeschichtliche* eksegetiese studies – iets wat Kruger (2002:95-98) in geheel vertaalkundige terme ook aan uitdrukking verleen.

²² Meestal word vertaal-intensie en vertaalteorie nie losstaande van mekaar bedink wanneer 'n nuwe vertaling oorweeg word nie. Om primariteit aan een van dié twee momente te verleen, is dus nie moontlik nie.

- Lombaard, C 2001. Taal: Kuns of kêns? Nóg losse, nóg vaste woorde oor woorde *Tydskrif vir Letterkunde* XXXIX(1/2), 60-61.
- 2002. Verstaan van tekste uit die Deuteronomistiese Geskiedwerk. in Human, D J & Lombaard, C (reds), *Vertellers en visionêre*, 1-82. Johannesburg: National Colleges Press. (NPK / Lyceum / Damelin Education Group.)
- Lorein, G W (red) 1994. *Naar een nuwe bijbelvertaling?* Leiden: Uitgeverij J J Groen en Zoon.
- Lorein, G W 1994. Een goede studievertalings. in Lorein 1994: 46-62.
- Naudé, J A & Van der Merwe, C H J (eds) 2002. *Contemporary translation studies and Bible translation. A South African perspective*. Bloemfontein: University of the Free State & Bible Society of South Africa. (*Acta Theologica* Suppl 2.)
- Naudé, J A 2002. An overview of recent developments in translation studies with special reference to the implications for Bible translation, in Naudé & Van der Merwe 2002: 44-69.
- Nord, C 2002. Bridging the cultural gap: Bible translation as a case in point. *Acta Theologica* 22/1, 98-116.
- Opfell, O S 1982. *The King James Bible Translators*. Jefferson: McFarland & Company.
- Orlinsky, H M & Bratcher, R G 1991. *A history of Bible translation and the North American contribution*. Atlanta: Scholars Press.
- Rossouw, H W 1963. Klarheid en interpretasie. Enkele probleemhistoriese gesigspunte in verband met die leer van die duidelikheid van die Heilige Skrif. DTh-proefskrif, Amsterdam Vrije Universiteit.
- Smalley, W A 1991. *Translation as mission. Bible translation in the modern missionary movement*. Macon, Georgia: Mercer University Press.
- Smith, K 2002. Translation as secondary communication. The relevance theory perspective of Ernst-August Gutt, in Naudé & Van der Merwe 2002: 107-117.
- Thiselton, A C 1992. *New horizons in hermeneutics*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- Turro, J C 1983. *The trend and character of German Bible translation*. Ann Arbor: University Microfilms International.
- Van der Watt, J, Joubert, S, Human, D & Le Roux, J 1996. *Die Hoofskap met Psalms en Spreuke*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Van der Watt, J G 2002. What happens when one picks up the Greek text? in Naudé & Van der Merwe 2002: 246-265.
- Van Velzen, N C 1994. Het Boek, in Hollander, H W (red), *Spectrum van bijbelvertalings*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.
- Verdegaal, K 1998. De Statenvertaling, in Velzen *et al* 1998: 55-62.
- Vleugels, G 1994. Een bijbel met haken en notes? in Lorein 1994: 63-71.
- Von Rad, G 1972. *Wisdom in Israel*. London: SCM Press.
- Vosloo, W & Van Rensburg, F J (reds) 1993. *Die Bybel in Praktijk*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- (reds) 1999. *Bybelleemium Eenvolumekommentaar*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Vosloo, W 2001. Hoe om die Bybel beter te verstaan: Verklarings van die Bybel in Afrikaans. *Verbum et Ecclesia* 22(1), 178-190.

- Walls, A F 1990 The translation principle in Christian history, in Stine, P (ed), *Bible translation and the spread of the church. The last 200 years*, 24-39. Leiden: E J Brill
- Wegner, G S 1985. *In die begin was die Woord*. 2de uitg. Kaapstad: Human & Rousseau
- Weiss, P F D 1990 *Feite en foute. Oor Bybeltekste en Bybelvertalings*. Kaapstad: Lux Verbi
- Welzen, P H M, Deckers-Dijs, M C N, Smit, J F M & Verdegaal, C M L (reds) 1998. *Exegeten aan het werk. Vertalen en interpreteren van de bijbel*. 's-Hertogenbosch: Katholieke Bijbelstichting.
- Wendland, E R 1987. *The cultural factor in Bible translation. A study of communicating the Word of God in a Central African cultural context*. London: United Bible Societies. (UBS Monograph Series, No 2.)
- 2002. Towards a 'literary' translation of the Scriptures: with special reference to a 'poetic' rendition, in Naudé & Van der Merwe 2002: 164-201.
- Zenger, E 1998. Die Bücher der Weisheit I, in Zenger, E (Hrsg), *Einleitung in das Alte Testament*, 291-296. 3. Aufl. Berlin: Verlag W Kohlhammer.

Christo Lombaard, Departement Ou Testament / Telematiese Onderrig, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002, Republiek van Suid-Afrika.
E-pos: clombaard@ccnet.up.ac.za

2.5 Publication 3: Introduction

“The Bible in the apartheid debate”, in Hofmeyr, JW, Lombaard, CJS & Maritz, PJ (eds) 2001. *1948 + 50 years. Theology, apartheid and church: Past, present and future* (Perspectives on the Church / Perspektiewe op die Kerk, Series 5: Vol. 1), 69-87. Pretoria: IMER (Institute for Missiological and Ecumenical Research), University of Pretoria.

Die nuusmedia kan sigself egter met reg teen bostaande kritiekpunte verdedig deur aanspraak te maak op die waghond-funksie (ook genoem die *fourth estate*) wat nuusinstellings binne 'n dinamiese demokrasie vervul. Die nuusmedia vervul naamlik dié rol dat dit regeringsinstellings (in al drie hoedanighede: wetgewend, regsprekend en uitvoerend) onder die vergroot-glas beskou ter wille daarvan om die samelewing teen misbruike van gesag te beskerm (kyk onder andere Hulteng & Nelson 1983:74ff). 'n Kritiese instelling jeens hierdie gesagsliggame in die samelewing is dus 'n inherente deel van die pers se identiteit - iets wat in Afrikaanssprekende kringe, wat volgens populêre opinie gesag eerder respekteer as bevraagteken, dikwels op sigself alreeds moeilik aanvaarbaar is. Daarmee saam word die antwoord op die "alleen slegte nuus"-aanklag gewoonlik vanuit perskringe beantwoord met die gedagte dat slegte nuus nie deur die media geskep

word nie; die media reflekteer gewoon die negatiewe gebeure in die samelewing. Die implikasie van hierdie verslaggewing is dan dat daar dan stappe geneem sal word deur individue/instansies in die samelewing om hierdie sake te probeer regstel. Die nuusmedia help dus die samelewing om sigself te verbeter, en vervul dus in dié opsig 'n "wasbalie"-funksie⁽²³⁾.

Die gedagte wat aan die grond van dié roltoekenning lê is die volgende: die drie bene van die moderne staat - wetgewend, uitvoerend en regsprekend - het geen absoluut betroubare ingeboude kontrole wat die burgers beskerm teen magmisbruik deur die regering van die dag nie. Selfs met 'n grondwet en handves van menseregte wat daarop gemik is om die publiek teen die staat (en, in sekere demokrasieë, teen mekaar) te beskerm, kan die landsburger nie self te wete kom hoedat wanadministrasie, wange-drag en ander euwels hom/haar benadeel nie. Die taak van die pers is dus nie om te rapporteer wat *aangaan* nie, maar wat *verkeerd gaan* (Beckett 1994:3). Op dié manier vervul die pers dus 'n edel, selfs 'n profetiese rol binne 'n demokratiese samelewing⁽²⁴⁾. Waar die perswese egter soms norme - dit is sowel eie standaarde as verwagtinge van buite die onmiddellike joernalistieke kring - oortree, kan daar natuurlik met reg kritiek uitgespreek word, ook sover dit die interpretasie of singewing van 'n nuusitem aangaan (vergeelyk Molefe 1994:132-133). As 'n mens egter op Rawlsiaanse wyse⁽²⁵⁾ moes kies tussen 'n samelewing met 'n ooraktiewe pers en een met 'n onderaktiewe pers, sal die meeste mense waarskynlik eersgenoemde kies. By hierdie profeties-kritiese benadering van die pers kan die prediking met groot vrug aansluit, waarskynlik tans gemakliker as voorheen, noudat die Afrikaanse kerke nie meer in die bevoorregte magposisie van vroeër staan nie.

Behalwe vir dié "edele" motief, is daar ook verbandhoudend daarmee markgerigte redes waarom slegte nuus "goeie nuus" is: "That's the trouble with all the 'give us good news' demands the people are constantly making of the press. People might think they want good news and say they want good news, but what they actually read is bad news. Bad news is crisp; good news is dull... It's not that

editors are ghouls; it's that people are more gripped by a snake striking than by a doe grazing." (Beckett 1994:4).

4.3 "...mens moet met waarheid st..."(26)

Dan is daar ook die objektiwiteitsideaal waaraan die meeste predikante - soos tewens die grootste deel van die samelewing - hulself verbonde voel. Enersyds is dié objektiwiteitsideaal egter onmoontlik: die beperkinge van tyd en spasie in die joernalistieke prosesse, die eienskappe van taal, die menslike beperktheid van nuusskrywers, -redakteurs en -lesers, en dies meer, maak 'n verhewenheid bo menslike invloed op "slegs wat gebeur het" 'n blote droom-beeld (geïnspireer deur 'n veelheid van antiek-Griekse en modernistiese filosofiese oorwegings). Andersyds is só 'n kliniese objektiwiteitsideaal ook onwenslik, want dit is onmenslik: om slegs "feite" te hanteer sonder om die implikasies en toepassingswaardes daarvan eksplisiet uit te lig. Dié tipe objektiwiteitsideaal impliseer dus prakties joernalistieke funksieversaking, en mense sal daaronder ly (vgl. Lombaard 1990:12-75). Niemand het beter toegang tot die interpretasiemoontlikhede oor nuusgebeure as die joernalis self nie, en dié moontlikhede is net soveel deel van die werklikheid as die "feite". Die "feite" alleen is dus slegs die halwe waarheid. Die werklikheid behels méér. (Om kortweg 'n voorbeeld te gee: "Huis sak weg in sinkgat" is feitelike, "harde" nuus. Gerugte dat streeksowerhede al 'n tyd lank vermoedens hieroor geheim hou, is egter net so belangrik, en so-ook die voortgaande mynbedrywighede in die omgewing. Al is laasgenoemde twee sake minder openlik en meer spekulatief van aard as die aanvanklike tragedie, moet dit uitgewys word, want politieke verantwoordelikheid en menselewens - beide konkrete sake! - is op die spel.)

Met die kliniese objektiwiteitsideaal as beide onbereikbaar en onwenslik gestel, is "onpartydigheid" ook nie 'n realistiese verwagting om op die nuusmedia te plaas nie (vergelyk onder andere Eldridge 1993:148ff). "Koerante is betogende instellings en nie neutrale instellings nie" (De Klerk 1983:7); "koerante (is) draers

van 'n bepaalde boodskap" (Vosloo 1982:16); 'n koerant is 'n instelling wat "sy beginsel-sê sê" (De Klerk 1982:7) - beginsels wat "gekoppel is aan bepaalde politieke en samelewingstandpunte" (Vosloo 1982:18). Hierdie "koninkryksroeping" (De Klerk 1982:7) of "roepingsbewustheid" (Vosloo 1982:18) verskaf 'n raamwerk vir die bepaalde koerant se verslaggewing. "Geen koerant ... is neutraal nie" (De Klerk 1983:8). Geen koerant durf sigself ook as neutraal uitgee as dit eerlik wil wees met die leserspubliek nie. En geen koerant durf sigself as objektief uitgee as rolvervulling ernstig opneem word nie. Openlikheid oor waar 'n koerant, die eienaars daarvan en die skrywers daarin se simpatieë lê, is egter broodnodig. Bekendheid met hierdie voorkeur-belange van 'n koerant sal ook die gebruikswaarde daarvan vir predikers verhoog, want wedersyds gedeelde én uiteenlopende waardes is in die oopte. Verdere interpretasie en singewing kan nou vanuit Bybels-teologiese hoek in die prediking geskied.

4.4 Persvryheid

Gepaardgaande met hulle verskillende benaderings tot die rol van die pers, blyk teoloë en joernaliste ook verskillende opvattinge rondom die konsep *vryheid van die pers* te hê. 'n Voorbeeld van elk sal dié verskille duidelik maak. Ter aanvang, die siening van 'n teoloog (Du Toit 1992:4 kolom 2):

"Venynige en onophoudelike kritiek, die skromelike skending van mense se privaatheid, die vooruitloop van demokratiese en geregtelike prosesse, blatante sensasionalisme en ander verskynsels word die kenmerke van die sogenaamde 'vrye pers'."

Hier skimp die term "vrye pers" op iets soos 'n bandelose pers. Stel dit byvoorbeeld teenoor die volgende aanhaling uit 'n satiriese kommentaar-kolom van 'n joernalis (Bullard 1998:2):

"Do we have a right to know these things and to pry into a public figure's private life? The answer is a resounding yes. Politicians delight

in our adulation and we are expected to turn up and applaud them at political rallies or ... hang on to their every word during television news broadcasts. They are not shy to tell us how to live our lives and to claim that they represent family values, honesty, integrity and all those good wholesome things. So, when we find out that their own sordid lives are rather removed from what they expect from the rest of us, we have every reason to crow and bay for blood”.

In hierdie denkllyn verteenwoordig die “vrye pers”-gedagte die idee dat die pers ‘n waghond-funksie jeens maghebbers namens die samelewing in den breë het. Anders gestel: ‘n gesonde demokrasie huisves ‘n gesonde pers (vergelyk ook De Klerk 1990:232).

Vir die kerk en predikante om volle nut te put uit die joernalistieke genres, is groter waardering vir die rol en selfbeeld van die pers dus nodig⁽²⁷⁾.

4.5 Samevatting

Op verskillende tye kom kerk en pers in konflik (Froneman 1989:1-5), en vir ‘n verskeidenheid van redes. Vir kerk en koerant om mekaar se ja-broers te wees, is hoogs ongesond vir beide hierdie samelewingsinstellings en vir die samelewing as geheel. Miskien is die beste formulering van die algemene verhouding tussen kerk en pers, minstens soos wat dit binne die Afrikaanssprekende gemeenskap ontwikkel het, steeds “onafhanklikheid-in-gebondenheid, vriendskap-in-spanning” (Pienaar 1979:130-131).

Dat hierdie twee “samelewingsverbande”⁽²⁸⁾ op verskillende wyses oorvleuel, staan tans vas. Dit is juis hierdie oorvleueling wat dit moontlik maak vir die kerk om die pers aan te wend; meer spesifiek gestel: vir predikers om die kommentaarkolomme aan te wend ten behoeve van kontekstuele prediking. Dit is juis oorvleueling, parallele, analogieë tussen die antieke wêreld - gereflekteer in die Bybelse tekste - en óns wêreld - gereflekteer in onder andere kommentaar-joernalistiekkolomme - wat kontekstuele, konteks-sensitiewe prediking hoege-

naamd moontlik maak⁽²⁹⁾. Die hulpmiddels vir die lees van die *antieke tekste* in hul ontstaanswêreld is goed bekend aan predikante in die Afrikaanstalige kerke. Naas 'n reeks ander moontlikhede wat predikante kan aanwend om beter insig in die *moderne wêreld*, hulle arbeidsmilieu te verkry, bied kommentaarjoernalistiek ook 'n bruikbare instrument daarvoor.

5 SLOT

Die valse sosio-politieke sekerhede wat soms van preekstoel af verkondig word (vgl. Stott 1982:169-170 & Van Niekerk 1993:67-73) sal bes moontlik getemper word daardeur dat predikers via die kommentaarkolomme van koerante aan 'n veelheid kompeterende - en soms ewe aantreklike, hoewel weersprekende - interpretasies blootgestel word. Die kompleksiteit van sake sal nie meer so maklik misgekyk kan word nie. Daarmee saam sal die wyse van kommunikasie in die prediking ook beïnvloed word: eerder as dat finale *antwoorde* van die preekstoel af verskaf word, sal die *interaksie* tussen God, mens en wêreld eerder in preke aan die orde gestel word. "Communication is about *negotiating* messages, not *transmitting* meanings" (Bluck 1989:3, klem toegevoeg)⁽³⁰⁾.

Waar Afrikaanse preke tydens politieke verskuiwingstydperke te dikwels nie die sake van die dag aangeraak het nie (vergelyk Cilliers 1996:3-4, 11; Cilliers 1994:1-13; Pieterse & Theron 1994:141-142, 153-154), kon die kommentaarjoernalistiek dit uit sy wesenssaad wel doen⁽³¹⁾. Die verantwoordelikheid lê tans by predikers om hierdie leermeesters hierdie kuns te gaan afvra. Die pers by uitstek bied insiggewende analises op toeganklike wyse aan die leserspubliek. Om nie hierdie hulpbron, of 'n ander hulpbron wat soortgelyk kan funksioneer, te gebruik nie, is om die saak van kontekstuele prediking skade aan te doen. Gebrek aan kontekstuele prediking impliseer op sy beurt weer die teenoorgestelde van 'n belydenis wat aan die hart van die Gereformeerde teologie lê: dat die Bybel die lewende Woord van die lewende God is.

ENDNOTAS:

⁽¹⁾ Hierdie artikel is in 'n ander formaat gepubliseer, onder dieselfde titel, as 'n meer uitgebreide hoofstuk (met preekvoorbeeld) in Lombaard 1999. Die ander bydraers tot die boek was Du Toit (1999:4-21), oor kontekstuele prediking met behulp van rolprente; Lourens (1999:47-69), oor kontekstuele prediking met behulp van boeiende kunswerke; Mulder (1999:70-92) oor kontekstuele prediking met behulp van moderne musiek; en Vos (1999:93-110), oor kontekstuele prediking met behulp van letterkunde. Hierdie weergawe word hier gepubliseer weens die beperkte verspreiding van die boek.

⁽²⁾ My dank aan Dr Hans-Anton Drewes en Beat Huwiler, op verskillende wyses verbonde aan die *Karl-Barth Archiv* en die *Theologische Fakultät* te Basel, Switserland, vir hulle hulp om hierdie aanhaling op te spoor. Die bron is: K Barth-E. Thurneysen: *Briefwechsel*, Vol. 1: 1913-1921. Zürich: Karl Barth-Gesamtausgabe V, 1973, p 300. Perkins (1984:18), soos vele ander, sinspeel waarskynlik op bostaande aanhaling as hy skryf: "... Bible study requires 'the Bible in one hand and the newspaper in the other'. It must be contextual."

⁽³⁾ Die studie van Van Vuuren 1990, veral pp 212-228, verdien om in dié rigting uitgebrei te word.

⁽⁴⁾ Kontekstuele prediking het nie net met politiek te make nie; eweneens kan dit nie aan politiek verbygaan nie - Van Niekerk 1993:67-69.

⁽⁵⁾ Die metode van predikantsopleiding bly 'n moeilike keuse: afstandsonderrig het dié voordeel dat studente nie vervreemd raak van die samelewing nie, maar die kwaliteit akademiese tyd kan hier in gedrang kom; daarteenoor, met residensiële opleiding, verval studente maklik oor die opleidings tyd heen in 'n "eiland-situasie" waardeur intieme kontak met die breë samelewing verloor kan word, maar wat weer juis akademiese toewyding kan bevoordeel.

⁽⁶⁾ Ebersöhn (1982:1) waarsku tereg dat die kommunikasiemedie geen "wondermiddels" bied nie. Ook hier word geen kommunikasiëkurs aangebied nie; hoogstens een moontlikheid tussen vele ander.

⁽⁷⁾ Vir verskillende wyses van geskiedskrywing oor die (Suid-) Afrikaanse pers, sien byvoorbeeld Van Deventer 1993, Mervis 1989, Crwys-Williams 1989, Clarke 1987, Argus 1989, Meiring 1987, Diederichs 1993:71-98, Alhadeff 1976; verbandhoudend, kyk ook die boeke geresenseer deur Tomaselli 1995:61-70. Die mees resente - en toeganklike - oorsig oor die praktiese aspekte van die joernalistiek, is dié van Froneman 1998.

⁽⁸⁾ Die *hoofartikel* moet nie verwar word met die *hoofberig* nie. Laasgenoemde is die berig wat op die voorblad van 'n koerant onder die hoofopskrif verskyn. Die *hoofartikel* daarenteen is die amptelike kommentaarartikel van die koerant wat gewoonlik in 'n spesiale kolom op die hoofartikelblad, nader aan die middel van die koerant, verskyn. Op dié bladsy en op die bladsy direk daarnaas (die sogenaamde "*op-ed page*") word die eksplisiete kommentaarbydraes van 'n koerant tradisioneel aangetref. Ten opsigte van hierdie kommentaarbydraes, kan onderskei word tussen die kommentaar gelewer in die hoofartikelkolom (wat eerder aan die koerant se amptelike opinievormers as aan 'n spesifieke persoon gekoppel moet word), betaalde kommentaarskrywers, en briëfskrywers (vgl. Nel 1994:58).

⁽⁹⁾ Kyk ook De Klerk 1982:7. Vir ons doeleindes hier word dié kenmerke gewoon fenomenologies, eerder as prinsipiële-teologies beskryf. Vir laasgenoemde, word lesers na die tradisionele dogmatiek-werke verwys.

⁽¹⁰⁾ 'n Onderskeid moet egter hier getref word: waar die kerk dikwels in praktyk sy opvoedingstaak as godsdienstige en morele *rigtinggewing* sien, is die pers se opvoedingstaak meer gerig daarop om lesers te help *aanpas* by kontemporêre omstandighede. Waarskynlik is dit sulke verskillende opvattinge (wat wel kan oorvleuel) wat aanleiding gee tot heelwat van die debatte tussen kerk en koerant. Kyk byvoorbeeld, Du Toit 1992:4 kolom 3.

⁽¹¹⁾ Verbandhoudend, die opmerking van Bluck (1989:2-3) waarin hy onder andere teologie en joernalistiek vergelyk: "the location of enormous power, once held by the poets and priests of traditional societies (is now held) by the magnates and gatekeepers of modern electronic media".

⁽¹²⁾ Natuurlik is die teenoorgestelde ook waar: die pers kan weer by die kerk aanklop as dit kom by sake soos teologiese uitsprake, morele oordele en dies meer. Beide kerk en pers moet mekaar se waarde kan waardeer (Froneman 1989:ii; De Klerk 1982:7).

⁽¹³⁾ Met opinie-"bondels" word bedoel 'n min of meer logies samehangende reeks opinies oor 'n verskeidenheid van sake. Die samehang van die opinies word moontlik gemaak deur onderliggende waardes. Ideaal gesien, sal al 'n mens se opinies logies verband hou met mekaar, en sal daar nooit teenstrydigheids wees nie. Menslik gesproke is daar egter heelwat inkonsekwentheids, weens 'n reeks onderliggende waardes - en ook emosies - wat dikwels onondersoek bly en net implisiet in opinies en houdings na vore kom.

⁽¹⁴⁾ Dit verg byvoorbeeld 'n gevestigde industriële en finansiële sektor om 'n koerant met oorwegend ekonomiese nuus lewensvatbaar te maak; 'n groot aantal skandaalblaie se ook iets oor die samelewing wat dit finansiël dra.

⁽¹⁵⁾ "Belangrikheid" word in die nuusmedia deur middel van die tegniese term "nuuswaardigheid" aangedui. De Beer (1977:39-40; cf. 40-75) sistematiseer nuuswaardigheid tot twee dimensies, te wete *afstand* (waargenome nabyheid van nuusgebeure, insluitend beide tyd en ruimte) en *intensiteit* (invloed, omvang en die ongewoonheid van nuusgebeure). Dieselfde kenmerke speel 'n rol in die bevordering van aktuele prediking: preke wat naby aan die hoorder se leefstyl en leefruimte kom, en wat daarby die potensiaal tot groot invloed het, sal as relevant waargeneem word. Preke wat sigself skuldig maak aan die teenoorgestelde, sal daarenteen as irrelevant beleef word. Sulke irrelevante kommentariëring word soms in die Amerikaanse kommentaarjoernalistiek "*Afghanistanisme*" genoem: slegs sake wat ver genoeg van die kommentator en lesers verwyder is, en dus "veilig" is, word aangeraak, sodat geen persoonlike konsekwensies daaruit spruit nie. Preke wat hulself aan "*Afghanistanisme*" skuldig maak sal ewenotus lewensvreemd voorkom.

⁽¹⁶⁾ In sake spesifiek die toekoms, merk De Klerk 1983:11-12 op dat die pers dikwels 'n voorloper met sosiale (r)evolusie is.

⁽¹⁷⁾ Die teologiese parallel hierop is ooglopend

⁽¹⁸⁾ My dank aan die samestellers van twee internet-tuisblaie wat vertalings van Engelse rekenaar-verwante terme, in dié geval van die frase "search engine", voorstel:

* <http://www.afrikaans.com/index6.html#Rekenaarterminologie>, en

* <http://www.geocities.com/Wellesley/5897/le06.html>.

⁽¹⁹⁾ Bluck 1989:55-56 lys die voor- en nadele van die verskillende massamedia (Internet egter nog uitgesluit).

⁽²⁰⁾ Predikante sien die massamedia óf as "the new Moloch, the modern idol to which faith, truth and human values are being sacrificed" óf as "a powerful and theologically neutral instrument ... to communicate Christian truth to millions ..." (Forrester 1993:67). Kyk ook Ebersöhn 1982:1-9; De Klerk 1982:7; Pieterse 1988:26-31; Vorster 1995:444, 452-455, 462.

⁽²¹⁾ Bydraend hiertoe is onder andere die volgende twee faktore: die tydsdruk waaronder joernaliste verkeer, asook die skryfstyl-vereistes van die joernalistieke genre en sub-genres (wat na vore kom selfs wanneer joernaliste meer omvattende publikasies lewer - kyk Tomaselli 1995:62).

⁽²²⁾ So byvoorbeeld, skryf Du Toit (1992:4 kolom 1): "Dit beteken natuurlik nie dat die waarheid (in koerante) verswyg moet word nie, maar wel dat dit in liefde gepraat word, soos die Bybel van ons vra". Dié tipe redenasie laat egter buite rekening dat dele van die Bybel self erg krities, en "liefdeloos" so, staan teenoor partye van wie verskil word. Vergelyk byvoorbeeld die verskillende blikke wat op die instelling van die koningskap in die Ou Testament gebied word.

⁽²³⁾ Ek neem hierdie terminologie oor van 'n mondelinge mededeling deur Dr. Willem de Klerk in 1988.

⁽²⁴⁾ Vir 'n opsomming van teorieë oor en kritiek op die massamedia, kyk Jansen 1989 en Jansen & Steinberg 1991. Vir 'n opsomming van die etiese dilemmas wat saamhang met die perfwese, kyk Froneman & De Beer 1993:249-268; ook Molefe 1994:129-134. Kyk Nel 1994:205-206 (ook 212-217) vir 'n kort opsomming van etiese benaderings binne die joernalistiek. De Klerk (1983:10-11) lys die pers se paradoksale etiese norme en riskante optrede. Kyk Bluck 1989:44-51 vir 'n opsomming van sieninge oor die invloed van die media.

⁽²⁵⁾ Die regsfilosoof John Rawls het die volgende model voorgestel om by die mees regverdige samelewing moontlik uit te kom: gestel 'n mens sou nie weet wie jy in die samelewing gaan wees nie, en jy het dan 'n aandeel in die skepping van daardie samelewing voordat jy deel daarvan word, sal jy 'n samelewing daarstel waarin by verre die meeste mense 'n redelike veilige bestaan kan voer. Kyk byvoorbeeld Rawls 1971; veral pp 11-13 bied 'n eenvoudige verduideliking van sy teorie.

⁽²⁶⁾ Aanhaling uit *In simplicate cordis*, NP van Wyk Louw, in *Tristia* 1962:24.

⁽²⁷⁾ De Klerk 1982:7 skryf: "Die kerk moet ook begrip en beheersing hê van die taal van die koerantmedium."

⁽²⁸⁾ J A Heyns se terminologie; kyk veral Heyns 1986.

⁽²⁹⁾ "... der Text selber ist unter geschichtlichen Verhältnissen hervorgebracht worden, und die Interpretation des Textes wird unter gegebenen historischen Verhältnissen hervorgebracht" (Deist 1983b:38). Kretzschmar 1986:73 gee 'n nuttige grafiese voorstelling van hierdie proses.

⁽³⁰⁾ Kyk ook Bluck (1989:3-24) se hantering van J Fiske se onderskeid tussen kommunikasie as 'n starre proses en kommunikasie as 'n uitruil van betekenis. Dié onderskeid kan saamgevat word met die Afrikaanse woordspel-onderskeid tussen 'n mededeling en mede-deling van betekenis.

⁽³¹⁾ Selfs al het dit soms ook 'n leerproses in kleiner streekskoerante geverg - vergelyk Jansen 1995:210-211.

BIBLIOGRAFIE

Alhadeff, V 1976. *A newspaper history of South Africa*. Cape Town: Don Nelson.

Argus 1989. *The Argus book of press photographs*. Cape Town: Struikhof Publishers.

Aakes, H 1990. Enkele opmerkings oor die hedendaagse prediking en prediker in die susterkerke soos gesien deur die bril van 'n gewone lidmaat. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* XXXI/3: 452-463.

Barth, K & Thurneysen, E 1973. *Briefwechsel*, Vol. 1: 1913-1921. Zürich: Karl Barth-Gesamtausgabe V, 1973.

Beckett, D 1994. When it's good, it's really bad. In Nel, F (ed.) 1994: *Writing for the media*. Halfway House: Southern Book Publishers, pp 3-5.

Bluck, J 1989. *Christian communication considered*. Geneva: WCC Publications.

- Bullard, D 1998. Oh for an honestly naughty politician with a decent housing policy (Sunday satire: Out to lunch). *Sunday Times Business Times*. February 15 1998. p 2.
- Burd, G 1987. Newspaper reporting and sociological techniques. *Equid Novi* 8/2, 1987:85-102.
- Burger, J A 1987. Die Psalms. In Burden, J J & Prinsloo, W S (reds) *Tweegesprek met God. Predikers, digters en wysgere* (Die literatuur van die Ou Testament, Deel 3). Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Cilliers, J H 1994. Die teologiese onderbou van die prediking - 'n analise en beoordeling van Nederduitse Gereformeerde volksprediking (1960-1980). *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9(1): 1-13.
- Cilliers, J 1996. *Die uitwissing van God op die kansel. Ontstellende bevindinge oor Suid-Afrikaanse prediking*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Clarke, J (ed.) 1987. *Like it was. The Star 100 years in Johannesburg*. Johannesburg: Argus Printing and Publishing Company.
- Crwys-williams, J (ed.) 1989. *South African despatches. Two centuries of the best in South African journalism*. Johannesburg: Ashani Publishing Limited.
- De Beer, A S 1977. *Nuuswaardes en nuuswaardigheid*. Johannesburg: Boekhandel De Jong.
- Deist, F E 1983a. *Verandering sonder geweld?* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Deist, F E 1983b. *Bibelinterpretation und/als Ideologiekritik. Old Testament Essays* 1: 26-48.
- Dekker, G 1982. Co-operation between sociologists and theologians. *Journal of Theology for Southern Africa*, No 38, March 1982:10-18.
- De Klerk, W 1982. Kerk en koerant - riglyne en raakpunte. *Die Kerkbode*, 29 September 1982, p 7.
- De Klerk, W J 1983. *Persparadokse* (Introreede as Hoogleraar in Kommunikasieleer, Randse Afrikaanse Universiteit; Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit). Johannesburg: R.A.U.
- De Klerk, W 1990. The press in the new South Africa. *Equid Novi* 11/2: 232.
- Diederichs, P 1993. The fourth estate: a cornerstone of democracy. In De Beer, A S (ed.) *Mass media for the nineties. The South African handbook of mass communication*. Pretoria: JL van Schaik, pp 71-98.
- Die Hervormer* 89/4: Redaksioneel: Vervelige prediking, 15 Mei 1996, p 4.
- Du Toit, D (Prof.) 1992. Wat skryf en lê ons? *Die Kerkbode* 150/8. 21 Augustus 1992, p 4.
- Du Toit, D (Ds) 1999. Film en prediking. In Lombard, C. (red.) "... in die wêreld..." *Vyf bydraes tot kontekstuele prediking*. Johannesburg: Lewende Woorde (Dept. Griekse en Latynse Studies, Randse Afrikaanse Universiteit), pp. 4-21.
- Ebersöhn, J F P 1982. Die kerk en die kommunikasie-media. In Van Zyl, P J & Ebersöhn, J F P (reds) *Instructa 80 (Volume 2): Church and media / Kerk en media*. Durban: Butterworth, pp 1-9.
- Eldridge, J 1993. Ill news comes often on the back of worse. In Arthur, C (ed.) *Religion and the media. An introductory reader*. Cardiff: University of Wales Press, pp 147-161.
- Ellul, J 1985. *Autopsy of revolution*. New York: Knopf.

- Face to face Looking at life's challenges* 01/02: Jerusalem Chronicle. Cape Town: Worldwide Church of God, Nov/Dec 1997, pp 16-17.
- Forrester, D B 1993 The media and theology: some reflections. In Arthur, C (ed.) *Religion and the media. An introductory reader*. Cardiff: University of Wales Press, pp 67-78.
- Froneman, J D 1989. 'n *Beeld van die kerk in die pers. 'n Joernalistieke ondersoek na kerklike beriggewing in die dagblad Beeld in 1982* (ongepubliseerde M.Joern verhandeling). Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Froneman, J & De Beer, A S 1993. Media ethics. Thorny questions with diverse answers. In De Beer, A S (ed.) *Mass media for the nineties. The South African handbook of mass communication*. Pretoria: JL van Schaik, pp 249-268.
- Froneman, J D 1998. *'n ABC en XYZ van joernalistiek*. Potchefstroom: Die skrywer, Departement Kommunikasiekunde. PU vir CHO.
- Heyns, J A 1986. *Teologiese etiek*, Deel 2/1. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Hollenweger, W J 1997. A plea for theologically responsible syncretism. *Missionalia* 25/1: 5-18.
- Hulteng, J L & Nelson, R P 1983. *The fourth estate. An informal appraisal of the news and opinion media* (second edition). New York: Harper & Row, Publishers.
- Jansen, D 1995. Die beoefening van die joernalistiek binne die plaaslike en streekkoerantopset, *Ecquid Novi* 16/1 & 2: 209-212.
- Jansen, N 1989. *Philosophy of mass communication research* (Communicamus 3). Cape Town: Juta & Co. Ltd.
- Jansen, N & Steinberg, S 1991. *Theoretical approaches to communication* (Communicamus 7). Cape Town: Juta & Co. Ltd.
- Kraft, R 1999. Ecumenism and the Internet. In Lombaard, C. *Essays and exercises in ecumenism*. Pietermaritzburg: Cluster Publications, pp 379-392.
- Kretzschmar, L 1986. *The voice of black theology in South Africa*. Braamfontein: Ravan Press.
- Le Roux, J H 1996. Politieke mag, die Ou Testament en kerkeenheid. *Skrif en Kerk* 17/2: 359-372.
- Lochhead, D 1997. *Shifting realities. Information technology and the church* (Risk Book series). Geneva: WCC Publications.
- Lombaard, C J S 1990. *Oorredingsveranderlikes in redaksionele kommentaar in koerante: 'n verkenning* (ongepubliseerde MA-verhandeling). Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Lombaard, C (red.) 1999. "... in die wêreld..." *Vyf bydraes tot konteksuele prediking*. Johannesburg: Lewende Woorde (Dept. Griekse en Latynse Studies, Randse Afrikaanse Universiteit).
- Lourens, M 1999. Konteksuele prediking met behulp van die beeldende kunste. In Lombaard, C. (red.) "... in die wêreld..." *Vyf bydraes tot konteksuele prediking*. Johannesburg: Lewende Woorde (Dept. Griekse en Latynse Studies, Randse Afrikaanse Universiteit), pp. 47-69.
- Louw, C 1989. Die dominee as nuushond. ... omgang met 'n "veel groter gemeente". *Die Suid-Afrikaan*. Nr 19, Februarie 1989:22-23.

- Meiring, P 1987. *Die Transvaler. 50 jaar*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Mervis, J 1989. *The fourth estate. A newspaper story*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Molefe, Z B 1994. Journalists and social justice in South Africa. *Ecquid Novi* 5/1: 129-134
- Mulder, F 1999. Kontekstuele prediking met behulp van rock-musiek. In Lombaard, C (red.) "... in die wêreld..." *Vyf bydraes tot kontekstuele prediking*. Johannesburg: Lewende Woorde (Dept. Griekse en Latynse Studies, Randse Afrikaanse Universiteit), pp. 70-92.
- Nel, F 1994. *Writing for the media*. Halfway House: Southern Book Publishers.
- Nida, E A 1960. *Message and mission. The communication of the Christian faith*. Pasadena: William Carey Library.
- Niebuhr, H R 1975. *Christ and culture*. New York: Harper Colophon Books.
- Perkins, H L 1984. Bible study as an ecumenical exercise. In Webb, P (ed.) *Faith and faithfulness. Essays on contemporary ecumenical themes. A tribute to Philip A. Potter*. Geneva: World Council of Churches, pp 18-27.
- Pienaar, S 1979. *Genie van groot tye*. Kaapstad: Tafelberg.
- Pieterse, H J C 1988. Die legitimiteit en bruikbaarheid van die elektroniese massamedia in diens van die Woord. *Communicatio* 14/1: 26-31.
- Pieterse, H J C & Theron, J P J 1994. Die begeleiding van Afrikaanssprekende kerklidmate deur die prediking in die staatkundige oorgangsproses. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9(2): 141-154.
- Rawls, J 1971. *A theory of justice*. Oxford: Clarendon Press.
- Rutledge, F 1998. *The Bible and the New York Times*. Grand Rapids: Wm B. Eerdmans.
- Stott, J R W 1982. *Between two worlds. The art of preaching in the twentieth century*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Thom, J 1996. *Die Bybelkoerant. Nuus uit die Bybel vir vandag*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Thom, J 1997. *Die Bybelkoerant II. Nog nuus uit die Bybel vir vandag*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Thom J 1998. *The Bible Herald. Today's Bible news*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Tomaselli, K 1995. Review essay: Media in and on Africa. A review of recent books. *Critical Arts* 9/1: 61-70.
- Van Deventer, H 1993. *Scoops en skandes*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Niekerk, A 1993. Politieke prediking, die Ou Testament en die NG Kerk. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* XXXIV/1: 67-73.
- Van Vuuren, S M 1990. *Die verband tussen sekere persoonlikheidsienskappe en werkstevredenheid by die predikant* (ongepubliseerde proefskrif). Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Van Wyk Louw, N P 1962. *Tristia*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Vorner, J M 1995. Vernuwings in die prediking in die lig van hedendaagse lewensbeskoulike tendense? *In die Skriflig* 29/3: 443-466.
- Vos, C 1999. "'n Raaisel in 'n spieël. Kantaantekeninge oor lterkunde en homiletiek. In Lombaard, C (red.) "... in die wêreld..." *Vyf bydraes tot kontekstuele prediking*. Johannesburg: Lewende

- Woorde (Dept. Griekse en Latynse Studies, Randse Afrikaanse Universiteit), pp. 93-110.
- Vosloo, T 1982. Die redakteur - kaptein van die skip. In De Beer, A S (red.) *Journalistiek vandag*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk, pp 12-24.

2.11 Publication 6: Introduction

“The Bible and ecumenism”. *Ekklesiastikos Pharos* 83/1&2, 2001 (New Series 12), 149-160.

An analysis and critique is offered of the ways in which certain biblical passages are brought to communication in order to promote better relations between different Christian churches. Rather than unacceptable use of the Bible, firmer grounds for positive relationships between churches should be sought in a shared Christian identity.

The five recurring themes within my research on how the Bible was brought to communication within different spheres of the South African society, indicated in the the overview of the publications under review here, apply as follows to this specific publication:

- Theme 1 – Integrity & Theme 2 – Using the Bible well: In this case, these two themes feature together. The article in question here argues against the poor use of the Bible to further the ecumenical cause, because that would bring the integrity of the process and its justification into discredit, thus harming what is the essential and very positive enterprise of building relationships between different church denominations. Rather, by using the Bible well, the legitimacy of inter-church relations and, where appropriate, unifications, is well served.
- Theme 3 – Rhetorical functionality: Because of the heartfelt concern for the unity of the church (even when not meant organisationally), it is often easy to misinterpret biblical passages by pressing them into service in ways they were never designed to do. The Bible should however not be used as a simple rhetorical tool to offer further legitimacy to what is already a good cause. Rather, let then Bible speak on its terms.
- Theme 4 – Communicative imbalances: Rhetorical need is the cause for the misrepresentation of certain biblical passages. Rather, these passages, along with all the others, should be read and studied to form and inform what


may be called a Christian identity. It is through this identity that the ecumenical movement will find its strongest building blocks, rather than through seemingly more tangible proof texts. The latter, however, offers false comfort, when their textual and historical-contextual intent are distorted by modern interpreters in order to communicate what is the current perceived need.

- Theme 5 – Insights on religion provided by communication studies: Here too, sensitivity to what the ancient texts communicated, and what they may communicate to our times, lies at the heart of what cross-disciplinary scholarly activity – such as that between communication studies and religion – can render us.

All five these recurring themes in my research thus feature in this article.

ΕΚΚΛΗΣΙΑΣΤΙΚΟΣ

ΦΑΡΟΣ



**ΕΠΙΣΤΗΜΟΝΙΚΟΝ ΘΕΟΛΟΓΙΚΟΝ ΠΕΡΙΟΔΙΚΟΝ
ΣΥΓΓΡΑΜΜΑ ΤΟΥ ΠΑΤΡΙΑΡΧΕΙΟΥ ΑΛΕΞΑΝΔΡΕΙΑΣ**

ΕΚΚΛΗΣΙΑΣΤΙΚΟΣ ΦΑΡΟΣ

2001

**ΕΚΔΟΣΙΣ ΤΗΣ ΑΦΡΙΚΗΣ
ΝΕΑ ΣΕΙΡΑ 12**

**VOLUME 83 (1 & 2)
(NEW SERIES 12)**

**ΑΛΕΞΑΝΔΡΕΙΑ — JOHANNESBURG 2001
ISSN 1018-9556**

PART I / ΤΕΥΧΟΣ Α΄

CONTENTS * ΠΕΡΙΕΧΟΜΕΝΑ

<i>L.M. Jacobs & H. Viviers: Pinksterhantering in die van die Godsredes in die Boek Job (Job 38:1 - 42:6)</i>	1-14
<i>L.P. Maré: Psalm 150: Die Klimaks van die Regverdige se Lewensweg</i>	15-25
<i>W. Wessels : A Pentecostal Response to Violence in the book of Nahum</i>	26-45
<i>P. Chistofides & J.A. du Rand: The Functional Role in the Ethos of the Followers of Christ According to Paul</i>	46-59
<i>D.F. Tolmie: Paul's Rhetorical Strategy in Galatians 1:11 - 24 (Part 1).....</i>	60-76
<i>D.F. Tolmie: Paul's Rhetorical Strategy in Galatians 1:11 – 24 (Part 2).....</i>	77-92
<i>M. Clark: Paul's Teaching on Prophecy as Normal Liturgical Activity in the Early Church</i>	93-108
<i>P. J. Jordaan: Virtues and Vices in Colossians 2 and 3</i>	109-113
<i>H.F. Stander: Philip the Ethiopian Eunuch (Acts 8:26-40)</i>	114-127
<i>S. van Zyl: Rereading James 4:11-12</i>	128-137

PART II / ΤΕΥΧΟΣ Β'

CONTENTS * ΠΕΡΙΕΧΟΜΕΝΑ

<i>Σεβ. Μητροπολίτης Σεραφείμ Κυκλάδης: Αίρεση στον "Λόγον κατά Ελλήνων" του Μεγάλου Αθανασίου</i>	139-144
<i>Bredenkamp: Some Alexandrian Perspectives on the Relationship of Church and State: Athanasios and Kyrillos</i>	145-152
<i>C. de Jongh & J.A. du Rand: Toward a Hermeneutic of Responsibility</i>	153-165
<i>C. Lombaard: The Bible and Ecumenism</i>	166-177
<i>J.H. Barkhuizen: Creation and Nature as Personifications in the Homilies of Proclus, Bishop of Constantinople</i>	178-187
<i>D. Saddington: The Level of Literacy and Education Assumed in the Catechetical Writings of Gregory of Nyssa and Nicetas of Remesiana</i>	188-193
<i>T. Sansaridou – Hendrickx : "Ages of Life" in the Anonymous Chronicle of the Tocco (14th – 15th Centuries)</i>	194-206
<i>Bishop Antonius Markos: A Glimpse of the Coptic Orthodox Church Mission: Past and Present</i>	207-210
<i>E.A. Mantzaris: Greek Orthodoxy in South Africa: A Historical Periodisation</i>	211-225
<i>M. Konstantopoulos: The Very First Orthodox Churches in South Africa</i>	226-234
<i>A. Doukakis: ΑΓΙΑ ΒΑΡΒΑΡΑ - The Greek Orthodox Chapel at Farm Scheerpoort, Dist. Brits</i>	235-272
<i>J. L.P. Wolmarans Orthodoxy and Orthopraxis: Some Remarks in the light of James 2:14-26</i>	273-281

<i>J.D. Gericke: Reflections on the Dialectical Relation between Philosophy and Orthodoxy: A Platonic Approach</i>	282-296
<i>E.M. Cornelius: The Rebellion of Ancient Women in Aristophanes' Εκκλησιάζουσαι</i>	297-311
<i>M. J. Masango: Being the Church in Africa</i>	312-316
<i>L.D. Jafta: A Comparative Study of the Donatist and African Indigenous Churches</i>	317-330
<i>M. Clark: The Pentecostal Churches in Southern Africa</i>	331-349
<i>G.J. Steyn: Interpreting the Scriptures in Africa - Then and Now.....</i>	350-363
<i>G.J. Steyn: Teaching Ancient Greek in Africa</i>	364-381
<i>Σ.Π. Γαούτσης: Ο Καθολικός Επίσκοπος Evangelista Boni (1829-1897-) ένας ποιητής στα Επτάνησα του 19ου αιώνα</i>	382-428
<i>Χ. Καμαίτης: Η Τραγωδία του Σοφοκλή Αίας και το Ομώνυμο ποίημα του Γ. Ρίτσου από την Τέταρτη Διάσπαση</i>	429-448
<i>C. Matzukis: Cavafy of the Northern African Diaspora: His Attitude to Christianity and the Christian / Pagan Conflict in his Poetry.....</i>	449-458
<i>C. Matzukis: Cavafy's Hellenism and the English Influence</i>	459-475
<i>M. Piperides - Triandafillou: Greek Writers in South Africa</i>	476-482
<i>B. Hendrickx: Documents et Chartes dans la Chronique de Morée ...</i>	483-488

THE BIBLE AND ECUMENISM¹

by
Christo Lombaard

*Doctoral student: Department of Old Testament
University of Pretoria*

For many reasons, Christians relate various aspects of their lives to the Bible. This also holds true for the matter of ecumenism. In this article, some themes and texts from the Old Testament (particularism-universalism, inner-religious pluralism, Joshua 24) and New Testament (e.g. John 17) that may be related to the matter of ecumenism are discussed, with the conclusion that none really apply to what is understood as the ecumenical enterprise in our times. That should however not be taken to mean that ecumenism is therefore in some way an illegitimate enterprise. Without employing in invalid ways the Bible for our purposes, though, churches can and should remain committed to ecumenical endeavours based on a shared Christian identity created by the Holy Spirit. In such processes, the Bible as a unifying factor remains of central importance.

1. SO SAYETH SCRIPTURE?

Christians often want to relate their points of view to the Bible. The following are two of the (related) reasons why this is done:

1. Christians believe that the Bible is the inspired Word of God (though the term "inspiration" might be interpreted in different ways); and
2. Christians want to live in accordance with Scripture, that is, we want to let the Bible guide us in our daily lives.

Because many Christians live in such close contact with the Bible (regular readings, sermons, meditations, *et cetera*), it becomes easy to

¹ This contribution was first published in Lombaard, C (ed.) 1999. *Essays and exercises in ecumenism*. Pietermaritzburg: Cluster Publications, pp 26-41. It is republished here in an altered form, with the permission of the publisher, because of the widely divergent readership of the two publications involved.

forget the "great gap" (GE Lessing famously called it a *garstige Grabe*) that exists between us and the biblical texts in terms of time, culture, thought worlds and the like. This brings the risk that we might carry too much of our own thoughts into the Bible, thus:

1. not permitting the (differing) biblical texts themselves to speak clearly to us; and
2. allowing (selected) biblical texts to reaffirm only what we already believe.

This becomes an even greater danger when one passionately believes a certain point of view to be correct. Our emotional commitment might lead us to assume that God cannot but support this point of view, and therefore we "mine" the Bible (Bright 1967:121) for each possible text that might support our view.

In such circumstances, the way we understand the Bible, differently formulated, the way we allow the Bible to speak to us, becomes distorted. The give and take of understanding the ancient Holy Scriptures (what F Schleiermacher has described as the "hermeneutical circle" - see Thiselton 1992:204-236) becomes more a giving of meaning to the biblical texts and less a receiving of meaning from them.

These considerations may very well come into play when the subject of ecumenism comes under discussion.

2. SOME SAY YES, SOME SAY NO...

Ecumenism, though generally looked upon favourably in our times, was not and is not universally regarded as something positive among Christians. In addition, different churches see different models of ecumenical contact as preferable to others. In the explanation of such viewpoints, reference is often made to the Bible.

A question basic to current ecumenical debate, which is however not always asked, is the following: Is what we understand about ecumenism to be found in the Bible *at all*? Following on this, another discomfiting question needs to be asked: Should our understanding of ecumenism not be found in the Bible, would this mean that the Bible has nothing to do with our ecumenical concerns today? It is these two questions which will be addressed below.

2.1 Ecumenism in the Old Testament?

To find exact parallels to our ecumenical issues in the Old Testament is not possible. No texts in the Old Testament are concerned with the (re)unification of the people of God whose diversity had come to destroy their previous unity. Some interesting situations in the Old Testament

which seem related to ecumenism have been indicated (e.g. Rusch 1985:2-4). The problem with these situations is that they differ radically from any of our modern ecumenical concerns; ecumenical insights for today can therefore not be appropriately deduced from these texts.

Particularism (*Israel überall*) versus universalism (an "open doors" practice) in Israel is a much-investigated theme in Old Testament science. It is broadly accepted that there is a tension between these two strains of thought in the Old Testament. To illustrate: on the one hand, the 'am (people of Israel) is placed over against the *gôjim* (nations) as the chosen people of Yahweh (e.g. in 1 Chronicles 17:21). Terms such as *qahal* (congregation) and especially 'edah (gathering) have at least exclusivist overtones (see Berger 1989:199-201). The book Deuteronomy and other Old Testament books influenced by it (e.g. Exodus, Leviticus, Numbers, the Prophets - see Clements 1989:50-60, 95-99), the Priestly writings (e.g. Leviticus, Numbers), as well as other post-exilic literature (e.g. Ezra, Nehemiah), contain coinciding themes of "Yahweh alone" and "Israel alone". Particularism (or exclusivism) represents a definite understanding within Israel's history.

Of course, this "drawing of boundaries" had more to do with the exclusion of other religions than with separation between segments of the same religion. This distinction, however, becomes slightly blurred if one accepts theories such as the Kenite origin of Yahwism (i.e. that Moses learnt Yahwism from Jethro, a Kenite priest - Exodus 2:16-3:4, 18:1-27; see De Moor 1990: 6, 223ff for a recent discussion) or a closer Edomite-Israelite relationship, including religion, than was traditionally assumed (Hoekveld-Meijer 1996).

Conflict between different groups within Yahwism is however also found in the Old Testament. Rival politico-religious parties were often found in Israel, throughout its history (Albertz 1992a & 1992b). But here once again we have to bear in mind that the issue of the (dis)unity of different church structures was never implied. Furthermore, whereas state politics play a relatively minor role in the modern ecumenical movement, for the ancient near eastern sensibilities there was no such division between politics and religion. To this may be added the fact that this relationship (religion - politics) differed in the various periods of Israel's history (Albertz 1992a & 1992b). This state-faith connection in the Old Testament makes a translation of those circumstances into our modern secular-ecclesial separation very difficult. The *garstige Grabe* allows only for tenuous application at best.

The closest that ancient Israel's religion came to some kind of parallel with our modern ecumenical concerns lies in the pre-monarchic period.

If one accepts the famous "*Gott der Väter*"-hypothesis of A Alt (1929), some parallels may be perceived. Alt proposed that different groups carrying independent traditions of the God of Abraham, the Fear of Isaac (e.g. Genesis 31:42a) and the Mighty One of Jacob (e.g. Genesis 49:24b), were united into one common religious tradition (Exodus 3:6). (This unification of traditions was possible for the Pentateuchal authors/editors because the oral heritage which preceded them had already identified the God of the Fathers with Yahweh). Nowadays different churches in the process of uniting, may find some analogy to their unification in this history, though of course in Alt's theory there is no question of *reuniting* what used to be one, and in modern ecumenism there is no question of political involvement bringing about legitimate unity.

The theory of M Noth (see e.g. Noth 1954:83-104) regarding Joshua 24 could similarly be analogically viewed: the renewal of the covenant of Sinai, according to Noth, included a number of tribes not involved with the exodus and desert experiences. The happenings related in Joshua 24 served to unify politically and religiously those involved in an "amphictyony" of tribes. Here too the same two concerns which concluded the previous paragraph would apply.

Other instances which indicate a leaning within Israel's faith towards universalism are the blessing of Abraham ("And *all people on earth* will be blessed through you" - Genesis 12:3 [NIV], italics added; see Westermann 1981:175-177), and the Esther and Jonah narratives (perhaps placed strategically after the particularistic books of Ezra and Nehemiah in the canon? - Potgieter 1996). In no such instances, however, is the explicit issue in question the establishment of closer relations between people of the same faith. God's greater grace, rather than ecumenism, would be a preferable categorisation of these cases.

It seems then that, although apparently fruitful avenues exist in finding answers to our ecumenical concerns in the Old Testament, the situations ancient and modern are just too divergent. Each historical context is unique; history cannot repeat itself precisely. Parallels within these diverse contexts do open up some windows for application; direct application, as is too often unquestioningly assumed and employed, however, should be guarded against. The *garstige Grabe* must be taken seriously; the integrity of the meaning of the Old Testament texts within their contexts should not be regarded as unimportant.

2.2 Ecumenism in the New Testament?

My contention here is the same as above: the New Testament does not know ecumenical concerns as we do, i.e. the issue of contact between

different institutionalised and separate(d) churches. The closest approximation we find in the New Testament relates to two spheres:

1. Internal tensions: relationship problems within (not between) one or more small local congregations;
2. Externalising pressures: problems between Christians and the Jewish congregations within which they initially functioned, but which began rejecting them.

As to the *internal tensions* which the early Christian faith communities experienced: it is within this context that metaphors such as the Pauline image "body of Christ" (Romans 12, 1 Corinthians 12) served. For Paul the church constitutes people who are intimately *related to Christ*, that is, represented by Christ before God through being incorporated in his salvific death. Therefore these people are *related to one another*: "those who belong to Christ, belong to each other" (Roberts 1979:98, translated; see 93, 95-97).

This is the same idea being conveyed in Ephesians and Colossians, though through a somewhat altered imagery (Christ now becomes the head of the body), and in the metaphor of the vine and branches in John 15: *through* their shared relationship with Christ, unity among fellow believers flows forth (Berger 1989:202-205).

Here we find unity which:

1. dares not experience diversity of gifts as a threat, but acknowledges it as the gift of the same Spirit (1 Corinthians 12:4-7);
2. acknowledges the diversity of backgrounds and functions of the faithful to be in harmony in Christ (1 Corinthians 12:12-31; see Roberts 1979:99).

Hence, our modern dualistic jargon of church unity "in principle and in practice" or "both spiritually and visibly" bears distinctions which find no roots in these New Testament texts and the thought world they convey (see Nichol 1993:23; Rusch 1985:8-9). Unity in the New Testament cannot be bisected in such a way; it would belie the *koinonía* (*koinonía* = fellowship - Louw & Nida 1988:446, see 569) within the small local congregations (Frieling 1995:47). Furthermore, letters written to more than one congregation (as are the epistles of James, 1 Peter, Revelation to John, Ephesians - Berger 1989:203) fit perfectly into this ecclesiology, which accepts unity and diversity within one (though not without affirming the truth of Christ - e.g. 1 Timothy 1:3; Revelation 2:2).

Coming to *externalising pressures*: The solidarity between Christians from a Jewish background and those from a heathen background may

well be questioned. There had indeed been problems (see Nichol 1993:23-25), as for example Acts 10-11 demonstrates. This conflict was addressed at the Jerusalem meeting (Acts 15 - Frieling 1995:48-49) without resolving it permanently, but without the church dividing into separate institutions (as has become the modern habit). The insight in Acts 15:11 (Nichol 1993:26) is carried through when Paul depicts Jew and Greek - among other groups - as united in Christ (Romans 1-3, especially 10:12; Galatians 3:28 etc.). Other New Testament literature, such as Ephesians, renews this model (Berger 1989:206; also Col 3:11).

These old tensions came forcefully to the fore once again, some three decades later, when Christians were ejected from the synagogues within which they had been accustomed to worshipping. The Gospel of John, written shortly after these occurrences (see Du Rand 1991:53, 68), might therefore be expected to reflect inner Christian tensions between believers from heathen backgrounds and those more closely related to the Jewish synagogue community which was now expelling them (Du Rand 1991:52-53, 63-66). See however John 17:20, which spells out the norm for the Johannine congregations.

This brings us to the following matter: McAfee Brown (1987:22; see Leeming 1967:100) correctly observes that, where modern-day denominations do decide to unite, their "motivations usually include...a desire to respond...to Jesus' high-priestly prayer 'that they all may be one' (Jn. 17:21)". However John 17 - as De Wet (1994:15 i.a.; 1997:34, 43) emphasises - presents unity as unity *is* in the Johannine congregations, not as it *should be*. This text has no intention of encouraging the unification of churches. John 17 (especially verses 20-23) presents unity as it *was* for the Johannine readership.

This would lead to the conclusion (which is little more than a reassertion of the above) that:

1. the early church was characterised by an unquestioned "functional unity" (De Wet 1994:77, translated) or "working unity" (Nichol 1993:23, translated) which required no verification or restoration; and
2. the John 17-prayer was understood within a very small circle: what was referred to was not unity between different Christian churches, but unity between the individuals within the very small local faith communities.

All the above implies what should have been clear at the outset of our modern ecumenical concerns: that what we understand ecumenism to be is foreign to New Testament literature, even at first glance. Many writers (e.g. Frieling 1995:46-47; Crafford 1993:5-6; Hagemann 1987:797; McAfee Brown 1987:18, Leeming 1967:96, Visser't Hooft 1960:1569)

acknowledge that the Greek word *oikoumené* - from which the English word *ecumenism* derives - knows only the following meanings in the New Testament: "the empire of Rome", "the inhabited world" or "the inhabitants of world". *oikoumené* within the New Testament refers to matters outside the domain of the church's identity (see Louw & Nida 1988:10, 16, 106). Only later did the term *oikoumené* come to be related to the church in particular (see e.g. Frieling 1995:49-68; Crafford 1993:6). The implication of this, which is seldom explicated (some interesting exceptions do however exist - see e.g. Perkins 1984:18-27), is that *already* on this *superficial* level care should be taken not to impart our current understanding of ecumenism on the New Testament.

2.3 The relationship Bible-ecumenism

Often when so-called "biblical foundations" for ecumenism were questioned - especially in the Southern African context over the past few decades - there were at least two (related) underlying motives:

1. the intention to discourage ecumenical relations; and
2. the implication that, should our ecumenical concerns not be found in the Bible, we could not legitimately engage in ecumenical relations.

Even though the implicit acceptance that our ecumenical concerns are to be found in the Bible has been challenged above (in 2.1 and 2.2), I favour neither this *intention* nor the *implication*. The fact that our ecumenical concerns are not attested to in the Old and New Testaments does not render modern ecumenical practices and hopes illegitimate. As with many other important issues in the lives of Christians, we cannot find "proof texts" in Scripture to provide us with an answer for all times and places.

What we can and should do, is to study the ancient biblical texts within their contexts. This would help us understand how fellow-believers of generations ago thought about their life *coram Deo*. In some way this would impress upon our *Christian identities* (a concept I take over from SACBC 1990:7) some parallel thoughts and actions, enticing us to lead our Christian lives (in)formed by Scripture. We should also recognise, however, a whole range of other influences on our *Christian identities*: we are, of course, children of our time. Therefore we cannot, and should not try to, live as carbon copies of the ancient faithful in ancient worlds. Christians can, however, in our day and in our way, try to give expression to a holy life before the same God we find in the Bible.

Part of our current *Christian identity* is the realisation of the importance of ecumenism. The growth of the ecumenical movement may of course be ascribed to a whole range of factors. However, our core

confession should remain that the same Spirit which speaks through the Bible, grants the church (meant here in its broad sense) the ecumenical process (see Raem 1995:86). Our Bible-moulded, equally our Spirit-moulded, Christian identity leads us, in our times, towards an ecumenical consciousness and practice.

This approach, I would argue, brings both the freedom to respect the biblical texts for what they are and the liberty to pursue our ecumenical concerns. It may well be that "(w)e are firmly convinced that Jesus Christ intends oneness to exist among his people" (Crumley 1985:v), but that should not force us to find our ecumenical concerns within biblical texts and contexts. Our concerns are *ours*; the *garstige Grabe*, along with our respect for the integrity of the biblical texts, should prevent us from demanding answers to questions the biblical authors did not know. Yet our current Christian identity, (in)formed by Scripture, can still dream of and practice ecumenical ideals.

3. THE RELATIONSHIP ECUMENISM-BIBLE

We have seen that the Bible does not directly reflect our understanding of issues related to ecumenism, principally because our ecumenical concerns did not exist within the life and faith worlds reflected in the Bible. But this does not mean that the Bible is not an issue in the current ecumenical movement...

To review what has been stated above: the way in which the Bible would touch on modern ecumenism is through Christians who accept the Bible as a "rule of faith and life". Our Christian identity is formed and informed by (among other factors) the Bible and what it proclaims. And for the greater part of Christianity, there is a growing consciousness that our Christian identity currently asks of us some concern for ecumenism.

In this process of a growing sensitivity to and practice of ecumenism, the issue of Christian relationship with/to other faith traditions will be presented repeatedly (see Frieling 1995:73-75; Hagemann 1987:801), though under socio-political circumstances unlike any experienced before. In this process Christians will also be encouraged to affirm their identity - sensitively, of course - as Christians (e.g., see Raiser 1989:61-72, 89-95 on "Christocentric universalism"). In this affirmation the Bible should continue to be a very important part of the Christian identity: the Bible remains the "soul of theology" (so recently again Dohmen 1996:175-180; see Frieling 1995:74, Leeming 1967:98, 100). Should the Bible lose its centrality within Christianity, two related consequences become possible:

- 1. that the identity and self-awareness of Christianity will be much changed, presumably in the direction of syncretism;**
- 2. that the ecumenical process will be shattered into at least two major groupings: those who still accord the Bible its traditional authority on faith matters within the church, and those who reinterpret biblical authority in a different (presumably less central) way.**

The former would probably defeat the claims of Christianity; the latter would defeat the purpose of ecumenism.

It seems then that the Bible will, at the very least, remain important in this way to ecumenical considerations in the times ahead. Put another way, by way of a summary: even though we cannot directly uncover contemporary ecumenical issues in the Bible, we will continue to find the Bible an important issue in contemporary ecumenism.

BIBLIOGRAPHY

ALBERTZ, R 1992a: *Religionsgeschichte Israels in alttestamentlicher Zeit 1* (ATD Grundrisse zum Alten Testament 8/1). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

ALBERTZ, R 1992b: *Religionsgeschichte Israels in alttestamentlicher Zeit 2* (ATD Grundrisse zum Alten Testament 8/2). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

ALT, A 1929: *Der Gott der Väter. Ein Beitrag zur Vorgeschichte der Israelitischen Religion* (BWANT 3/12). Stuttgart: W. Kohlhammer.

BRIGHT, J 1967: *The authority of the Old Testament*. London: SCM Press.

CRUMLEY, JR *Foreword* in Rusch, WG 1985: *Ecumenism - a movement toward church unity*. Philadelphia: Fortress Press, pp v - vii.

BERGER, K *Kirche I, Kirche II* im *Theologische Realenzyklopädie*, Band XVIII, 1989. Berlin: Walter de Gruyter, pp 198-218.

CLEMENTS, RE 1989: *Deuteronomy (Old Testament Guides)*. Sheffield: Sheffield Academic Press.

CRAFFORD, D 1993: *Inleiding tot die begrip ekumene en die ekumeniese roeping van die kerk* in Crafford, D & Gous, G (reds) 1993: *Een liggaam - baie lede. Die kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika*. Lynwoodrif: Verba Vitae, pp 1-17.

DE MOOR, JC 1990: *The rise of Yahwism. The roots of Israelite monotheism*. Leuven: Leuven University Press.

DE WET, BW 1994: *Eenheid in Joh 17 en in IQS I-IX - 'n vergelykende studie* (BD-verhandeling). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

DE WET, BW *Unity in John 17 and IQS I-IX: a comparative study*. *Skrif en Kerk* 18(1), 1997: 34-51.

DU RAND, JA 1991: *Johannine perspectives. Introduction to Johannine writings - Part 1*. Johannesburg: Orion.

DOHMEN, C *Exkurs: Das Alte Testament in der heutigen katholischen Theologie* in Dohmen C & Stemberger, G 1996: *Hermeneutik der Jüdischen Bibel und des Alten Testaments* (Kohlhammer Studienbücher Theologie Band 1,2). Stuttgart: Verlag W. Kohlhammer, pp 175-180.

FRIELING, R *Ökumene* im *Theologische Realenzyklopädie*, Band XXV, Lieferung 1/2, 1995. Berlin: Walter de Gruyter, pp 46-77.

HAGEMANN, L *Ökumene (Ökumenismus) 2. Christlich* im Khoury, AT (Hrsg) 1987: *Lexicon religiöser Grundbegriffe*. Judentum, Christentum, Islam. Graz: Verlag Styria, pp 798-801.

HOEKVELD-MEIJER, G 1996: *Esau. Salvation in disguise*. Kampen: Kok Pharos Publishing House.

LEEMING, B *Ecumenical movement* in *New Catholic Encyclopedia*, Volume 5, 1967. San Francisco: The Catholic University of America, pp 96-100.

LOUW, JP & NIDA, EA (eds) 1988: *Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains* (Volume 1). New York: United Bible Societies.

McAFEE BROWN, R *Ecumenical movement* in Eliade, M (ed.) 1987: *The encyclopedia of religion*, Volume 5. New York: Macmillan Publishing Company, pp 17-27.

NICHOL W *Eenheid en verskeidenheid in die Nuwe Testament* in Crafford, D & Gous, G (reds) 1993: *Een liggaam - baie lede. Die kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika*. Lynwoodrif: Verba Vitae, pp 22-36.

NOTH, M 1954: *Geschichte Israels* (Zweite, verbesserte Auflage). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

PERKINS, HL *Bible study as an ecumenical exercise*, in WEBB, P (ed.) 1984: *Faith and faithfulness. Essays on contemporary ecumenical themes. A tribute to Philip A. Potter*. Geneva: World Council of Churches, pp 18-27.

POTGIETER, H *Reconciliation and restitution: an alternative view from Obadiah*, paper read at the conference of the Old Testament

ISSN 1018-9556=*Ekklesiastikos Pharos* 83/2 (2001) N.S. 12

Society of South Africa, 3-5 September 1996, held at the Faculty of Theology, University of Stellenbosch.

RAEM, H-A *Ökumenismus II: Systematisch im Theologische Realenzyklopädie*, Band XXV, Lieferung 1/2, 1995. Berlin: Walter de Gruyter, pp 80-86 .

RAISER, K 1989: *Ökumene im Übergang. Paradigmenwechsel in der ökumenischen Bewegung*. München: Chr. Kaiser Verlag.

ROBERTS, JH *Die kerk as liggaam van Christus*, in Viljoen, AC (red) 1979: *Ekumene onder die Suiderkruis*. Pretoria: Universiteit van Pretoria, pp 92-106.

RUSCH, WG 1985: *Ecumenism - a movement toward church unity*. Philadelphia: Fortress Press.

SACBC (Southern African Catholic Bishops' Council) *Statement on economic pressure and negotiations*, in SACBC 1990: *Discussion booklet on negotiations*. Pretoria: SACBC, pp 4-7.

THISELTON, AC 1992: *New horizons in hermeutics*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

VISSERT HOOFT, WA *Ökumenisch im Die Religion in Geschichte und Gegenwart*. Handwörterbuch für Theologie und Religionswissenschaft, Vierter Band, 1960. Tübingen: J.C.B. Mohr (Paul Siebeck).

WESTERMANN, C 1981: *Genesis* (2. Teilband, Genesis 12-36, BKAT). Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

2.13 Publication 7: Introduction

“Oortuiging” en prediking - woordspel op ‘n “hartsaak”. *Skrif en Kerk* 21/3, 2000, 607-620. (Paper read at the 1999 *Lewende Woorde* sermon seminar, Dept. Greek & Latin Studies, R.A.U.)

Two points are raised: first, that variables from persuasive communication research may be employed with success in sermons, and second, that the greatest persuasive factor within a sermon is the personal spiritual integrity of the person delivering the sermon.

The recurring themes within my research on how the Bible was brought to communication within different spheres of the South African society, indicated in the the overview of the publications under review here, apply as follows to this specific publication:

- Theme 1 – Integrity: The feature most strongly emphasised in this article, is that the perceived integrity of the message of the preacher during a sermon is the key ingredient to a successful sermon. This is particularly emphasised in the second part of the article.
- Theme 2 – Using the Bible well: Here it is important to note that the way in which preachers find themselves spoken to by the Bible, is determinative of how authoritatively they will be perceived as conveying the biblical message from the pulpit. As the first part of the article indicates, persuasive techniques are valuable tools for a preacher; however, most important is the perceived integrity of the preacher.
- Theme 4 – Communicative imbalances: The previous paragraph explains the phenomenon, difficult to accept within charismatically inclined religious circles, that a good sermon cannot be merely equated to effective oratorical technique. Because the perceived integrity of the preacher remains the primary persuasive factor, sermons delivered poorly but with a sense of personal conviction are more influential over the longer term in the lives of the

audience than sermons delivered with great fanfare, but which does not seem to touch the preacher himself/herself.

- Theme 5 – Insights on religion provided by communication studies: As a summary of the above three paragraphs, it could be said that the use of persuasive variables in sermons may well enhance their effect on the lives of the hearers. However, the perceived conviction of the preacher in the validity of his/her sermon, is of greater persuasive worth.

ISSN 0257-889

SKRIFTEN

NIERK

Jaargang 2 (3) 2000

SKRIF EN KERK

Jaargang 21 nommer 3 (2000)

Uitgegee deur die Fakulteit Teologie
(NG Kerk), Universiteit van Pretoria

REDAKSIE

Redakteur:

Prof C J A Vos

Assistent redakteure:

Proff D J Human, S J Joubert

Redaksie Assistent

Prop P J Maritz

Samestelling en tik

Me E Henning

Redaksie- en Keurkomitee:

Proff W A M Beuken (KU Leuven), P G Braulik (Katholische theologische Fakultät, Universität Wien, Österreich), H J B Combrink (US), G Heitink (VU Amsterdam), S J Joubert (UP), H-J Klauck (Katholisch-Theologische Fakultät der Bayerischen, München), J J Kritzinger (UP), G J Pillay (Univ of Otago, N Z), D J Smit (UWK), H C van Zyl (UOVS), C J Wethmar (UP).

Standpunte en menings wat in hierdie tydskrif uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die redaksie of uitgewer nie.

Skrif en Kerk verskyn twee maal per jaar.

Intekengeld:

Suid-Afrika en Suider-Afrika:

Gewone intekenare: R50-00 per jaar (Posgeld en verpakking ingesluit)

Studente: R35-00 per jaar (posgeld en verpakking ingesluit)

Buiteland: 35\$ per jaar (posgeld en verpakking ingesluit)

Administrasie en Intekening:

Die Redakteur: Skrif en Kerk

Fakulteit Teologie

Universiteit van Pretoria

PRETORIA 0002, Suid-Afrika

Tel (012) 420-2358, Faks (012) 420-4016

E-pos: otnt@ccnet.up.ac.za

Die publikasie van dié tydskrif word maandelik gemaak deur die ondersteuning van die Universiteit van Pretoria en die Publikasiefonds van die NG Kerk van Transvaal.

INHOUD

D J Human

William (Wil) Vosloo - 'n Bybel-wetenskaplike wat die Ou Testament vir die volk wou oopbreek 466

W S Boshoff

Ou Testamentiese literatuur uit die Noordryk (Israel) - Die neerslag van noordelike tradisies in die Ou Testament..... 473

A J Botha

Die belang van Malcagi 1:2-5 vir die verstaan van die boek 495

P J Botha

Psalm 54: The power of positive patterning..... 507

J H Coetzee

Liggaamsimbolisering in Psalm 38..... 517

J A du Rand

"Hy wat is en wat was en wat kom": Die God van betrokkenheid volgens Openbaring..... 530

A B du Toit

The Kingdom of God in the Gospel of Matthew..... 545

F J Janse van Rensburg

Dékór of konteks? - Die verdiskontering van sosio-historiese gegewens in interpretasie van 'n Nuwe Testament-teks vir die prediking en pastoraat, geïllustreer aan die hand van die 1 Petrus-brief..... 564

S J Joubert

Dionisius van Halikarnassus en die oorsprong van weldoenerskap 583

J H le Roux

Die oue weier om te verdwyn..... 592

C J S Lombaard

"Oortuiging" en prediking: woordspel op 'n "hartspel"..... 607

G T M Prinsloo

Life for the righteous, doom for the wicked: Reading Habakkuk from a wisdom perspective..... 621

I J J Spangenberg

Voëls van eenderse vere? Oor die Israelitiese en Egiptiese wysheid en voëlsimbole 641

<i>H F van Rooy</i> Ezekiel 18 and Human Rights.....	654
<i>P M Venter</i> Understanding the concept of "time" in Daniel	666
<i>C J A Vos</i> Eksegetiese en homiletiese oorwegings vir 'n dooppreek	682

“Oortuiging” en prediking: woordspel op ‘n “hartspel”

C J S Lombaard
(Universiteit van Pretoria)

ABSTRACT

Persuasion/Conviction and Preaching: Word Play on a Heart Game

This article employs a wordplay on “oortuiging” - persuasion and integrity - to analyse certain aspects of homiletics. Examples of the use of research into persuasive communication and the benefits of these perspectives for effective preaching are given. Of greater importance, though, is the integrity of the preacher, which has three dimensions: that ministers should themselves be convinced of the theology of the text from which they preach, that the concrete contexts of the hearers of the message should be addressed competently, and that exegetical methodology and homiletical pronouncements should correspond.

1 ‘N HARTSPEL...?

Prediking is in twee opsigte ‘n “hartspel”. In die eerste opsig is prediking iets wat vir ons as belangstellendes¹ in hierdie *omvormende kunstvorm* ná aan die hart lê. Om die lewende Woord van die lewende God in ‘n preek ná te praat², bly aangrypend-onbegryplik. Ons kan prediking ontleed in verskillende dimensies, maar dan bly daar altyd iets onontleedbaars oor – ‘n misterie. Spiritualiteit en prediking bly daarom eng verbonde aan mekaar, en vind mede neerslag in die wese (die eksistensie) van die prediker. Prediking raak óns bestaan, ons menswees, ons roeping aan die hart....

Maar prediking is, tweedens, ook ‘n “hartspel” omdat dit aan die kern lê van gelowige-wees en gemeente-wees. Die *praedicatio verbi Dei*, spesifiek in die Reformasie-teologie, is ‘n “hartsaak”: nóg die individuele gelowige, nóg die gemeenskap van die gelowiges (die gemeente) is denkbaar in tradisionele Gereformeerde denke sonder die prediking van die Skrif as polsslak (vgl by Rossouw 1963:140ff; 205-213).

¹ Hierdie artikel is ‘n verwerkte weergawe van ‘n referaat gelewer op Saterdag 21 Augustus 1999 tydens ‘n seminar oor prediking gereël deur die uitgewer *Lewende Woorde*, verbonde aan die Departement Griekse en Latynse Studies, Randae Afrikaanse Universiteit, waar die seminar ook gehou is.

² “The critical paraphrase... is the crown of any interpretation”-Von Rad 1965/66:13.

As ons die spel³ van prediking speel, impliseer die dinamika van hierdie spel dus, breedweg, twee "speelrigtings" as die prediker as vertrekpunt geneem word:

- * na buite – hulle wat die preek aanhoor (die gelowige/die gemeente); en
- * na binne - óns as predikers, belangstellendes, entoesiaste.

Ek gaan hierdie tweedeling gebruik om 'n paar opmerkings te maak rondom die term "oortuiging". Eers wil ek oortuiging betrek op die hoorder (Dingemans 1991 se terminologie; sien veral bladsye 51-65 van sy werk; kyk plaaslik onder andere Pieterse 1988:79-128); daarna wil ek oortuiging betrek op die prediker.

2 OORTUIGING EN DIE HOORDER VAN DIE PREEK

Oor die teologiese aspek wil ek hier nie uitbrei nie⁴: ek neem dit gewoon as gegewe dat 'n mens, by wyse van spreke, 'n instrument is in enige proses waar die evangelie oorgedra word. Die werklike oortuigingswerk bly die terrein van die *Heilige Gees*.

Tog, as instrument, kan 'n mens sekere kommunikasieveranderlikes aanwend (vgl Burger 1991:27-30): afhanklike diensbaarheid beteken nie inisiatiefloosheid nie. Drie van dié veranderlikes wat binne 'n (ver)Westerse kultuur toepaslik is⁵, word aangeraak⁶. In navolging van die bekende (maar oorvereenvoudigende⁷) kommunikasiemodel "Sender-Boodskap-Ontvanger", word telkens een aspek gekies uit

³ Hierdie tipe metafoer word deesdae al hoe meer in Afrikaanse teologiese geleerde gevind: eksegeese is ook al as spel beskryf (Le Roux 1996:46-56), dogmatiek-homiletiek as dansmaats (Vos 1994:52-64), die crediens as fees en die liturgie as dans (Müller 1990 se hele werk, en p 107 onderskeidelik) – met gemengde reaksie (o a Prinsloo 1996:21-33; Heyns 1994:158-159). Ook die Nederlandse Ou-Testamentikus E Noort het tydens 'n onlangse kongres in Pretoria die volgende opgemerk: "eksegese is kuns... koorddans sonder vangnet...".

⁴ Raadpleeg gerus die tradisionele dogmatiek-werke insake die teologiese aspekte van die prediking. Ook, reser, plaaslik en opsommenderwys: Beukes 1993:34-44. Oor die "Gepredikte Woord" of "Verkondigde Woord" het J A Heyns (1977:8-20; 1978:146-147; 1988:82 – vergelyk Jonker 1994:21-22) plaaslik die "Woord-spel" van Karl Barth (1955:89-127) uitgebrei.

⁵ Die kulturbepaaldheid van retoriese tegnieke moet nooit oor die hoof gesien word nie. Retoriek is nie bowe-kulturelik nie. Hierdie besef lei tot redelik ernstige vrae rondom die retoriese kritiek in die analise van die Bybel.

⁶ Hierdie veranderlikes is gekies bloot op grond van persoonlike voorkeur, en daar is vele meer sulke veranderlikes- sien byvoorbeeld Mulholland 1994; Bettinghaus & Cody 1994; Ross & Ross 1981.

⁷ Sien byvoorbeeld Severin & Tankard 1992:38-53; meer algemeen: Littlejohn 1996; plaaslik en toegepas op die prediking: Webb 1986:35-45.

navorsing oor, onderskeidelik, Sender-, Boodskap- en Ontvangerveranderlikes⁸. Telkens word eers die kommunikatiewe agtergrond gegee (hierin word redelik sterk gesteun op Lombaard 1990:116-124, 141), waarna die toepassing daarvan binne die konteks van die prediking uitgelig sal word.

In die aanduiding van hierdie veranderlikes, is dit nie moontlik om al die verbandhoudende sake aan te dui nie⁹. Hierdie inhoude is dus gedekontekstualiseer, en sal moeilik effektief aangewend kan word sonder dat die verbandhoudende sake ook eers in berekening gebring word. Tog bied dit eerste insigte in die moontlike waarde wat deur hierdie tipe navorsing gebied kan word.

2.1 'n Sender-veranderlike: Die "sleeper"-effek

Die aanvaarding van 'n boodskap, veral 'n oorreringsboodskap, deur 'n ontvanger is veral aanvanklik sterk gekoppel aan die waargenome geloofwaardigheid van die sender. Dié saak is goed bevestig in die navorsing (vgl Severin & Tankard 1992:153-157). Die "sleeper"-effek behels egter dat, met verloop van tyd, die identiteit en rol van die sender van 'n spesifieke boodskap in die geheue van die ontvanger geskei word van die inhoud en effek van die boodskap. Dit beteken dat 'n hoogs-geloofwaardige persoon se boodskap aanvanklik 'n sterk ooredende effek kan hê, maar dat hierdie boodskapinvloed met verloop van tyd afneem. In die geval van 'n sender met 'n lae waargenome geloofwaardigheid, is die teenoorgestelde egter waar. Soos wat sender en boodskap-inhoud mettertyd in die gedagtes van die ontvanger geskei word, sal die boodskap aan invloed toeneem (vgl Drop et al 1972:31-33).

Die implikasie is dus dat oorreringsinvloed en sender mettertyd al hoe meer onafhanklik van mekaar in die gedagte-wêreld van die ontvanger funksioneer. Die "sender se invloed, hetsy positief of negatief, (neem dus af), sodat die inligting toenemend op eie meriete beoordeel word" (Lombaard 1990:116).

⁸ Die gebruik van kommunikasieteorie ter verryking van die homiletiek en die praktiese teologie in die algemeen, is geen nuwigheid in Afrikaanse teologie-navorsing nie. Sien veral die werke van H J C Pieterse en C J A Vos, wat saamgevat word in Vos & Pieterse 1997:15-28. Sien ook Heyns & Pieterse 1990; Nel 1994: o.a. pp 21f, 83f, 291; Webb 1986:31-61; Cronjé & Van Wyk 1982. Met my keuse hier van dié drie elemente in die kommunikasieproses – te wete, Sender, Boodskap en Ontvanger – probeer ek die te enge onderskeid in die praktiese teologie tussen die klem op óf die pastor óf die gemeente (sien L M Heyns in Heyns & Pieterse 1990:18-19) ondervang. Sowel die kommunikasiegebeure in die erediens as geheel as enige van die elemente daarvan is 'n legitieme studieveld.

⁹ Sien byvoorbeeld Bettinghaus & Cody 1994 en Mulholland 1994 vir 'n goeie oorsig oor navorsing in die oorreringskunde. Vir verdere bronne sien onder andere <http://carmen.arts.washington.edu/propaganda/contents.htm> en http://directory.netcape.com/Science/Social_Sienes/Psychology/Persuasion_and_Social_Influence/

Die invloed van hierdie "sleeper"-effek, is bevind, kan deur middel van sekere tegnieke aangewend word ter wille van groter oorrredingseffektiwiteit. Eén daarvan is waarskuwing teen teenbeïnvloeding. Indien 'n ontvanger reeds 'n boodskap aanvaar, is dit moontlik om hierdie aanvaarding stewiger te anker deur die ontvanger daarop te wys dat daar ander kompeterende "interpretasies" is. Hierdie teenargumente kan gelys en bespreek word. Selfs al word teenargumente egter net in verswakte vorm bespreek, of dit word bloot genoem dāt daar teenargumente bestaan, kan dit die opinie wat die ontvanger tans huldig, help "innokuleer". Aansluitend by die "sleeper"-effek, vergroot die invloed van hierdie waarkuwing/"innokulasie" oor tyd heen, sodat weerstand teen latere beïnvloeding mettertyd vergroot (Drop et al 1972:31-33; Williams 1984:92).

Die *implikasies* hiervan vir die *prediking*, is kortweg, goeie nuus vir "swak" sprekers en slegte nuus vir "goeie" sprekers:

* Vir predikers met 'n lae waargenome geloofwaardigheid as gevolg van, byvoorbeeld, ongemaklike openbare optrede, beteken dit dat alles nie verlore is nie. Hulle boodskappe mag wel op die kort termyn minder effektief blyk te wees omdat hulle "swak sprekers" is, maar mettertyd word die boodskapinhoud en die sender van mekaar geskei in die gedagte-wêreld van die ontvangers. Die boodskap sal dan aan invloed toeneem. In kerklike taal: die evangelie word dus steeds goed bedien, oor tyd heen, ten spyte van dorings in die vlees (2 Kor 12:7, met apologie) van die prediker.

* Met "goeie" sprekers is dit anders gesteld. Predikers met 'n hoë waargenome geloofwaardigheid, wat dikwels deur kerkgangers verbind word daaraan dat die predikante "goeie sprekers" is, word maklik invloed-ryk deur hulle prediking. Mettertyd egter, soos wat boodskapinhoud en sender van mekaar geskei word in die gedagte-wêreld van die ontvangers, verloor die boodskap aan oortuigingskrag. Waargenome sendergeloofwaardigheid kan dus nie onbepaald die waargenome meriete van 'n boodskap "dra" nie. Dit is dus, oor die lang termyn, slegte nuus veral vir predikante wat deur middel van 'n "persoonlikheidskultus" die evangelie bedien.

Die insig dat 'n goeie spreker en 'n goeie prediker nie noodwendig dieselfde ding is nie, vind dus hier ook uitdrukking.

In verband met die waarde van waarskuwings teen teenbeïnvloeding (die "innokulasie"-effek) en die "sleeper"-effek daarmee verbonde, net enkele kernopmerkings. Hierdie verskynsel verklaar onder andere die effektiwiteit van jeugbediening (vgl Nel 1982:72) op 'n vroeë ouderdom, maar ook die weerstand teen nuwere Bybeluitleg in die kerk.

Vroeëre “waarskuwings” teen, onderskeidelik, nie-Christelike lewenswyses en ‘n ander Bybelbegrip, speel bepaald ‘n rol in die permanensie van hierdie gevestigde houdings¹⁰.

Voorbeelde van verdere moontlike toepassings hiervan kan vermenigvuldig word.

2.2 ‘n Boodskap-veranderlike: Kongruensie-skepping

Gemeenskaplike gronde tussen sender en ontvanger is die basis van waar af (nie-geforceerde) oortuiging moontlik word. Hierdie gedeelde belange moet vroeg in die boodskap reeds gestel word; dit is ‘n “aanvangstaak” (Lombaard 1990:116). Soos wat enige openbare speker weet, moet die gehoor se belangstelling vroeg reeds getrek word. Die aanduiding van gemeenskaplikhede wen ook vertroue, wat die sender se geloofwaardigheid – een van dié belangrikste oorredingsveranderlikes – verhoog¹¹.

Taal en spreekstyl in die boodskap is ‘n goeie manier om identifisering met die sender te verhoog (Rall 1980:25). Daarmee saam moet die argumente in die boodskap direk in verband gebring word met die ontvanger se “huidige probleme, houdings, verwagtinge, ideale, behoeftes en waardes” (Lombaard 1990:117). Hierdie sake moet aangeraak word in die “probleem” wat vroeg in die boodskap gestel word, en, belangrik, ook in die verlangde “oplossing” wat aangebied word. Maniere waarop ‘n effektiewe “oplossing” (dit is die oorredingsintensie) aangebied kan word, sluit in (ter opsomming van Fleming & Levie 1978:214-216 en Lerbinger 1977:10):

- * bied “beginselkennis”: dit wil sê inligting wat die onbekende verstaanbaar, aanvaarbaar, en dan positief voorstel;
- * dui die “gebruikswaarde” aan: die voorstel wat aan die hand gedoen word, moet ooglopend effektief blyk te wees in die oplossing van ‘n sekere probleem of in die weerspieëling van ‘n belangrik-geagte waarde;
- * die “aanpasbaarheid” van die voorstel: ‘n rigiede voorstel sal moeiliker aanvaar word as een wat aangepas kan word binne onderskeie kontekste, soos wat dit individue/groepe se kontekstuele eise en voorkeure pas;
- * die “ego-funksie”: voorstelle wat die moontlikheid bied om uitdrukking te gee aan die selfbeeld van die ontvanger, staan ‘n

¹⁰ Houdings kan omskryf word as “the internal mental and emotional states that affect how we react to outside persuasion... our feelings, beliefs, or ideas that affect how we may eventually behave” – Williams 1984:87.

¹¹ Vergelyk die titel van die hoofstuk “The magic of rapport” in die populêre werk van Zucker 1994:67-75.

goeie kans op sukses¹². Die ideale selfkonsep word ook hierin betrek: die strewes van die ontvangers word ook ingesluit.

• interessantheid: prikkeling van ontvangers se belangstelling bly ook hier belangrik;

• geloofwaardigheid: stellings wat gemaak word, moet as geldig waargeneem word.

Natuurlik moet die kongruensie wat die boodskap skep tussen sender en ontvanger genoeg ruimte laat vir verskil: sonder verskil is oortuiging onnodig (Lombaard 1990:118). 'n Te groot oorvleueling tussen sender en ontvanger se opinies impliseer dikwels vir 'n ontvanger dat verandering onnodig is (die "assimilasie-effek"); 'n te ekstreme verskil tussen sender en ontvanger veroorsaak weer dat die boodskap as meer ekstreem waargeneem word as wat dit werklik is (die "kontras-effek" - Lerbinger 1972:74; cf Sandell 1977:77), wat daartoe lei dat die boodskap óf geïgnoreer, óf verwerp, óf tot aanvaarbaarheid verdraai word (Rall 1980:2; Sampson 1964:277). Die "aanvaardingsveld" – die sielkundig-aanvaarbare "grense" vir 'n boodskap om potensieel aanvaar te word (Triandis 1971:187) – moet dus versigtig binne die boodskap daargestel word. Indien tyd dit toelaat, kan tegnieke soos die "voet-in-die-deur"¹³ en die "deur-in-die-gesig"¹⁴ as oorredingstrategieë aangewend word (Lerbinger 1972:74).

Om hierdie saak te *betrek op die prediking*, word 'n denkbeelde situasie geskets: 'n predikant wil die gemeente betrokke kry by 'n voedselskema vir armes in die middestad. Die gedeelde belange moet dus eers in die preek gestel word - sake soos liefde tot God en liefde tot die naaste, met laasgenoemde wat ook praktiese hulp aan armes beteken. As die gedeelde basis van empatie en roeping tot optrede¹⁵ wat predikant en gemeentelide deel, gestel is, kan dié saak nou ook verbind word aan verdere gedeelde behoeftes (bv in verband met probleme: voorkom diefstal deur voedsel te voorsien; in verband met ideale: streef na 'n gemeenskap waar almal genoeg het). Deur verder "beginselkennis" oor te dra (oor hoe die projek prakties geloofs kan word), en deur die "aanpasbaarheid" van die projek (bv by individue se besige programme) aan

¹² Interessant genoeg, lyk dit of 'n aggressiewe, outoritêre oorredingsappèl die mees effektiewe oortuigingsmetode is indien met outoritêre persoonlikhede gewerk word.

¹³ Die "voet-in-die-deur"-tegniek stel eers 'n meer gematigde standpunt; indien dit aanvaar word, word hierop voortgebou na 'n meer progressiewe standpunt.

¹⁴ Die "deur-in-die-gesig"-tegniek stel eers 'n te ekstreme standpunt, wat beslis verwerping sal ontlok; later word dan 'n meer gematigde standpunt aangebied, wat minder ekstreem lyk as wat dit sou geblyk het as dit van die begin af gestel is. Daarom word dit vervolgens makliker aanvaar.

¹⁵ Die verhouding tussen houding en gedrag is egter nie noodwendig of oenvoudig nie (Vgl Williams 1984:93-96) vir 'n opsomming hiervan.

te toon, word die kans op effektiewe oortuiging vergroot. Indien gemeentelede vermoedelik traag sal wees om betrokke te raak, kan die voet-in-die-deur tegniek moontlik gebruik word - deurdat aanvanklik 'n baie beperkte betrokkenheid by die projek as ideaal gestel word.

Kongruensie tussen prediker en gemeente word dus in die boodskap uitgespel. Dit word dan gebruik as basis in die oortuigingsproses.

2.3 'n Ontvanger-veranderlike: Selfagting

Selfagting is die waarde wat persone aan hulleself heg (vgl Ross & Ross 1981:31). Hoe laer persone se selfagting is, hoe meer oorreedbaar blyk hulle te wees, te meer deur persone met 'n hoë waargenome selfagting. Lae selfagting impliseer naamlik dat eie opinies as van minder waarde as dié van ander persone geag word.

Selfagting is een van die belangrikste ontvangerveranderlikes insake die effektiwiteit van 'n oortuigingspoging. Dit hang egter saam met sake soos intelligensie, opvoedingspeil, en dies meer, omdat hierdie sake weer bepaal in hoe 'n mate rasionele en emosionele boodskapelemente (in so 'n mate as wat hulle onderskeibaar is - Rall 1980:20) aansluiting vind by die oorredingsvatbaarheid van die ontvangers (Lerbinger 1972:71).

In die geheel gesien beteken hierdie vertrekpunte dat rasionele argumente aan te beveel is vir ontvangers met 'n hoë opvoedingspeil, as die gevolge van die boodskap helder tuisgebring moet word by die ontvangers, of as die onderwerp tegniese onderskeidings benodig (Rall 1980:20). Dit is tipies die soort boodskappe wat aan persone met 'n hoë opvoedingspeil gebring sal word. Omdat dié groep mense weens 'n suksesiering in hulle lewens (vgl Jones 1977) geneig sal wees tot hoë selfagting, sal 'n appèl op hulle denke, eerder as hulle emosies, die beste oorredingsresultate verkry.

'n Emosionele aanpak is meer gepas waar die ontvangers die sender reeds vertrou (Johannesen 1967:38), waar ideale, begeertes of optrede sonder vergoeding van die ontvangers verlang word, en waar die ontvangers 'n lae intelligensie/opvoedingspeil het (Rall 1980:20; Andersen 1971:158). Met laasgenoemde waarskynlik die belangrikste van hierdie veranderlikes (wat dus 'n groot impak sal hê op die ander veranderlikes), is die implikasie dat rasionele argumentvoering - ten spyte van die Westerse vertrou op die rede - waarskynlik onsuksesvol sal wees om ongesofistikeerde mense se houdings/gedrag te verander¹⁶.

Om hierdie oorredingsaspek *op die prediking toe te pas*: sommige van die geloofsherlewings in die negentiende eeuse kerkgeskiedenis het

¹⁶ Hierdie insig open belangrike perspektiewe vir byvoorbeeld HIV/VIGS-voorkomingsprojekte in veral landelike gebiede.

gepaard gegaan met groot klem op die wederkoms-en-oordeels-teologie (vgl Bosch 1991:281-283, 313-327). Vrees was 'n belangrike motief in dié tipe prediking, en vrees is juis een van dié mees kragtige emosionele appèlle - indien gematigd aangewend (vgl Severin & Tankard 1992:167-161; Lombaard 1990:121-123). Die herlewings was suksesvol in dié sin dat groot groepe mense hulle tot die Christendom, of tot groter "Christelikheid", bekeer het.

Tans reageer teoloë egter dikwels negatief op die moontlikheid dat dié tipe prediking nog in bekeringsveldtogte aangewend word. Kommunikasiekundig beskou, is dít aanduiding van twee sake:

* dit is eintlik te verwagte dat teoloë, weens 'n hoër opvoedingspeil en daarmee gepaardgaande hoë selfagting, negatief op hierdie emosionele vreesboodskappe sal reageer, ongeag of dié boodskappe direk op hulle gerig is of nie;

* aan die ander kant verwoord teoloë wat dié sendingmetode kritiseer waarskynlik akkuraat 'n kultuur-historiese tendens, naamlik dat mense oor die algemeen (minstens in Westerse en verwesterse lande) tans 'n baie hoër opvoedingspeil het as wat die geval was tydens hierdie groot herlewingsbewegings.

Daarom is dit waarskynlik geldig om op te merk dat sowel die opvoeding/selfagting van die teoloë as dié van die samelewing tans, kommunikasiekundig gesproke, die groeiende afkeur in emosionele, vreesopjaende prediking verklaar.

2.4 Samevatting

Uit bostaande blyk dat die aanwending van kommunikasienavorsing, spesifiek oorredingsnavorsing, interessante en bruikbare perspektiewe vir die prediking kan bied. Wat hier aangebied is, is egter bloot eerste treë. Voordat met enige gesaghebbendheid oor dié sake gepraat kan word, is veel meer interdisiplinêre navorsing¹⁷ nodig.

Laat ek daarom vir eers hierby volstaan, en oorbeweeg na die tweede deel van my woordspel rondom oortuiging en prediking.

3 OORTUIGING EN DIE *VERBI DIVINI MINISTER*

Een van my leermeesters, Professor Wil Vosloo, is iemand wat verseg om twee sake van mekaar te skei: die harde akademiese studie van 'n

¹⁷ Insluitend teologie, sielkunde, sosiologie, kommunikasiekunde, filosofie, etiek, kultuurstudies, en dies meer.

Bybel-tekste, en die sinvolle pastorale – dit is, kerklike - toepassing van hierdie arbeid. Een van sy “spreuke” wil ek hier aanhaal¹⁸:

‘n goeie prediker het drie kenmerke:

hy/sy sal die gemeente wat voor hom/haar sit, goed ken;

hy/sy sal die betrokke Bybeltekste goed ken; en

hy/sy sal opreg glo, dit wat hy/sy verkondig.

Dit is oor die laaste frase wat ek eerste iets meer wil sê. ‘n “Goeie prediker”¹⁹ is een wat van harte glo dit wat in sy/haar preek verwoord²⁰ word. Anders gestel: wat ‘n goeie prediker bring, is ‘n boodskap met integriteit – die boodkapper se wese word mede in die *kerugma* (verkondiging/boodskap) opgeneem. Ek gló wat ek preek. Nié omdat ek my troeteltemas beprek nie, maar omdat ek myself geheel oortuig vind van die boodskap van die Bybeltekste wat my - en dan my hoorders - *intrek*. Dit gaan dus nie net daarom dat ek die Bybeltekste verstaan nie, maar óók dat ek myself – en dan my hoorders hülleself - in die Bybeltekste verstaan vind (vgl Rossouw 1963:229-245). Die Bybel lees my, respektiewelik: óns.

Hiedie “oortuiging” van die prediker is dus om oortuig te wees van die integriteit (teologies-eksistensiële en praktiese) van sy/haar *aangesprek wees* en *nápraat* van die Bybel.

Hiérvan *oortuiging* wat met prediking gepaard gaan, het sekere voorvereistes, wat ons by die eerste twee dele van die Vosloo-spreuk hierbo terugbring.

‘n Prediker wat sy/haar gemeente nie ken nie, kan moeilik meer as tydlose waarhede kwytraak. Hoewel dit deel van die (ver)Westerse kerkstroming se tradisie is (vgl Nürnberg 1999:21-23), is dit nét te Grieks-filosofies, nét te Westers om altyd reg te laat geskied aan die kontekstuele gesitueerdheid van die evangelie²¹. ‘n Preek moet neerslag vind grondvat in die spesifieke konteks van die hoorders²². Dit is des te moeiliker in (ver)Westerse kerke en denke, wat beginnele bo praktiek stel.

¹⁸ Let egter daarop dat hierdie ‘n “orale uitspraak” is. Sover ek weet, het Vosloo nooit hierdie insigte op papier neergepen nie.

¹⁹ Vergelyk die opmerking hierbo oor goeie sprekers en goeie predikers...

²⁰ Die woord “verwoord” is doelbewus gekies: dit verwys na voetnota 2 van hierdie artikel. Prediking in die reformatoriese tradisie is nie die kwytraak van eie wysheid nie, maar bly die nápraat van die Skrif. Vergelyk Von Rad (1965/66:11-18).

²¹ Sien Nolan (1988:15) in verband met “universalising truths”.

²² Die erns van dié konkreter-historiese dimensie spreek onder andere ook daaruit dat vele studies wat erns maak met die sosio-historiese agtergrond van die Bybelse tekste, tot soortgelyke gevolgtrekkings as dié van, byvoorbeeld, Strijdom & Van Aarde (1990:185) kom: “dat teologie in ‘n konkrete sosio-historiese konteks funksioneer, en nie in *abstracto* nie”.

Maar hierdie “spesifieke konteks” is nie enkelvoudig nie. Gemeentelike konteks sluit in: belangrike sake in die lewe van individuele gemeentelede; singewende momente in die lewe van die gemeente as geheel; die nouer (plaaslike) en breër (internasionale) sosio-politiese en kulturele konteks²³; die ekologiese konteks, die ekonomiese konteks (Marx is dood...?), en dies meer²⁴. Die eerste twee van hierdie aspekte kan moeilik aangeraak word deur ‘n gas-prediker in ‘n gemeente; al die ander moontlikhede bly egter nog beskikbaar.

Die Afrikaanse kerke se teologiese opleiding gee egter min aandag aan hierdie “buite-persoonlike” realiteite (vgl Lombaard 1999:22-24). Dit maak dit alreeds moeilik vir persone wat deur so ‘n leerskool gegaan het, om oor hierdie sake te preek. Daarmee saam: baie mense wat besluit om predikant te word, neem dié besluit om hulle “iets wil beteken vir mense”. Beide hierdie tendense word gekleur deur kerklike en persoonlike geskiedenis met ‘n sekere soort piëteit (naamlik piëtisme), gepaardgaande met ‘n redelik eng (en on-Calvinistiese!) siening van “roeping” (meer spesifiek: roepingsterreine; vgl McKim 1992:339-341). Al hierdie aspekte maak dit makliker vir predikers om “ewige waarhede” (vir die brein) eerder as kontekstueel-relevante boodskappe (vir die hele mens) te lewer²⁵.

Sodanige eensydige klemtone in die prediking verarm nie alleen die hele onderneming van prediking nie, maar verskraal ook die areas wat aange(s)preek word. Al hierdie kontekste (sosio-polities, kultureel; ekologies, ekonomies) moet met oortuiging aangeraak word in die prediking, te meer omdat die Gereformeerde Christendom by uitstek nog altyd God se heerskappy oor al hierdie sake bely het. “It is never possible to express the Word in timeless abstractions, but each witness must use his

²³ Christelike, dit is Bybelse, prediking as kultuurkritiek bly ‘n grootliks onontginde dimensie van prediking, klaarblyklik oor alle kulture heen. Dit is óf as gevolg daarvan dat ons dikwels onbewus is van ons eie kulturele aannames (wat ons dan gewoon in die Bybel “in-lees” of selektief “raákiees”), óf weens ‘n on(der) ontwikkelde vermoë om kultuur (gebruike, aannames, “waarhede”, tradisies, mensbeelde, verhoudinge, tendense, “mites”) krities te “lees”, óf omdat dit psigologies so ongemaklik is om ‘n mens se eie kultuur te bevraagteken.

²⁴ Harrington 1980:190 (vgl Strijdom & Van Aarde 1990:185) merk hieroor op: “The great interpreters from Origin to Bultmann have studied biblical texts with an eye toward individual experience and have relied on various kinds of philosophical anthropology. Yet critics of this personalist approach always point to the communal and social character of NT writings. They correctly demand a hermeneutic more appropriate to the material being studied. Perhaps the critical use of sociological concepts will help toward developing a socially-oriented method of interpretation”.

²⁵ Dit impliseer nie dat een van dié twee nou on-Christelik is nie. Beide is historiese uitdrukkings van verskillende Christelikhede. Nürnberg (1999:22-23) argumenteer in hierdie rigting deur sy gebruik van die inklusiewe frases “Christian fold” en “versions of Christianity”.

own contemporary language" (Schweizer 1970:23; vgl Strijdom & Van Aarde 1990:185).

Om met oortuiging oor hierdie sake te kan preek, verg egter 'n goed ingeligte prediker. Dit is daarom 'n belowende ontwikkeling wat tans in teologiese opleiding plaasvind, dat studente by sommige instellings ook 'n hoofvak uit 'n ander, tradisioneel nie-teologiese terrein kan neem as deel van 'n teologiegraad. Dit sal aan predikante die instrumente voorsien om met kompetensie oor verskillende kontekste te kan preek. Die kerke staan dus 'n beter kans om naas "ewige waarhede", ook tydgebonde, aktueel-relevante preek-"uitsette" te voorskyn te sien kom.

Oor die voorlaaste deel van die Vosloo-spreuk (die predikant sal die betrokke Bybelteks goed ken), wil ek nie veel sê nie; die meeste wat 'n mens hieroor kan sê is ooglopend. Die belangrikste vir 'n predikant om met geloofwaardigheid en oortuiging te kan preek, bly vir my dat eksegetiese metode, preekinhoud en lewenstoepassing²⁶ by mekaar sal aansluit.

Om dit met 'n voorbeeld konkreet te stel: van tyd tot tyd word gevind dat die Pretoria-skool²⁷ van struktuur-analitiese eksegeses die vertekpunt vorm om in 'n preek uitsprake oor die historiese Jesus te maak. Diegene wat bekend is met die Suid-Afrikaanse eksegeses-debat²⁸, sal bewus wees daarvan dat vir die grootste deel²⁹, plaaslike struktuur-analitiese historiese navorsing wantrou en hulle bevindinge beperk tot die teks, eerder as om hulle te waag aan die geskiedenis van waaruit die teks voortkom. Die filosofiese aannames en die eksegetiese praktyk wat met hierdie teksimmanente metode saamgaan, maak dit beswaarlik moontlik om oor geskiedenis iets te sê. Die teks staan op die voorgrond. Daarom is dit myns insiens nie moontlik om byvoorbeeld oor die *historiese* Jesus te preek, as 'n *a-historiese* metode van Bybeluitleg gevolg is nie (vgl Lombaard 1996:106-113). Die integriteit van die ineenangestremde proses van eksegeses-preek-toepassing word daardeur gekompromiteer.

Om 'n preek te lewer wat oortuig - ten spyte daarvan dat 'n mens van die eksegetiese resultate en hoe dit in die preek opgeneem is, kan verskil - is dit dus van die uiterste belang dat leesmetode en verkondigingsinhoud by mekaar aansluiting vind.

²⁶ Die skeiding van dié drie aspekte bly kunsmatig.

²⁷ Dié benaming is na my beste wete die eerste keer in Lombaard (1997:204) gebruik.

²⁸ Sien Le Roux (1993) vir 'n oorsig oor die debat binne die (Suid-)Afrikaanse Ou Testamentiese wetenskap tot 1987. Werke oor die debat binne die plaaslike Nuwe Testamentiese wetenskap, en 'n nuwe verwerking van die 1993-werk in verband met die plaaslike Ou Testamentiese wetenskap, word tans deur Le Roux voorberei.

²⁹ J A Loader (1998:496-497), byvoorbeeld, is 'n uitsondering.

4 SLOT

Die prediker beskik oor metodes om die oortuigingskrag van sy/haar boodskaplewering te bestudeer. Enkele, voorlopige voorbeelde daarvan is hierbo gegee. Van groter belang is egter die integriteit van die prediker self. Integriteit oortuig.

Dit is belangrik vir 'n prediker wat aktueel wil preek om die individu, kerk en samelewing in al hulle fasette op geldige wyses te kan "lees"³⁰. Dit maak oortuigende toepassing van die Bybelteks moontlik. Dit is ewe belangrik om die Bybelteks goed te kan verstaan, op so 'n wyse dat Bybeluitleg, -prediking en -toepassing 'n oortuigende geheel vorm. Van grootste belang is egter dat die prediker homself / haarself ook van die teologie van die betrokke Bybelteks oortuig, verstaan vind. As die prediker vanuit 'n geraákte geloof preek, sal gemeentes veel vergewe, omdat hulle kan meeleeft (op verskillende maniere) in die spiritualiteit-met-integriteit waardeur hulle hulself opgeneem vind.

Literatuurverwysings

- Andersen, K E 1971. *Persuasion: theory and practice*. New York: Allyn and Beacon.
Potgieter, H *Reconciliation and restitution: an alternative view from Obadiah*, paper read at the conference of the Old Testament Society of South Africa, 3-5 September 1996, held at the Faculty of Theology, University of Stellenbosch.

Raem, H-A *Ökumenismus II: Systematisch* im *Theologische Realenzyklopädie*, Band XXV, Lieferung ½, 1995. Berlin: Walter de Gruyter, pp 80-86 .

Raiser, K 1989: *Ökumene im Übergang. Paradigmenwechsel in der ökumenischen Bewegung.* München: Chr. Kaiser Verlag.

Roberts, JH *Die kerk as liggaam van Christus*, in Viljoen, AC (red) 1979: *Ekumene onder die Suiderkruis.* Pretoria: Universiteit van Pretoria, pp 92-106.

Rusch, WG 1985: *Ecumenism - a movement toward church unity.* Philadelphia: Fortress Press.

SACBC (Southern African Catholic Bishops' Council)
Statement on economic pressure and negotiations, in SACBC
1990: Discussion booklet on negotiations. Pretoria: SACBC,
pp 4-7.

Thiselton, AC 1992: *New horizons in hermeutics*. Grand
Rapids: Zondervan Publishing House.

Visser't Hooft, WA *Ökumenisch im Die Religion in Geschichte
und Gegenwart*. Handwörterbuch für Theologie und
Religionswissenschaft, Vierter Band, 1960. Tübingen: J.C.B. Mohr
(Paul Siebeck).

Westermann, C 1981: *Genesis* (2. Teilband, Genesis 12-36,
BKAT). Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Questions and Exercises 2

- 2.1 Interview any two persons (one at a time!) in your congregation about their point of view on ecumenism, and do the same with any two persons who belong to a different church denomination from yours.

Remember: you might have to briefly explain the concept of ecumenism. Use your insights from Chapter 1 to do this. (Elaborate where the person being interviewed may not understand). Be careful, however, not to influence the person's opinions on ecumenism while doing this.

In preparing for the interviews, formulate three or four questions on ecumenism which you would like to ask the persons you will interview. These questions should determine the person's *attitude* towards ecumenism, and the *reasons* which the person gives to justify this attitude. (Once again, be careful not to influence the person's opinions by the way the questions are formulated.) Write these questions down before the first interview, use the same questions for all four interviews, and include the questions in the report you submit.

Since you will write a report on the interviews, make sure that you carefully take down on paper the following particulars during the interview:

- 2.1.1 each person's name, gender, age, occupation, church affiliation, and a telephone number or address where each may be contacted;
- 2.1.2 each person's attitude towards ecumenism;
- 2.1.3 the reasons given for each person's positive or negative attitude towards ecumenism.
- 2.1.4 Did the person refer to the Bible at all in giving the reasons for her/his attitude towards ecumenism?
 - 2.1.4.1 If the person does refer to the Bible during the interview, take care to note how this is done, which

specific passages from the Bible are referred to (if any), and in your written report evaluate how the Bible was used.

- 2.1.4.2 If the person did not refer to the Bible, ask whether s/he relates his/her point of view on ecumenism to the Bible. In your report, evaluate this answer as well.

Do not write a word-for-word report of each interview. However, include the essence of the relevant answers in your report, perhaps quoting once or twice where a person has used a memorable phrase.

Your report should be between 900 and 1 100 words in length (note that this does not include the biographical details of persons interviewed.) The report should focus on:

- * the reasons the persons gave for their attitude towards ecumenism, and
- * the role which the Bible played in these reasons.

Compare, contrast and evaluate how the Bible was used by each person interviewed in your report. For this purpose, rely on your own insight, commentaries on the passages named, and other relevant literature at your disposal. Be diligent in acknowledging these sources in your report.

- 2.2 Pastor Pete delivered a sermon on Sunday which showed an extremely negative attitude towards ecumenism. Taking his reading from Gen 11:1-9, Pastor Pete said that God had created the different languages and nations. God had thus established diversity and boundaries amongst people. Therefore, Pastor Pete concluded, ecumenical contact - which seeks to bridge these differences - is a grave sin against God.

Write a letter (500-700 words) to Pastor Pete. Explain to him that, while you accord him the freedom of his attitude towards ecumenism, you doubt whether one can use Gen 11:1-9 to justify his opinion. In your

letter, refer to the authorship and dating of Gen 11:1-9. Say too whether you think Gen 11: 1-9 can be related to the issue of ecumenism, and why you think so.

Remember, the purpose of the letter is not to discuss Pastor Pete's attitude towards ecumenism, but his use of the Bible in substantiating his point of view. Therefore, use at least two commentaries on Genesis, as well as any other relevant literature at your disposal. Although this is not common practice in letter writing, acknowledge your sources diligently, and include a bibliography.

- 2.3 Reverend Ntebatse is a theologian who is very active in ecumenical circles. She got together a group of 15 people, each of whom is a lay member of a different church denomination. The members of this group chose as their motto "Together in perfect unity" (Col 3:14).

Reverend Ntebatse is, however, not sure whether this motto and the verse to which it refers can indeed be used to reflect the ecumenical identity of the group. She therefore asked you to present a research report (500-700 words) on the topic: "*Together in perfect unity* - does this mean the same for us as it meant in Col 3:14?"

In your report, refer to the authorship and dating of Colossians. Also say whether you think Col 3:14 can be related to the issue of ecumenism, and why you say so. Remember, the purpose of the report is not to discuss the group's attitude towards ecumenism, but their use of the Bible in validating their activities. Therefore, use at least two commentaries on Col, as well as any other relevant literature at your disposal. (Since it is a formal report, acknowledge your sources diligently, and include a bibliography.)

2.17 Publication 9: Introduction

“ 'n Woord vir ons wêreld: Kontekstuele prediking met behulp van kommentaarjoernalistiek”, in Lombaard, C (red.) 1999. “...in die wêreld...” *Vyf bydraes tot kontekstuele prediking*, 22-46. Johannesburg: Lewende Woorde.

The contents of this chapter has been indicated under Publication 5 above. What should be added here, is that this book was prescribed for the Homiletics course for BD students at the University of Pretoria in 2000.

Because this is the parallel publication to publication 5, what follows is a repetition of what has been indicated there.


Of the five recurring themes within my research on how the Bible was brought to communication within different spheres of the South African society, indicated in the the overview of the publications under review here, the following apply to this specific publication:

- Theme 1 – Integrity in communication: Written particularly for Afrikaans ministers of religion, this article seeks to investigate ways in which the quality of sermons may be enhanced. For the sake of contextually relevant sermons, journalism, particularly interpretative journalism, can make an invaluable contribution towards the sermon, as one of the most common forms of religious communication. Employing interpretative journalism would have sermons come across as more relevant and better informed.
- Theme 2 – Using the Bible well: Whereas the Afrikaans churches place particular emphasis in their theological training on the Bible languages and on exegetical skills, the next phase of preparing a sermon, namely bringing an ancient message home within the modern world, receives much less attention. Thus, the sermon is often only half a message: what happened/happens in the text may be indicated. However, how that same message should take root in modern-day life, is often left either unsaid, or done in an awkward and unconvincing way. To bring the Bible home in our time, that is, to use the Bible to its full extent, requires excellent interpretative

tools to analyse our socio-political context. Interpretative journalism offers just that.

- Theme 4 – Communicative imbalances: The problem many ministers would experience in making use of insights from interpretative journalistic writings, include a fundamental mistrust of the press and unrealistic expectations of newspapers. Should these two aspects be changed, a more fruitful communication process between journalistic text and the theologian-reader can be envisaged, and springing from that, better-informed and hence more credible communication from minister to congregation during the sermon.
- Theme 5 – Insights on religion provided by communication studies: The very positive impact journalism, when understood realistically and used well by ministers, can have on the quality of sermons, is another indication of the fruitfulness of the overlap between communication studies and religion. Contextuality is of greatest importance in the art of sermonising. Journalism provides a credible, accessible and multi-perspectival avenue in this regard.

From these four points, it is again clear that the way the Bible is brought to communication within the Christian community is well served by (certain aspects of) the discipline communication studies.



“...IN DIE WÊRELD...”
VYF BYDRAES TOT KONTEKSTUELE
PREDIKING

Onder redaksie van
CHRISTO LOMBAARD

LEWENDE WOORDE
RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT
DEPARTEMENT GRIEKSE & LATYNSE STUDIES
1999



Uitgegee as 'n supplement by die tydskrif Lewende Woorde.
Desember 1999.

Kopiereg © 1999 deur Lewende Woorde, Posbus 524, Aucklandpark
2006.

Buiteblad & uitleg: Deirdre v.d Merwe-Botha, Tel (011) 954 1678

Lewende Woorde e-pos: jlpw@lw.rau.ac.za
Tel: (011) 489 2737

ISSN 1021-2981

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	1
HOOFSUK 1	4
Film en prediking	
Preekvoorbeeld	17
- Danie du Toit -	
HOOFSUK 2	22
'n Woord vir ons wereld:	
Kontekstuele prediking met behulp van	
kommentaarjoeranlistiek	
Preekvoorbeeld	40
- Christo Lombaard -	
HOOFSUK 3	47
Kontekstuele prediking met behulp van die	
beeldende kunste	
Preekvoorbeeld	64
- Marius Lourens -	
HOOFSUK 4	70
Kontekstuele prediking met behulp van	
rock-musiek	
Preekvoorbeeld	89
- Francois Mulder -	
HOOFSUK 5	93
'n Raaisel in 'n speel. Kantaantekeninge	
oor Letterkunde en Homiletiek	
Preekvoorbeeld	107
- Cas Vos -	

2

'n WOORD VIR ONS WÊRELD: KONTEKSTUELE PREDIKING MET BEHULP VAN KOMMENTAARJOERNALISTIEK

Christo Lombaard

"Hätten wir uns doch früher zur Bibel bekehrt, damit wir jetzt festen Grund unter den Füßen hätten! Nun brütet man abwechselnd über der Zeitung und dem Neuen Testament und sieht eigentlich furchtbar wenig von dem organischen Zusammenhang beider Welten, von dem man jetzt deutlich und kräftig sollte Zeugnis geben können."

Brief van Karl Barth, gedateer 11 November 1918, aan Eduard Thurneysen¹

INLEIDING

Daar is met reg al daarop gewys dat die teologiese opleiding van Afrikaanssprekende predikante nie daarop gerig is om predikers toe te rus om polities-sosiale omstandighede te "lees" en op verantwoorde wyse te interpreteer nie (o.a. Le Roux 1996:370; Hollenweger 1997:10). Dit het nie alleen te doen met die redes waarom studente hulle vir teologiese studies aanmeld nie², maar is waarskynlik ook tekenend van die

¹ My dank aan Drr Hans-Anton Drewes en Beat Huwyler, op verskillende wyses verbonde aan die *Karl-Barth Archiv* en die *Theologische Fakultät* te Basel, Switserland, vir hulle hulp om hierdie aanhaling op te spoor. Die bron is: K. Barth-E. Thurneysen: Briefwechsel, Vol. 1: 1913-1921. Zürich: Karl Barth-Gesamtausgabe V, 1973, p 300. Perkins (1984: 18), soos vele ander, sinspeel waarskynlik op bostaande aanhaling as hy skryf: "... Bible study requires 'the Bible in one hand and the newspaper in the other'. It must be contextual."

Protestantisme in die breë, as die woorde van Ellul (1985:154) ernstig geneem: "I hardly ever find Protestants speaking with competence on political economics, sociology, social psychology, or political science". Die tendens is dus dat, wanneer sosiale, politieke, ekonomiese en verbandhoudende analises wel op die preekstoel gemaak word, dit dikwels oningelig, op die eerste gevoel af, geskied. Analises wat verantwoordbaar en goed deurdag is, is skaars in predikersmond.

Daarom dat die kerkblad *Die Hervormer* (89/4, 15 Mei 1996:4) soos volg redaksioneel kommentaar kan lewer op die saak van "Vervelige prediking": "Prediking is dikwels net bla-bla-bla, 'n herhaling van ou, geïkte clichés.... Elke Sondag...dieselfde lewensvreemde gedagtes...". Selfs tydens groot politieke veranderingseras in Suid-Afrika, is dié sake wat ons daaglikse lewe ingrypend sou verander, nie werklik aktueel in preke aangeraak nie (vgl. Cilliers 1996:3-4, 11; Pieterse & Theron 1994: veral 141-142, 153-154), ten spyte daarvan (vgl. Pieterse & Theron 1994:153) dat predikers dikwels juis die teendeel glo! Die dominee is soms "so 'n sakrale figuur dat hy niks weet van wat om hom gebeur om sinvolle kommentaar te kan lewer nie" (De Klerk 1982:7), wat lei tot "ontersaaklike prediking" (Van Niekerk 1993:67).

Om hierdie stand van sake te verander, anders gestel: om wel kontekstueel-relevante preke te lewer², verg dat beide die antieke Bybelse tekste en die hedendaagse mens(dom), elk teen die agtergrond van unieke en omvattende historiese omstandighede, verstaan moet word. Dit is die "dubbele interpretasieprobleem" (Deist 1983a:19; vgl. Cilliers 1996:24, 37, 52-80, 115): om die Bybel én die moderne situasie intelligent te "lees" en by mekaar uit te bring. Slaag die oorbruggingspoging (vgl. Stott 1982:137-168 & 180-194), kan die kerk op dié manier die kultuur waarvan dit deel is beide op geldige wyses interpreteer én dit positief probeer beïnvloed (kyk Niebuhr 1975:190ff en Nida 1960:206ff). Beide dié aspekte is nodig: "... eie volk, die samelewing en die owerheid ... (a)lle aspekte van die hele lewe moet krities in die lig van die Skrif ondersoek, en daarvoor gepreek word" (Pieterse & Theron 1994:152-153; vgl. Askes 1990:455, 458); anders gestel: "preke wil die evangelie vir die situasie ontsluit" (Cilliers 1994:11).

Die opleiding van predikante van die Afrikaanstalige kerke sluit tradisioneel 'n sterk komponent Bybelwetenskappe in. As daar egter 'n

² Die studie van Van Vuuren 1990, veral pp 212-228, verdien om in dié rigting uitgebrei te word.

³ Kontekstuele prediking het nie net met politiek te make nie; eweneens kan dit nie aan politiek verbygaan nie - Van Niekerk 1993:67-69.

leemte in die opleiding is ten opsigte van die verstaan van die samelewing waarbinne hierdie predikante later moet arbeï, sal ander metodes gekweek moet word om dié insig te stimuleer. Die sinvolle gebruik van joernalistiek, spesifiek die kommentaarjoernalistiek, is één voorbeeld¹ van so 'n metode.

ENKELE VERBANDE TUSSEN DIE KERK EN DIE PERSWESE

Die geskiedenis van die Afrikaanse pers² oor die afgelope halfeeu toon 'n nouer verband met die kerk as wat die geval blyk te wees met die joernalistiek in ander lande of selfs die nie-Afrikaanse joernalistiek in Suid-Afrika. Hierdie verbintenis, wat waarskynlik spruit uit die gedeelde Afrikaanssprekende "teikengehoor" en die daarmee samehangende sosio-politiese en ideologiese voorkeure (sien o.a. Pienaar 1979:126ff), kom op die koerantbladsye op twee maniere na vore: die gereelde beriggewing oor kerksake (wat strek van skandale tot sinode-verslae), en die kommentaarartikels deur teoloë wat gereeld op die hoofartikelblad³ van Afrikaanse koerante verskyn.

¹ Die metode van predikantsopleiding bly 'n moeilike keuse: afstandsonderrig het dié voordeel dat studente nie vervreemd raak van die samelewing nie, maar die kwaliteit akademiese tyd kom hier in gedrang; daarteenoor, met residensiele opleiding, verval studente maklik oor die opleidingstyd heen in 'n "eiland-situasie" waardeur intieme kontak met die breëre samelewing verloor kan word, maar wat weer juis akademiese toewyding kan bevoordeel.

² Ebersöhn (1982:1) waarsku tereg dat die kommunikasiemedie geen "wondermiddels" bied nie. Ook hier word geen kommunikasiekuur aangebied nie; hoogstens een moontlikheid tussen vele ander.

³ Vir verskillende wyses van geskiedskrywing oor die (Suid-) Afrikaanse pers, sien bv. Van Deventer 1993, Mervis 1989, Crwys-Williams 1989, Clarke 1987, Argus 1989, Meiring 1987, Diederichs 1993:71-98, Alhadef 1976; verbaudhoudend, kyk ook die boeke geresenseer deur Tomaselli 1995:61-70. Die mees resente - en toeganklike - oorsig oor die praktiese aspekte van die joernalistiek, is dié van Froneman 1998.

⁴ Die *hoofartikel* moet nie verwar word met die *hoofberig* nie. Lg. is die berig wat op die voorblad van 'n koerant onder die hoofopskrif verskyn. Die *hoofartikel* daarenteen is die amptelike kommentaarartikel van die koerant wat gewoonlik in 'n spesiale kolom op die hoofartikelblad, nader aan die middel van die koerant, verskyn. Op dié bladsy en op die bladsy direk daarnaas (die sg. "op-ed page") word die eksplisiete kommentaarbydraes van 'n koerant tradisioneel aangetref. Ten opsigte van hierdie kommentaarbydraes, kan onderskei word tussen die kommentaar gelewer in die hoofartikelkolom (wat eerder aan die koerant se amptelike opinievormers as aan 'n spesifieke persoon gekoppel moet word), betaalde kommentaarskrywers, en briëfskrywers (vgl. Nel 1994:58).

Ook op institusionele vlak skemer 'n verbintenis tussen kerk en koerantwese onder Afrikaanssprekendes deur, naamlik in die aanstelling van redakteurs. Van die bekendste persone wat die brug van preekstoel na redakteurstoel oorgesteek het, is Drr DF Malan, AP Treurnicht, Willem de Klerk, Gerrit Velthuyzen en Izak de Villiers. Om op 'n opmerking van Ton Vosloo (1982:16) voort te borduur: politieke party, koerant en kerk staan in Afrikaanse kringe dikwels (te) na aan mekaar. "Dwarsdeur die hele geskiedenis van die Afrikaans-nasionale beweging ... was kultuur en politiek, Kerk en taal diep verweef. Skouer aan skouer het hulle in 'n sigbaar soliede falanks gemarsjeer" (Pienaar 1979:127).

Kerk en koerant deel egter ook 'n hele reeks kenmerke* wat hulle nader aan mekaar bring as wat met die eerste oogopslag die geval blyk te wees. Om maar 'n paar te noem, beide instellings:

- * vertrou op 'n redelik konstante ondersteunersgroep;
- * staan in 'n krities-solidêre verhouding tot hierdie groep;
- * beskou die rol wat hulle in die breër samelewing speel (met reg - vgl. Froneman 1989:9-10) as van uiterste belang;
- * het 'n sekere hoodskap wat aan die wêreld waarbinne die instelling funksioneer, oorgedra (wil) word (vgl. aanhaling van G Velthuyzen in Louw 1989:23);
- * voel sigself verbonde aan sekere beginsels wat bevorder moet word;
- * voel sigself verbonde aan 'n opvoedingstaak*;
- * kan gebruik maak van dieselfde hulpmiddele, soos die sosiologie (vgl. Burg 1987:85-102 & Dekker 1982:13-18).

Hierdie gedeelde kenmerke maak dit duidelik dat die werksterreine en -wyses van kerk en koerant nie anders kan as om dikwels te oorvleuel nie. Dit is daarom met goeie gronde dat, byvoorbeeld as Burger (1987:19) die belang van die *Sitz im Leben* vir die verstaan van 'n Bybelse teksgedeelte wil verduidelik, dit aan die hand van 'n voorbeeld uit juis die joernalistiek gedoen word. Ewentrens is dit ook nie verbasend dat

* Kyk ook De Klerk 1982:7. Vir ons doeleindes hier word dié kenmerke gewoon fenomenologies, eerder as prinsipiël-teologies beskryf. Vir lg. word lesers na die tradisionele dogmatiek-werke verwys.

* 'n Onderskeid moet egter hier getref word: waar die kerk dikwels in praktyk sy opvoedingstaak as godsdiensstige en morele *rigtinggewing* sien, is die pers se opvoedingstaak meer gerig daarop om lesers te help *aanpas* by kontemporêre omstandighede. Waarskynlik is dit sulke verskillende opvattinge (wat wel kan oorvleuel) wat aanleiding gee tot heelwat van die debatte tussen kerk en koerant. Kyk bv. Du Toit 1992:4 kol. 3.

populêre werke wat van die joernalistiekformaat gebruik maak - soos Thom (1996, 1997, 1998) se *Bybelkoerant*, soortgelyke Engelstalige werke (kyk ook Rutledge 1998), asook godsdienstige tydskrifartikels (bv. "Jerusalem Chronicle" in *Face to Face* 1/2, Nov./Dec. 1997:16-17) - 'n publikasie-opbloeï beleef nie¹⁰. Van die Bybelse literatuur is al met joernalistieke genres vergelyk (bv. Burd 1987:87), en by geleentheid is dit al oorweeg (vgl. Burd 1987:86) om o.a. predikante en joernaliste saam op te lei!

Kerk en joernalistiek het dus veel wat hulle aan mekaar verbind, méér as wat met 'n eerste oogopslag mag blyk. Die feit dat kerk en koerant se rolle in sekere opsigte vergelykbaar is, het dié implikasie wat selde besef word - dat die kerk op die pers kan steun¹¹ in sy verkondigingstaak. Waar predikante se spesialis-kennis naamlik selde akkurate en aktuele samelewingsanalise insluit, is dié tipe analise en beoordeling by uitstek in die kommentaarartikels van koerante te vinde. Predikers kan dus met groot vrug gebruik maak van die spesialis-kennis opgeneem in die kommentaarkolomme van koerante. Daarom word vervolgens kortliks op hierdie aspek van die koerantwese gekonsentreer.

SAMELEWINGSANALISE IN KOERANTE

Die hoofartikel "is die hart van 'n koerant se uitkyk", en lewer kommentaar op die belangrikste sake van die dag (Vosloo 1982:19, 20). By uitstek is die hoofartikel daarom dié ruimte in 'n koerant waar kommentaar gelewer word op gebeure wat die samelewing, of 'n deel daarvan, die meeste kan/sal raak (politiek, ekonomies, emosioneel, ens.). Gewoonlik word hierdie kommentaarkolom nie deur 'n individu behartig nie, maar deur 'n paneel van kundiges op verskillende gebiede. Een van die lede van hierdie paneel sal wel aangewys word om die uiteindelige artikel te skryf, maar eers word die betrokke saak gedebateer deur die paneellede (vgl. Vosloo 1982:14; Nel 1994:23).

Ander kommentaar- en agtergrondartikels verskyn op dieselfde bladsy as die hoofartikel, asook dikwels op die bladsy direk daarnaas.

¹⁰ Verbandhoudend, die opmerking van Bluck (1989:2-3) waarin hy o.a. teologie en joernalistiek vergelyk: "the location of enormous power, once held by the poets and priests of traditional societies (is now held) by the magnates and gatekeepers of modern electronic media".

¹¹ Natuurlik is die teenoorgestelde ook waar: die pers kan weer by die kerk aanklop as dit kom by sake soos teologiese uitsprake, morele oordele en dies meer. Beide kerk en pers moet mekaar se waarde kan waardeer (Froneman 1989:ii; De Klerk 1982:7).

Laasgenoemde sluit soms die briewekolom in, wat op sigself interessante insigte kan bied. Meestal sluit hierdie bladsye gereelde hydraes en ander opiniestukke deur kenners in, hetsy dit aangebode of uitnodiging-artikels is.

Dit is in hierdie kommentaarkolomme waarin, by uitstek, aspekte van die samelewing geanaliseer word op 'n toeganklike wyse. Onderliggende sosio-politiese teorieë en die filosofiese aannames daarvan word nie hier beredeneer nie; eerder word argumente kort, pront-uit, dog (meestal) stylvol gestel - teenoor sekere standpunte en ten gunste van ander opinies. Op hierdie manier kry die leser, wat nie op hoogte hoef te wees van by die totale verskeidenheid ekonomiese benaderings nie, toegang tot ingeligte standpuntstelling en debat. Deur hierdie kolomme oor tyd heen te volg en die verskeidenheid opinies - ook teenoorsaande sienings - te evalueer, vind lesers hulself later *bewustelik* meer aangetrokke tot sekere breë opinie-"bondels"¹², gebaseer op die leser se eie waardes. Laasgenoemde sal in die geval van die predikant gevormde en ingeligte Christelike, Bybelse, teologiese en verbandhoudende waardes insluit, wat sal uitkristalliseer in sienswyses wat in die openbaar gestel word. Hoe meer hierdie openbare standpuntstelling gevoed is deur die skrywes van 'n hele reeks kommentators, des te meer stel predikante hulself veilig teen onbeholpe samelewingsanalises en die daarmee gepaardgaande waargenome irrelevantheid. Om terug te keer tot die skrywers van kommentaarartikels: dit verg 'n sekere tipe persoon om die hoofartikel of ander opiniestukke te behartig. Die skrywer moet op hoogte van sake wees, en moet heersende menings en partye beide kan onderteun en kritiseer (vgl. Vosloo 1982: 19, 20; Lombaard 1990: 71-74 lys ook 'n aantal vereistes wat aan koerantredakteurs en/of kommentaarartikelskrywers gestel word). Dit is juis hierdie ingeligte, onafhanklike tipe denke wat kommentaarartikels by uitstek 'n bruikbare instrument maak in die hand van 'n predikant wat sy/haar boodskap reëlreg wil rig op die sosiale omstandighede waarbinne gemeentelede leef. Weliswaar behoort kommentaarartikels nie goedsmoeds nagepraat te word nie. Geïnterpreteer deur die bril van die prediker se eie (geloofs-, persoonlike

¹² Hiermee word bedoel 'n min of meer logies samehangende reeks opinies oor 'n verskeidenheid van sake. Die samehang van die opinies word moontlik gemaak deur onderliggende waardes. Ideaal gesien, sal al 'n mens se opinies logies verband hou met mekaar, en sal daar nooit teenstrydighede wees nie. Menslik gesproke is daar egter heelwat inkonsekwentehede, weens 'n reeks onderliggende waardes - en ook emosies - wat dikwels onondersoek bly en net implisiet in opinies en houdings na vore kom.

- en intellektuele) geskiedenis, in die lig van die betrokke gemeente se geskiedenis, maak dit uitsprake oor die samelewing moontlik wat meer getoets, oorwoë en ingelig is. Natuurlik kan ook veel geleer word oor 'n samelewing deur die *tipe koerante* wat in 'n gemeenskap beskikbaar is¹³. Ook kan goeie insig verkry word uit 'n *spesifieke koerant* se inhoud in verband met dié sake wat koerantskrywers en -lesers (in indirekte interaksie) belangrik¹⁴ ag. Maar vir die mees uitgesproke beeld van die ratwerk van 'n samelewing/gemeenskap, bied die *kommentaarkolomme* wat in die pers in den breë aangebied word, die meeste waarde. Hieruit kan 'n mens die sosiale omgewing leer ken: tendense, gebeure, agtergrond, houdings, ens., in die verlede, hede en toekoms¹⁵. Wat meer is, in dié kolomme word nie net sogenaamde koue, kliniese feite aangebied nie; wat daarvan *gemaak* kan word, word veral hier ingesluit. *Singewing* staan voorop¹⁶.

Praktiese oorwegings - soos koste en die beperkte beskikbaarheid van 'n wye verskeidenheid koerante - het in die verlede die lees van verskillende kommentaarkolomme deur 'n individu bemoeilik. Dit was te meer die geval met individue, soos predikante, wat dikwels nie in groot stedelike sentra werk nie. Moderne tegnologie maak egter hierdie artikels nou meer toeganklik. Die rekenaar en internet speel hierin 'n groot rol (kyk bv. die werk van die Kanadese sistematikus Lochhead 1997, veral pp 42-54, en sy literatuurverwysings op pp 107-110). Met die internet

¹³ Dit verg bv. 'n gevestigde industriële en finansiële sektor om 'n koerant met oorwegend ekonomiese nuus lewensvatbaar te maak; 'n groot aantal skandaalblaie sê ook iets oor die samelewing wat dit finansiële dra.

¹⁴ "Belangrikheid" word in die nuusmedia deur middel van die tegniese term "nuuswaardigheid" aangedui. De Beer (1977:39-40; cf. 40-75) sistematiseer nuuswaardigheid tot twee dimensies, te wete *afstand* (waargenome nabyheid van nuusgebeure, insluitend beide tyd en ruimte) en *intensiteit* (invloed, omvang en die ongewoonheid van nuusgebeure). Dieselfde kenmerke speel 'n rol in die bevordering van aktuele prediking: preke wat naby aan die hoorder se leeftyd en leefruimte kom, en wat daarby die potensiaal tot groot invloed het, sal as relevant waargeneem word. Preke wat sigself skuldig maak aan die teenoorgestelde, sal daarenteen as irrelevant beleef word. Sulke irrelevant kommentariëring word soms in die Amerikaanse kommentaarjoernalistiek " *Afghanistanisme* " genoem: slegs sake wat ver genoeg van die kommentator en lesers verwyder is, en dus "veilig" is, word aangeraak, sodat geen persoonlike konsekwensies daaruit spruit nie. Preke wat hulself aan " *Afghanistanisme* " skuldig maak sal eweneens lewensvreemd voorkom.

¹⁵ Insake spesifiek die toekoms, merk De Klerk 1983:11-12 op dat die pers dikwels 'n voorloper met sosiale (r)evolusie is.

¹⁶ Die teologiese parallel hierop is ooglopend.

wat tans 'n al hoe meer noodsaaklike hulpmiddel word, kan predikante gemaklik toegang kry tot verskillende koerante se inhoud, insluitend die kommentaarartikels - ook internasionaal. Twee Suid-Afrikaanse internet soekprogramme¹⁷ wat in hierdie verband 'n vertrekpunt bied, is die volgende: <http://www.gogga.ru.ac.za> en <http://www.fanagalo.co.za>. Hiervandaan kan die meeste van die groot plaaslike dag- en weekblaaie se internet-tuisblaaie besoek word, van waar die redaksionele en ander kommentaarartikels gevind kan word.

Laastens: naas koerante kan nuustydskrifte soos *Time*, *Newsweek*, en plaaslik, *Insig*, *Die Suid-Afrikaan*, en *Noseweek* ook met vrug geraadpleeg word vir kommentaar- en agtergrondrubrieke, omdat sulke nuustydskrifte groot dele van hul inhoud afstaan aan aktuele agtergrond- en kommentaarstukke. Hoewel ander nuusmedia ook met vrug gebruik kan word, het die gedrukte nuusmedia (naas die elektroniese media: radio, televisie en internet-nuusdienste) oor die afgelope dekades al hoe meer die leiding geneem met spesifiek kommentaarjoernalistiek¹⁸. 'n Medium wat gelees word, eerder as geluister of gekyk word, leen sigself naamlik meer tot beredeneerde argumentvoering en gedetailleerde uiteensettings. Ook hierdie bronne kan dus met vrug, verkieslik oor 'n lang tydperk heen, en verkieslik naas mekaar, aangewend word om die wêreld waarin die Woord gebring word, beter te begryp.

KERK EN KOERANT: VRIEND OF VYAND?

Die probleem van die beskikbaarheid van kommentaarjoernalistiek aan 'n individu sal oor die volgende paar jaar met hulpmiddels soos die internet so goed soos opgelos word. Dit waarborg egter nog nie dat predikers die perswese al hoe meer sal aanwend ten bate van relevante prediking nie. Die rede hiervoor is 'n reeks persepsies en houdings omtrent die joernalistiek wat dikwels onder predikante (onder andere) gevind word. Hierdie meerendeels negatiewe instelling veroorsaak dat die pers óf swak geag word óf min of meer geignoreer word as 'n positiewe invloed op predikante se preekvoorbereiding. Hierdie en aanverwante

¹⁷ My dank aan die samestellers van twee internet-tuisblaaie wat vertalings van Engelse rekenaarverwante terme, in dié geval van die frase "search engine", voorstel:

* <http://www.afrikaans.com/index6.html#Rekenaarterminologie>, en

* <http://www.geocities.com/Wellesley/5897/le06.html>.

¹⁸ Bluck 1989:55-56 lys die voor- en nadele van die verskillende massamedia (internet egter nog uitgesluit).

sake word vervolgens in oënskou geneem.

(i) *Predikers se houdings jeens die pers*

Die funksionele aanwending van die pers in o.a. preke word dikwels belemmer daardeur dat predikante en teoloë tradisioneel redelik negatief teenoor die pers staan¹⁹. Dié houding gaan daarmee gepaard dat:

* volgens populêre meningspeilings, joernaliste in vergelyking met ander professionele persone (vgl. De Klerk 1983:6-8) oor die algemeen nie 'n hoë geloofwaardigheid in die samelewing geniet nie;

* wat betref die kleiner samelewingsfeer van die kerk, word die verhouding ook geskaad daardeur dat die pers dikwels kerksake op onverantwoordbare wyses rapporteer, of bloot foute maak met tegniese terme uit die kerklike wêreld (kyk Froneman 1989:205-206 vir voorbeelde);

* daarmee saam gaan ook die gegewene dat die joernalistiek nie daaglik/weeklik akademiese werke probeer lewer nie²⁰, terwyl predikante met minstens twee grade - soos wat dit die geval in die meeste Afrikaanstalige kerke is - van nature meer op hulle gemak met beredeneerde en genoteerde akademiese werke sal wees (vgl. bv. Du Toit 1992:4 kol. 2).

* Verder is dit nie altyd die *inhoud* van berigte nie, maar wel die wyse van *aanbieding* wat moeilik pas binne die ideale waaraan predikante hulself verbonde voel²¹.

Bo en behalwe hierdie vier faktore, is daar ook minstens 'n drietal ander sake wat 'n rol speel in hierdie dikwels negatiewe persepsie van die pers

¹⁹ Predikante sien die massamedia óf as "the new Moloch, the modern idol to which faith, truth and human values are being sacrificed" óf as "a powerful and theologically neutral instrument ... to communicate Christian truth to millions ..." (Forrester 1993:67). Kyk ook Ebersöhn 1982:1-9; De Klerk 1982:7; Pieterse 1988:26-31; Vorster 1995:444, 452-455, 462.

²⁰ Bydraend hiertoe is onder andere die volgende twee faktore: die tydsdruk waaronder joernaliste verkeer, asook die skryfstyl-vereistes van die joernalistieke genre en subgenres (wat na vore kom selfs wanneer joernaliste meer onwattende publikasies lewer - kyk Tomaselli 1995:62).

²¹ So bv. skryf Du Toit (1992:4 kol. 1): "Dit beteken natuurlik nie dat die waarheid (in koerante) verswyg moet word nie, maar wel dat dit in liefde gepraat word, soos die Bybel van ons vra". Dié tipe redenasie laat egter buite rekening dat dele van die Bybel self erg krities, en "liefdelees" so, staan teenoor partye van wie verskil word. Vergelyk byvoorbeeld die verskillende blikke wat op die instelling van die koningskap in die Ou Testament gebied word.

onder predikante, elk waarvan effens meer aandag verlang:
(ii) *Hoor die blye tyding...*

Predikante is daarop ingestel is om die evangelie - die *gocie nuus* - te verkondig, terwyl 'n mens by uitstek *slegte nuus* in koerante vind (vgl. ook De Klerk 1982:7). Kritiek teen die meestal slegte nuus in koerante word daarom keer op keer in uitsprake - ook van buite die kerk - oor die nuusmedia gevind.

Die nuusmedia kan sigself egter met reg teen bostaande kritiekpunte verdedig deur aanspraak te maak op die waghond-funksie (ook genoem die *fourth estate*) wat nuusinstellings binne 'n dinamiese demokrasie vervul. Die nuusmedia vervul nl. dié rol dat dit regeringsinstellings (wetgewend, regsprekend en uitvoerend) onder die vergrootglas beskou ter wille daarvan om die samelewing teen misbruike van gesag te beskerm (kyk o.a. Hulteng & Nelson 1983:74ff). 'n Kritiese instelling jeens hierdie gesagsliggame in die samelewing is dus 'n inherente deel van die pers se identiteit - iets wat in Afrikaanssprekende kringe, wat volgens populêre opinie gesag eerder respekteer as bevraagteken, dikwels op sigself alreeds moeilik aanvaarbaar is. Daarmee saam word die antwoord op die "alleen slegte nuus"-aanklag gewoonlik vanuit perskringe beantwoord met die gedagte dat slegte nuus nie deur die media geskep word nie; die media reflekteer gewoon die negatiewe gebeure in die samelewing. Die implikasie van hierdie rapportering is dat daar dan stappe geneem sal word deur individue/instansies in die samelewing om hierdie sake te probeer regstel. Die nuusmedia help dus die samelewing om sigself te verbeter, en vervul dus in dié opsig 'n "wasbalie"-funksie.

Die gedagte wat aan die grond van dié roltoekenning lê is die volgende: die drie bene van die moderne staat - wetgewend, uitvoerend en regsprekend - het geen absoluut betroubare ingeboude kontrole wat die burgers beskerm teen magsmisbruik deur die regering van die dag nie. Selfs met 'n grondwet en handves van menseregte wat daarop gemik is om die publiek teen die staat (en, in sekere demokrasieë, teen mekaar) te beskerm, kan die landsburger nie self te wete kom hoedat wanadministrasie, wangedrag en ander ewels hom/haar benadeel nie. Die taak van die pers is dus nie om te rapporteer wat *aangaan* nie, maar

wat *verkeerd gaan* (Beckett 1994:3). Op dié manier vervul die pers dus 'n edel, selfs 'n profetiese rol binne 'n demokratiese samelewing²². Waar die perswese egter soms norme - dit is sowel eie standaarde as verwagtinge van buite die onmiddellike joernalistieke kring - oortree, kan daar natuurlik met reg kritiek uitgespreek word, ook sover dit die interpretasie of singewing van 'n nuusitem aangaan (vgl. Molefe 1994:132-133). As 'n mens egter op Rawlsiaanse wyse²³ moes kies tussen 'n samelewing met 'n ooraktiewe pers en een met 'n onderaktiewe pers, sal die meeste mense waarskynlik eersgenoemde kies. By hierdie profeties-kritiese benadering van die pers kan die prediking met groot vrug aansluit, waarskynlik tans gemakliker as voorheen, nou dat die Afrikaanse kerke nie meer in die bevoorregte magposisie van vroeër staan nie.

Behalwe vir dié "edele" motief, is daar ook verbandhoudend daarmee marketgerigte redes waarom slegte nuus "goeie nuus" is: "That's the trouble with all the 'give us good news' demands the people are constantly making of the press. People might think they want good news and say they want good news, but what they actually read is bad news. Bad news is crisp; good news is dull... It's not that editors are ghouls; it's that people are more gripped by a snake striking than by a doe grazing." (Beckett 1994:4).

(iii) "...mens moet net waarheid se..."²⁴

Dan is daar ook die objektiwiteitsideaal waaraan predikante - soos tewens die grootste deel van die samelewing - hulself verbonde voel. Enersyds is dié objektiwiteitsideaal egter onmoontlik: die beperkinge van tyd en spasie in die joernalistieke prosesse, die eienskappe van taal, die menslike beperktheid van nuusskrywers, -redakteurs en -lesers, en dies meer, maak 'n verthoewtheid bo menslike invloed op "slegs wat gebeur het" 'n blote

²² Vir 'n opsomming van teorieë oor en kritiek op die massamedia, kyk Jansen 1989 en Jansen & Steinberg 1991. Vir 'n opsomming van die etiese dilemmas wat saamhang met die perswese, kyk Froneman & De Beer 1993:249-268, ook Molefe 1994:129-134. Kyk Nel 1994:205-206 (ook 212-217) vir 'n kort opsomming van etiese benaderings binne die joernalistiek. De Klerk (1983:10-11) lys die pers se paradoksale etiese norme en riskante optrede. Kyk Bluck 1989:44-51 vir 'n opsomming van sieninge oor die invloed van die media.

²³ Die regsfilosoof John Rawls het die volgende model voorgestel om by die mees regverdige samelewing moontlik uit te kom: gestel 'n mens sou nie weet wie jy in die samelewing gaan wees nie, en jy het dan 'n aandeel in die skepping van daardie samelewing voordat jy deel daarvan word, sal jy 'n samelewing daarstel waarin by verre die meeste mense 'n redelike veilige bestaan kan voer. Kyk bv. Rawls 1972; veral pp 11-13 bied 'n eenvoudige verduideliking van sy teorie.

²⁴ Aanhaling uit *In simplicate cordis*, NP van Wyk Louw, in *Tristia* 1962:24.

droombeeld (geïnspireer deur 'n veelheid van antiek-Griekse en modernistiese filosofiese oorwegings). Andersyds is só 'n kliniese objektiwiteitsideaal ook onwenslik, want dit is onmenslik: om slegs "feite" te hanteer sonder om die implikasies en toepassingswaardes daarvan eksplisiet uit te lig, is funksieversaking, en mense sal daaronder ly (vgl. Lombaard 1990:12-75). Niemand het beter toegang tot hierdie interpretasiemoontlikhede as die joernalis self nie, en dié moontlikhede is net soveel deel van die werklikheid as die "feite". Die "feite" alleen is dus slegs die halwe waarheid. Die werklikheid behels méér. (Om kortweg 'n voorbeeld te gee: "Huis sak weg in sinkgat" is feitlike, "harte" nuus. Gerugte dat streksoewerhede al 'n tyd lank vermoedens hieroor geheim hou, is egter net so belangrik, en so-ook die voortgaande mynbedrywighede in die omgewing. Al is lg. twee sake minder openlik en meer spekulatief van aard as die aanvanklike tragedie, moet dit uitgewys word, want politieke verantwoordelikheid en menselewens - beide konkrete sake! - is op die spel.)

Met die kliniese objektiwiteitsideaal as beide onbereikbaar en onwenslik gestel, is "onpartydigheid" ook nie 'n realistiese verwagting om op die nuusmedia te plaas nie (vgl. o.a. Eldridge 1993:148ff). "Koerante is betogende instellings en nie neutrale instellings nie" (De Klerk 1983:7); "koerante (is) draers van 'n bepaalde boodskap" (Vosloo 1982:16); 'n koerant is 'n instelling wat "sy heginsel-sê sê" (De Klerk 1982:7) - heginsels wat "gekoppel is aan bepaalde politieke en samelewingstandpunte" (Vosloo 1982:18). Hierdie "koninkryksroeping" (De Klerk 1982:7) of "roepingsbewustheid" (Vosloo 1982:18) verskaf 'n raamwerk vir die bepaalde koerant se verslaggewing. "Geen koerant ... is neutraal nie" (De Klerk 1983:8). Geen koerant durf sigself ook as neutraal uitgee as dit eerlik wil wees met die leserspubliek nie. En geen koerant durf sigself as objektief uitgee as dit sy rol ernstig opneem nie. Openlikheid oor waar 'n koerant, die eienaars daarvan en die skrywers daarin se simpatieë lê, is egter broodnodig. Bekendheid met hierdie voorkeur-belange van 'n koerant sal ook die gebruikswaarde daarvan vir predikers verhoog: wedersyds gedeelde én uiteenlopende waardes is in die oopte. Verdere interpretasie en singewing kan nou vanuit Bybels-teologiese hoek geskied.

(iv) Persvryheid

Gepaardgaande met verskillende benaderings tot die rol van die pers, blyk teoloe en joernaliste ook verskillende opvattinge rondom die konsep

vryheid van die pers te hê. 'n Voorbeeld van elk sal dié verskille duidelik maak. Ter aanvang, die siening van 'n teoloog (Du Toit 1992:4 kol. 2):

- "Venynige en onophoudelike kritiek, die skromelike skending van mense se privaatheid, die vooruitloop van demokratiese en geregtelike prosesse, blatante sensasionalisme en ander verskynsels word die kenmerke van die sogenaamde 'vrye pers'."

Hier skimp die term "vrye pers" op iets soos 'n bandelose pers. Stel dit byvoorbeeld teenoor die volgende aanhaling uit 'n satiriese kommentaarkolom van 'n joernalis (Bullard 1998:2):

- "Do we have a right to know these things and to pry into a public figure's private life? The answer is a resounding yes. Politicians delight in our adulation and we are expected to turn up and applaud them at political rallies or ... hang on to their every word during television news broadcasts. They are not shy to tell us how to live our lives and to claim that they represent family values, honesty, integrity and all those good wholesome things. So, when we find out that their own sordid lives are rather removed from what they expect from the rest of us, we have every reason to crow and bay for blood".

In hierdie denkllyn verteenwoordig die "vrye pers"-gedagte die idee dat die pers 'n waghond-funksie jeens maghebbers namens die samelewing in den breë het. Anders gestel: 'n gesonde demokrasie huisves 'n gesonde pers (vgl. ook De Klerk 1990:232).

Vir die kerk en predikante om volle nut te put uit die joernalistieke genres, is groter waardering vir die rol en selfbeeld van die pers nodig²⁸

SLOT

Op verskillende tye kom kerk en pers in konflik (Froneman 1989:1-5), en vir 'n verskeidenheid van redes. Vir kerk en koerant om mekaar se ja-broers te wees, is hoogs ongesond vir beide hierdie samelewingsinstellings en vir die samelewing as geheel. Miskien is die beste formulering van die algemene verhouding tussen kerk en pers, minstens soos wat dit binne die Afrikaanssprekende gemeenskap ontwikkel het, steeds "onafhanklikheid-in-gebondenheid, vriendskap-in-spanning" (Pienaar

²⁸ De Klerk 1982:7 skryf: "Die kerk moet ook begrip en beheersing hê van die taal van die koerantmedium."

1979:130-131).

Dat hierdie twee "samelewingsverbande"²⁶ op verskillende wyses oorvleuel, staan tans vas. Dit is juis hierdie oorvleueling wat dit moontlik maak vir die kerk om die pers aan te wend; meer spesifiek gestel: vir predikers om die kommentaarkolomme aan te wend ten behoeve van kontekstuele prediking. Dit is juis oorvleueling, parallele, analogieë tussen die antieke wêreld - gereflekteer in die Bybelse tekste - en óns wêreld - gereflekteer in o.a. kommentaarjoernalistiek - wat kontekstuele, kontekstsensitiewe prediking hoegenaamd moontlik maak²⁷. Die hulpmiddels vir die lees van die *antieke tekste* in hul ontstaanswêreld is goed bekend aan predikante in die Afrikaanstalige kerke. Naas 'n reeks ander moontlikhede wat predikante kan aanwend om beter insig in die *moderne wêreld*, hulle arbeidsmilieu te verkry, bied kommentaarjoernalistiek ook 'n bruikbare instrument daarvoor.

Die valse sosio-politieke sekerhede wat soms van preekstoel af verkondig word (vgl. Stott 1982:169-170 & Van Niekerk 1993:67-73) sal bes moontlik getemper word daardeur dat predikers via die kommentaarkolomme van koerante aan 'n veelheid kompeterende - en soms ewe aantreklike, hoewel weersprekende - interpretasies blootgestel word. Die kompleksiteit van sake sal nie meer so maklik misgekyk kan word nie. Daarmee saam sal die wyse van kommunikasie in die prediking ook beïnvloed word: eerder as dat finale *antwoorde* van die preekstoel af verskaf word, sal die *interaksie* tussen God, mens en wêreld eerder in preke aan die orde gestel word. "Communication is about *negotiating* messages, not *transmitting* meanings" (Bluck 1989:3, klem toegevoeg)²⁸ Waar Afrikaanse preke tydens politieke verskuiwingstydperke te dikwels nê die sake van die dag aangeraak het nie (vgl. Cilliers 1996:3-4, 11; Cilliers 1994:1-13; Pieterse & Theron 1994:141-142, 153-154), kon die kommentaarjoernalistiek dit uit sy wesensaard wel doen²⁹. Die verantwoordelikheid lê tans by predikers om hierdie leermeesters hierdie

²⁶ JA Heyns se term; kyk veral Heyns 1986.

²⁷ "... der Text selber ist unter geschichtlichen Verhältnissen hervorgebracht worden, und die Interpretation des Textes wird unter gegebenen historischen Verhältnissen hervorgebracht" (Deist 1983b:38). Kretzschmar 1986:73 gee 'n nuttige grafiese voorstelling van hierdie proses.

²⁸ Kyk ook Bluck (1989:3-24) se hantering van J Fiske se onderskeid tussen kommunikasie as 'n starre proses en kommunikasie as 'n uitruil van betekenis. Dié onderskeid kan saamgevat word met die Afrikaanse woordspel-onderskeid tussen 'n *mededeling* en *mede-deling* van betekenis.

²⁹ Selfs al het dit soms ook 'n leerproses in kleiner streekskoerante geveg - vgl. Jansen 1995:210-211.

kuns te gaan afvra. Die pers by uitstek bied insiggewende analises op toeganklike wyse aan die leserspubliek. Om nie hierdie hulpbron, of 'n ander hulpbron wat soortgelyk kan funksioneer, te gebruik nie, is om die saak van kontekstuele prediking skade aan te doen. Gebrek aan kontekstuele prediking impliseer op sy beurt die teenoorgestelde van 'n belydenis wat aan die hart van die Gereformeerde teologie lê: dat die Bybel die lewende Woord van die lewende God is.

BIBLIOGRAFIE

- ALHADEFF, V 1976: *A newspaper history of South Africa*. Cape Town: Don Nelson.
- ARGUS 1989: *The Argus book of press photographs*. Cape Town: Struikhof Publishers.
- ASKES, H Enkele opmerkings oor die hedendaagse prediking en prediker in die susterkerke soos gesien deur die bril van 'n gewone lidmaat, *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* XXXI/3, 1990: 452-463.
- BARTH, K & THURNEYSSEN, E: 1973: *Briefwechsel*, Vol. 1: 1913-1921. Zürich: Karl Barth-Gesamtausgabe V, 1973.
- BECKETT, D When it's good, it's really bad, in NEL, F 1994: *Writing for the media*. Halfway House: Southern Book Publishers, pp 3-5.
- BLUCK, J 1989: *Christian communication considered*. Geneva: WCC Publications.
- BULLARD, D Oh for an honestly naughty politician with a decent housing policy (Sunday satire: Out to lunch), *Sunday Times Business Times*, February 15 1998, p 2.
- BURD, G Newspaper reporting and sociological techniques, *Equid Novi* 8/2, 1987: 85-102.
